



Die versoeking van Jesus volgens Hebreërs 2:18 en 4:15: ’n Eksegetiese studie

S.B. van der Westhuizen



orcid.org/0009-0001-6007-0313

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister
Theologiae* in Nuwe Testament aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof AJ Coetsee

Gradeplegtigheid: Junie 2026

VOORWOORD

Verskeie persone het bygedra daartoe dat ek hierdie studie kon voltooi. Baie het aangemoedig, bemoedig, raad gegee en my aangespoor. Ek wens ek kan almal op die naam noem, maar graag sonder ek die volgende persone uit:

- Alle eer en dank aan ons Drie-enige God. Dit is 'n genadegawe om 'n studie oor ons Here Jesus te kan doen. Ek is dankbaar dat die Here die gawes, geleentheid, middele en volharding aan my gegee het om hierdie studie te voltooi. Sonder Hom is niks moontlik nie.
- Ek sê dankie aan my vrou, Carike. Dankie vir jou luisterende oor wanneer ek lukraak hardop begin worstel het oor hierdie onderwerp of oor die Griekse werkwoord *πειράζω*. Ek weet hierdie studie was nie net vir my uitdagend om deur te sien nie. Jy het saam met my geworstel in my poging om hierdie studie klaar te maak. Dankie vir die ruimte en begrip wat jy my gegun het terwyl ek aan hierdie studie gewerk het. Ek waardeer jou en is lief vir jou.
- Ek sê baie dankie vir my ouers (Hardus en Maryke van der Westhuizen) en skoonouers (Danie en Soanet Booyens). Dankie vir julle liefde, aanmoediging, belangstelling en ondersteuning. Julle aanmoediging en belangstelling in hierdie studie het my keer op keer aangespoor om dit af te handel. Dankie vir julle emosionele en finansiële ondersteuning en liefde. Ek is besonders geseënd om julle te hê en sal altyd dankbaar wees.
- Dankie aan my studieleier, Prof. Albert Coetsee. Ek is dankbaar vir die wyse waarop die Here ook jou in my lewe gebruik het. Vanaf die eerste ontmoeting in die klaskamer tot en met die voltooiing van hierdie studie is jy 'n fenomenale dosent en studieleier. Jy het al baie diep spore met navorsing oor Hebreërs getrap, maar ook in my vorming. Ek dank die Here vir jou toewyding, deeglike kommentaar, dissipline en geduld.
- Dankie aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die beurs wat aan my toegeken is en wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie.
- Dankie aan my familie, vriende en kollegas in die bediening. Ek het dikwels gevoel ek gaan nie hierdie studie kan voltooi terwyl ek in die bediening staan nie. Julle het my aangespoor, hulpbronne verskaf, en dinge dikwels in perspektief kom stel.
- Dankie aan Tannie Hester Lombard en die biblioteekpersoneel by die NWU. Ek is baie dankbaar vir al u ondersteuning met betrekking tot die opspoor van bronne. Julle begeleiding en bereidwilligheid was van groot bydrae in die voltooiing van hierdie studie.

- Dankie aan Gereformeerde Kerk Ermelo vir julle ondersteuning en liefde. Ek is dankbaar daarvoor dat ek tydens hierdie studie saam met julle in die geloof gegroei het soos wat ons ook 'n reeks Bybelstudies vanuit Hebreërs oor twee jaar kon doen.
- Baie dankie aan Petra Gainsford met betrekking tot die tegniese versorging asook Christien Terblanche met betrekking tot die taalversorging van hierdie dokument. Julle insette het tot 'n netjiese afgeronde eindproduk gelei.

OPSOMMING

Op grond van die Skrif bely die kerk dat Jesus Christus tegelykertyd God en mens is. In Hebreërs 2:18 en 4:15 noem die Hebreërskrywer dat Hy in alle opsigte soos sondaarmense versoek is. Die vraag is: Kan Jesus Christus as volkome God en volkome sondelose mens in alle opsigte soos sondaarmense versoek of beproef (vanaf die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) word?

Dit is moeilik om die vraag te antwoord aangesien daar in die bestaande navorsing onsekerheid oor die betekenis van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 heers. Baie akademici veronderstel bloot dat die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 op Jesus se versoeking dui. Ander akademici veronderstel dat die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 op Jesus se beproewing dui. Hierdie onsekerheid heers aangesien beide “versoek” en “beproof” binne die semantiese betekenisveld van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ val. Beide betekenis van hierdie woord is teologies korrek. Die vraag is egter wat die outeursbedoeling met die gebruik van die woord in die Hebreërpreek was. Hierdie studie het onderneem om sekerheid rakende die betekenis van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 te bring.

Hierdie studie is verdeel in ses hoofstukke, waarvan Hoofstuk 1 as inleiding dien. Hoofstuk 2 fokus op die sogenaamde inleidingsvrae van die Hebreërpreek. Hoofstuk 3 fokus op die identiteit van Jesus in Hebreërs. Hoofstuk 4 ontgin die betekenismoontlikhede van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$, en waar van toepassing, die verwante selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$, oor ’n breë spektrum van literatuur. Hoofstuk 5 doen ’n eksegetiese ondersoek na die bepaalde perikope in die Hebreërpreek waarbinne die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem voorkom. Hoofstuk 6 bespreek die resultate.

Die resultaat van die studie dui op die volgende vertalings van die twee verse wat sentraal staan tot die ondersoek: Hebreërs 2:18: “Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek is, is Hy in staat om die wat versoek word te help,” en Hebreërs 4:15: “Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie in staat is om simpatie met ons swakhede te kan hê nie, maar Een sonder sonde, wat soortgelyk aan ons, in alle opsigte versoek is”. Die outeursbedoeling met die gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs was nie om ’n tematiese teologie van beproewing daar te stel nie. Die betekenis met verwysing na Jesus dui op versoeking. Jesus se versoeking wat in alle opsigte soos ander mense is, dui nie op identiese versoekinge in elke opsig nie. Dit dui daarop dat Jesus in alle opsigte mens geword het soos ander mense. Daar is uitsonderings rakende Jesus se versoeking, naamlik dat Hy sondeloos is en sondelose begeertes het. Daar is volgens Hebreërs ook uitsonderings rakende Jesus se menswees: Hy is ook God, Hy besit onvernietigbare lewe, Hy het uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar.

Hierdie studie dra by tot die veld van Nuwe-Testamentiese teologie deur die betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in bestaande literatuur uit te lig, 'n beter verstaan van Jesus se identiteit in die Hebreërpreek te kry, en die belangrikste van alles, om die outeursbedoeling met die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 te ondersoek om te verstaan hoe Jesus in alle opsigte soos mense versoek is.

Sleuteltermes: Hebreërs 2:18; Hebreërs 4:15; $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$; $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$; Jesus; Hebreërs; Hebreërpreek; alle opsigte ($\kappa\alpha\tau\grave{\alpha}\ \pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$); versoek; beproef.

LYS VAN AFKORTINGS

AFR1933/53	Afrikaanse Bybelvertaling (uitgegee in 1933 en hersien tot 1953)
AFR1983/92	Afrikaanse Bybelvertaling (uitgegee in 1983 en hersien tot 1992)
AFR2020	Afrikaans Vertaling (uitgegee in 2020)
ASV	American Standard Version
BDAG	A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature
DBL	Dictionary of Biblical Languages with semantic domains: Hebrew (Old Testament)
ESV	English Standard Version
GELNT	Greek-English Lexicon of the New Testament
KJV	King James Version
LTW	Lexham Theological Wordbook
LSJ	A Greek-English lexicon
LXX	Septuagint
TDNT	Theological Dictionary of the New Testament.
TLOT	Theological Lexicon of the Old Testament
PLGNT	Pocket Lexicon of the Greek New Testament
SNT	Synonyms of the New Testament
MT	Masoretiese Tekst
NET	New English Translation
NIDNTTE	New International Dictionary of New Testament Theology and Exegesis
NIDOTTE	New International Dictionary of the Old Testament Theology and Exegesis
NIV	New International Version
NKJV	New King James Version

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	I
OPSOMMING	III
LYS VAN AFKORTINGS	V
HOOFSTUK 1 INLEIDING	1
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Die voorkoms en betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament	1
1.2.1 Die voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament.....	1
1.2.2 Die voorlopige betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament.....	2
1.2.3 Die voorkoms en betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs.....	3
1.2.4 'n Nadere verklaring van elke voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs	4
1.2.5 Die vraagstuk oor die voorkoms en gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15	7
1.3 Probleemstelling.....	11
1.3.1 Die fokus van die studie.....	12
1.3.2 Sentrale navorsingsvraag	13
1.3.3 Doelwit en doelstelling	13
1.4 Sentrale teoretiese argument	14
1.5 Metodologie	14
HOOFSTUK 2 INLEIDINGSVRAE VAN DIE BOEK HEBREËRS	18
2.1 Inleiding.....	18
2.2 Skrywer	18

2.3	Geadresseerdes.....	19
2.3.1	Inleiding.....	19
2.3.2	Geskiedenis.....	19
2.3.3	Identiteit.....	21
2.3.4	Datering.....	22
2.3.5	Ligging (eindbestemming van die Hebreërboek).....	24
2.4	Genre	26
2.5	Struktuur	27
2.6	Doel	29
2.7	Gevolgtrekking	31
 HOOFSTUK 3 DIE BEGRIP ΠΕΡΙΛΑΖΩ MET BETREKKING TOT DIE TWEE NATURE		
	VAN JESUS CHRISTUS IN HEBREËRS.....	32
3.1	Inleiding.....	32
3.2	Jesus Christus as volkome God en volkome mens	33
3.2.1	Jesus as volkome mens	33
3.2.2	Jesus as volkome God	33
3.3	Jesus Christus se eienskappe.....	35
3.3.1	Jesus is ewig	35
3.3.2	Jesus is onveranderlik	35
3.3.3	Jesus het die heerlikheid van God	37
3.3.4	Jesus is sonder sonde (χωρὶς ἁμαρτίας).....	38
3.3.5	Jesus is barmhartig en het medelye met mense	38
3.3.6	Jesus is getrou (πιστός)	39

3.4	Jesus Christus se ampte	40
3.4.1	Jesus Christus as priester (ἱερεύς) en hoëpriester (ἀρχιερεύς)	40
3.4.2	Jesus Christus as koning (βασιλεύς)	40
3.4.3	Jesus Christus as profeet (προφήτης).....	41
3.4.4	Jesus Christus as apostel (ἀπόστολος)	43
3.5	Jesus Christus se name en beskrywings	43
3.5.1	Jesus (Ἰησοῦς)	43
3.5.2	Christus (Χριστός)	43
3.5.3	Seun (υἱός) of Seun van God (υἱὸς τοῦ θεοῦ)	44
3.5.4	Eersgeborene (πρωτότοκος)	44
3.5.5	Middelaar (μεσίτης).....	44
3.5.6	Borg (ἔγγυος)	45
3.5.7	Leidsman (ἀρχηγός)	45
3.5.8	Voorloper (πρόδρομος)	46
3.5.9	Here (ὁ Κύριος).....	47
3.5.10	Voleinder (τελειωτής)	47
3.5.11	Groot Herder (μέγας ποιμήν).....	47
3.6	Jesus Christus se werke	48
3.6.1	Jesus se werke in verband met die skepping.....	48
3.6.2	Jesus se werke in verband met onderhouding van die skepping	48
3.6.3	Jesus se werke in verband met die voleinding	49
3.6.4	Jesus se werke in verband met verlossing en versoening	50

3.6.5	Jesus se werke in verband met kommunikasie	51
3.7	Gevolgtrekking: Die implikasies van Jesus se twee nature volgens die boek Hebreërs vir die vraag na sy “versoeking/beproeving” (πειράζω).....	54
 HOOFSTUK 4 DIE BETEKENIS VAN ΠΕΙΡΑΖΩ IN ANTIEKE GRIEKSE LITERATUUR, DIE SEPTUAGINT, NUWE TESTAMENT EN VROEË CHRISTELIKE LITERATUUR		
		56
4.1	Inleiding.....	56
4.2	Oorsigtelike betekenismoontlikhede van die werkwoord πειράζω en die verwante selfstandige naamwoord πειρασμός in antieke Griekse literatuur.....	57
4.2.1	πειράζω en πειρασμός se voorkoms in antieke Griekse literatuur	57
4.2.2	πειράζω en πειρασμός in die LXX en in ander Joodse literatuur.....	58
4.2.3	πειράζω en πειρασμός in die Nuwe Testament	64
4.2.4	πειράζω as “n versoeking/verleiding om iemand tot morele boosheid te lok”	72
4.2.5	πειράζω in vroeë Christelike literatuur	74
4.2.6	Gevolgtrekkings: Die betekenis van πειράζω en die verwante selfstandige naamwoord πειρασμός in bogenoemde literatuur.....	75
4.3	Die oorsprong/bron van die werkwoord πειράζω en verwante selfstandige naamwoord πειρασμός in die bogenoemde literatuur	77
4.3.1	Mense as die oorsprong van πειράζω/πειρασμός.....	77
4.3.2	Die begeertes van die mense as oorsprong van πειράζω/πειρασμός	79
4.3.3	Omstandighede as oorsprong van πειράζω/πειρασμός vir die mens	79
4.3.4	Die Satan as oorsprong van πειράζω/πειρασμός.....	80
4.3.5	God as die oorsprong van πειράζω/πειρασμός.....	81

4.3.6	Gevolgtrekkings rakende die verskillende oorspronge van <i>πειράζω/πειρασμός</i>	81
4.4	Gevolgtrekking rakende die voorkoms en gebruik van die <i>πειράζω</i>- lekseem en die invloed daarvan op die verklaring van Hebreërs 2:18 en 4:15.....	82
HOOFSTUK 5 DIE BETEKENIS VAN ΠΕΙΡΑΖΩ IN DIE BOEK HEBREËRS		85
5.1	Inleiding.....	85
5.2	Hebreërs 2:18.....	86
5.2.1	Eie vertaling van Hebreërs 2:5–18.....	86
5.2.2	Plasing en literêre konteks van die perikoop in die Hebreërboek	87
5.2.3	Makrostruktuur van Hebreërs 2:5–18.....	89
5.2.4	Mikrostruktuur van Hebreërs 2:17–18.....	92
5.2.5	Verdere toeligting en bespreking van perikoop	95
5.2.6	Gevolgtrekking aangaande die werkwoord <i>πειράζω</i> in die perikoop	97
5.3	Hebreërs 3:9.....	99
5.3.1	Eie vertaling van Hebreërs 3:7–19.....	99
5.3.2	Plasing en literêre konteks van die perikoop in die Hebreërboek	100
5.3.3	Makrostruktuur van Hebreërs 3:7–19.....	102
5.3.4	Mikrostruktuur van Hebreërs 3:8–9.....	104
5.3.5	Verdere toeligting en bespreking van perikoop	106
5.3.6	Gevolgtrekking aangaande die <i>πειράζω</i> -lekseem in die perikoop	107
5.4	Hebreërs 4:14–16.....	108
5.4.1	Eie vertaling van Hebreërs 4:14–16.....	108
5.4.2	Plasing en literêre konteks van perikoop in die Hebreërboek.....	108

5.4.3	Makrostruktuur van Hebreërs 4:14–16.....	109
5.4.4	Mikrostruktuur van Hebreërs 4:14–15.....	110
5.4.5	Verdere toeligting en bespreking van die perikoop	113
5.4.6	Gevolgtrekking rakende die <i>πειράζω</i> -lekseem in die perikoop	115
5.5	Hebreërs 11:17–19	116
5.5.1	Eie vertaling van Hebreërs 11:17–19.....	116
5.5.2	Plasing en literêre konteks van perikoop in die Hebreërboek.....	116
5.5.3	Makrostruktuur van Hebreërs 11:17–19.....	118
5.5.4	Mikrostruktuur van Hebreërs 11:17	119
5.5.5	Verdere toeligting en bespreking van perikoop	120
5.5.6	Gevolgtrekking aangaande die <i>πειράζω</i> -lekseem in die perikoop	121
5.6	Betekenismoontlikhede van <i>πειράζω</i> in Hebreërs 2:18 en 4:15.....	122
5.7	Gevolgtrekking	123
	HOOFSTUK 6 GEVOLGTREKKING	125
6.1	Inleiding.....	125
6.2	Die literêre geskrif waarbinne die <i>πειράζω</i> -lekseem ontplooi word	125
6.3	Die identiteit van Jesus as die een wat versoeking (<i>πειράζω</i>) beleef.....	126
6.4	Die betekenisraamwerk van die <i>πειράζω</i> -lekseem van toepassing in Hebreërs.....	127
6.5	Die betekenis van Hebreërs 2:18 en 4:15.....	130

LYS VAN TABELLE

Tabel 1-1:	Die plek, vervoeging en vertalingsmoontlikhede van die vyf voorkomste van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die boek Hebreërs	4
Tabel 2-1:	1 Klemens 36.2 en Hebreërs 1:3–4.....	23
Tabel 2-2:	Visuele uitbeelding van drieledige uiteensetting deur Coetsee	28
Tabel 2-3:	Visuele uitbeelding van drieledige uiteensetting deur Westfall	28

LYS VAN GRAFIEKE

Grafiek 1-1:	Voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament	2
--------------	--	---

LYS VAN FIGURE

Figuur 5-1:	Die makrostruktuur van Hebreërs 2:5–18	89
Figuur 5-2:	Mikrostruktuur van Hebreërs 2:17–18	92
Figuur 5-3:	Makrostruktuur van Hebreërs 3:7–19	102
Figuur 5-4:	Mikrostruktuur van Hebreërs 3:8–9	104
Figuur 5-5:	Makrostruktuur van Hebreërs 4:14–16	109
Figure 5-6:	Mikrostruktuur van Hebreërs 4:14–15	110
Figuur 5-7:	Makrostruktuur van Hebreërs 11:17–19	118
Figuur 5-8:	Mikrostruktuur van Hebreërs 11:17	119

HOOFSTUK 1 INLEIDING

1.1 Inleiding


In die boek Hebreërs verwys die Hebreërskrywer op verskeie plekke na die mensheid en godheid van Jesus as deel van sy argument. Die Skrifgedeeltes wat egter primêr vir hierdie studie van belang is, is die Hebreërskrywer se verwysings na die twee nature van Jesus volgens Hebreërs 2:18 en 4:15. Volgens Hebreërs 2:18 en 4:15 verwys die Hebreërskrywer na Jesus se mensheid en godheid wanneer hy beskryf dat Jesus in elke opsig soos mense versoek of beproef is (Jesus is volkome mens) en tog het Hy nooit gesondig nie (Jesus is volkome God). Op grond van hierdie Skrifgedeeltes en ander in die res van die Skrif, bely die kerk dat Jesus Christus tegelykertyd God en mens is.

Kan dit egter moontlik wees dat Jesus, wat volkome God is, in elke opsig soos sondaarmense versoek kon word? Die woord wat gebruik word om die versoeking of beproewing van Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15 te beskryf, is die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$. Om duidelikheid oor die betekenis van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Hebreërkonteks te kry, volg daar eers 'n oorsigtelike woordstudie van hierdie woord. Die bepaling van voorlopige betekenismoontlikhede van hierdie woord sal lig werp op die betekenismoontlikhede volgens die outeursbedoeling in Hebreërs.

1.2 Die voorkoms en betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament

1.2.1 Die voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament

Die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ kom 38 keer in verskillende vervoegings in die Nuwe Testament voor. Die hoogste hoeveelheid verskynings van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in 'n Nuwe-Testamentiese boek is ses keer, en dit is in die evangelie van Matteus. Die tweede hoogste hoeveelheid verskynings is vyf keer, en dit is onderskeidelik in die boeke Handeling en Hebreërs. Wat treffend is van die gebruik van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die boek Hebreërs, is nie die groot hoeveelheid kere wat dit voorkom nie, maar eerder die manier waarop die begrip in die boek gebruik word.



Grafiek 1-1: Voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament

1.2.2 Die voorlopige betekenisemoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament

1.2.2.1 BDAG (2000:792–793)

BDAG (2000:792–793) stel dat die 38 verskynings van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die Nuwe Testament vier betekenisemoontlikhede het:

1. Om 'n poging aan te wend om iets te doen;
2. Om deur beproewing of toetsing die aard of karakter van iets te bepaal;
3. Om 'n poging aan te wend om iemand in 'n lokval in te lei deur byvoorbeeld 'n reeks vrae wat die persoon sal toets; of
4. Om iemand te versoek of uit te lok om deur hierdie weglokking die persoon daartoe te bring om ongeoorloof op te tree.

1.2.2.2 Louw en Nida (1996:774–775)

Louw en Nida (1996:774–775) stem grootliks ooreen met BDAG deur die volgende betekenisemoontlikhede aan die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ toe te skryf soos dit in die Nuwe Testament voorkom:

1. Om te poog om iemand te laat sondig deur daardie persoon in die versoeking in te lei;
2. Om te probeer om iemand in 'n strik te laat trap; of

3. Om iemand deur 'n reeks toetse of beproewinge te toets.

Louw en Nida (1996:774–775) argumenteer dat waar die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in 'n vertaling die betekenis van versoek aanneem, dit in die teikentaal duidelik gemaak moet word of die versoeking van die persoon tot sonde gelei het, en of die versoekte persoon die versoeking suksesvol weerstaan het.

1.2.2.3 LSJ (1951:1354)

$\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ se betekenismoontlikhede word in LSJ (1951:1354) soos volg gedefinieer:

1. Om iemand op die proef te stel;
2. Om 'n poging aan te wend; of
3. Om iemand te verlei of te versoek.

1.2.3 Die voorkoms en betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs

1.2.3.1 'n Oorsig van die verskynings van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs

Die oorsigtelike ondersoek rakende die betekenismoontlikhede van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ bied 'n voorlopige verwysingsraamwerk vir die verstaan van die woord binne die boek Hebreërs. Soos by 1.2.1 genoem, kom die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ vyf keer in Hebreërs voor. Enige van hierdie uiteenlopende betekenismoontlikhede kan van toepassing wees op die vyf instansies. Die onderstaande tabel gee 'n oorsig van die plek waar die werkwoord in Hebreërs voorkom, die vervoeging waarin dit gebruik word, die morfologie van die werkwoord, die 2020-vertaling se vertaling¹ van die werkwoord, en die P/persoon op wie die werkwoord betrekking het.

¹ Die 2020-vertaling sal as basisvertaling in die verhandeling gebruik word tensy anders aangedui. Die *Greek New Testament*, Fifth Revised Edition (Stuttgart, Germany: Deutsche Bibelgesellschaft, 2014) deur Barbara Aland *et al.*, eds., sal as Griekse teks vir Nuwe-Testamentiese Griekse aanhalings gebruik word.

Tabel 1-1: Die plek, vervoeging en vertalingsmoontlikhede van die vyf voorkomste van *πειράζω* in die boek Hebreërs

Voorkoms in Heb.	Vervoeging	Morfologie	Vertaling	Met betrekking tot
Heb. 2:18a	<i>πειρασθείς</i>	Aor.Part. Pass. Nom. Ml. Enkv.	Versoek	Jesus
Heb. 2:18b	<i>πειραζόμενοις</i>	Praes. Part. Pass. Dat. Ml. Mv.	Versoek	Mense
Heb. 3:9	<i>ἐπείρασαν</i>	Aor. Akt. Ind. Derde pers. Mv.	Versoek	God
Heb. 4:15	<i>πεπειρασμένον</i>	Perf. Part. Pass. Akk. Ml. Enkv.	Versoek	Jesus
Heb. 11:17	<i>πειραζόμενος</i>	Teenw. Part. Pass. Nom. Ml. Ekv.	Getoets	Abraham

(Eie samestelling)

Uit die bogenoemde tabel is dit duidelik dat die werkwoord *πειράζω* met betrekking tot vier persone in die boek Hebreërs gebruik word. In die volgende afdeling volg 'n kort oorsig van die gebruik van die werkwoord *πειράζω* met betrekking tot hierdie vier P/persone.

1.2.4 'n Nadere verklaring van elke voorkoms van *πειράζω* in Hebreërs

1.2.4.1 Hebreërs 2:18a

In Hebreërs 2:18 word dieselfde werkwoord twee keer gebruik. Die werkwoord *πειράζω* word een keer met betrekking tot Jesus Christus gebruik (Heb. 2:18a), en een keer met betrekking tot mense (Heb. 2:18b). Die 2020-vertaling vertaal die vers soos volg:

“Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek (ww. *πειρασθείς*) is, is Hy in staat om dié wat versoek (ww. *πειραζόμενοις*) word, te help.”

ἐν ᾧ γὰρ πέπονθεν αὐτὸς πειρασθείς, δύναται τοῖς πειραζόμενοις βοηθῆσαι.

Die eerste voorkoms van die werkwoord word in verband met Jesus Christus se lyding gebruik. Dit word gestel dat Jesus vanweë versoeking gely het. Die werkwoord *πειράζω* word in hierdie konteks gebruik om te verwys na die feit dat Jesus as hoëpriester vir mense se sonde versoening gedoen het. Hebreërs 2:18 handel oor Jesus Christus se genadige hoëpriesterskap (Coetsee, 2012:67). Die instelling van hoëpriesterskap asook die funksionering daarvan word in die Ou

Testament beskryf. Die Ou Testament beskryf dat die priesters en die hoëpriester uit die stam Levi moes kom (Eks. 28:1; Num. 18:7; Lev. 21:6–8). Levitikus 16 beskryf spesifiek die taak van die hoëpriester met verwysing na versoening van die volk se sondes op die Groot Versoendag. Die fokus op Jesus as hoëpriester gebeur teen die agtergrond van wat 'n hoëpriester is en hoe Hy moes funksioneer.

Daar word later in die studie gefokus op hoe Jesus Christus se versoeking/beproeving (vanaf *πειράζω*) met sy hoëpriesterskap verband hou.

1.2.4.2 Hebreërs 2:18b

Die tweede gebruik van die werkwoord *πειράζω* verwys na die mense vir wie Jesus vanweë die versoeking/beproeving gely het (Heb. 2:18b). Hier word beskryf dat Jesus juis dié kan help wat ook versoek/beproof word omdat Hy self versoek/beproof is om 'n getroue hoëpriester te kan wees.

1.2.4.3 Hebreërs 3:8–9

Hebreërs 3:8-9 is 'n aanhaling vanuit Psalm 95:8-9 (LXX Ps. 94:8-9). In Hebreërs 3:9 word die werkwoord *ἐπείρασαν* (vanaf *πειράζω*) met betrekking tot God gebruik teen die agtergrond van die volk Israel se verblyf in die woestyn. Die 2020-vertaling vertaal Hebreërs 3:8–9 soos volg:

⁸“Moenie julle harte verhard, soos tydens die dag van versoeking (snw. *πειρασμοῦ*) in die woestyn, ⁹toe julle voorouers My versoek (ww. *ἐπείρασαν*) en beproef het nie, al het hulle my dade gesien.”

⁸μὴ σκληρύνετε τὰς καρδίας ὑμῶν ὡς ἐν τῷ παραπικρασμῷ κατὰ τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ ἐν τῇ ἐρήμῳ, ⁹οὗ ἐπείρασαν οἱ πατέρες ὑμῶν ἐν δοκιμασίᾳ καὶ εἶδον τὰ ἔργα μου

Die selfstandige naamwoord wat van die werkwoord *πειράζω* afgelei is, naamlik *πειρασμός*, word in Hebreërs 3:8 gebruik. Die Hebreërskrywer praat in Hebreërs 3:9 met die eerste lesers oor hulle voorouers – die volk Israel. Die eerste lesers se voorouers (Israel) het vir God op die dag van versoeking versoek/beproof (*οὗ ἐπείρασαν οἱ πατέρες ὑμῶν*). Volgens Hebreërs 3:8 was die “dag van versoeking” (*τὴν ἡμέραν πειρασμοῦ*) tydens Israel se opstand in die woestyn. Die ESV vertaal *πειρασμός* as “testing”, terwyl die 1983-vertaling dit vertaal as “op die proef stel”. Die gebruik van die selfstandige naamwoord *πειρασμός* in Hebreërs 3:8 geniet later in hierdie studie meer aandag.

Die 2020-vertaling vertaal Psalm 95:8–9 (LXX Ps. 94:8–9) soos volg:

⁸“Moenie julle harte verhard soos by Meriba, soos die dag by Massa in die woestyn,
⁹waar julle voorouers My versoek het, My beproef het, selfs nadat hulle my daad gesien
het nie”.

⁸ μὴ σκληρύνῃτε τὰς καρδίας ὑμῶν ὡς ἐν τῷ παραπικρασμῷ κατὰ τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ ἐν τῇ
ἐρήμῳ, ⁹ οὗ ἐπείρασαν οἱ πατέρες ὑμῶν ἐν δοκιμασίᾳ καὶ εἶδον τὰ ἔργα μου

Die aanhaling verwys waarskynlik na die volk wat soos Eksodus 17:1–7 beskryf, die HERE
getoets/versoek (Eks. 17:7) het. Uit Psalm 95:9 (MT) het die Hebreëuse woordstam נסו vir
“versoek”, met betrekking tot Israel wat vir God versoek het, volgens Ernst en Westerman
(1997:741) en Swanson (1997: 5814) primêr die betekenis daarvan om “iemand te toets of
iemand te assesser”. Die Griekse Septuagint vertaal die werkwoordstam נסו uit Psalm 95:9 met
vervoegings van πειράζω.

1.2.4.4 Hebreërs 4:15

Die werkwoord πειράζω word een keer in Hebreërs 4:15 gebruik met betrekking tot Jesus Christus.
Weereens word die werkwoord πειράζω in verband met Jesus se genadige hoëpriesterskap
gebruik. Hebreërs 4:15 beskryf Jesus Christus as die hoëpriester wat versoek/beproef (vanaf
πειράζω) is en tog nooit gesondig het nie – anders as aardse hoëpriesters wat sondig was (Lev.
16:11). Daar is reeds kortliks by 1.2.4.1 verwys na die Ou-Testamentiese agtergrond waarbinne
die hoëpriesterskap in verband met die werkwoord πειράζω gebruik word.

1.2.4.5 Hebreërs 11:17

Die werkwoord πειράζω word een keer met betrekking tot Abraham gebruik. Dit verwys na
Abraham wat geglo het “toe hy getoets is” (2020-vertaling). Die 1933/53 Afrikaanse Vertaling en
1983 Afrikaanse Vertaling vertaal die woord as beproef, wat die Afrikaanse sinoniem vir toets is.

Die gebeure waar Abraham getoets is, verwys na Genesis 22 waar God vir Abraham beveel het
om Isak op die berg Moria te gaan offer. Abraham het gehoorsaam aan God met Isak na Moria
gegaan, en het volgens Genesis 22:5 en 8 vas geglo dat hy en Isak na sy dienaars sou terugkeer
omdat God die lam vir die offer sou voorsien. Abraham het tydens sy toetsing vasgehou aan die
beloftes wat God volgens Genesis 12:2, 17:4–5 en 19–20 gemaak het.

1.2.4.6 Gevolgtrekking

Wanneer daar na die vier partye waarop die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs betrekking het gekyk word, dan is dit duidelik dat die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met beide die voorlopige betekenismoonlikhede van “versoek” en “beproof/toets” in die boek vertaal kan word. Die vraag is egter: Kan beide hierdie betekenismoonlikhede ook op Jesus van toepassing wees? Kan die werkwoord as beide “versoek” en “beproof/toets” in Hebreërs 2:18a en 4:15 vertaal word? Of het die Hebreërskrywer in hierdie twee gedeeltes slegs een van die twee betekenismoonlikhede in gedagte gehad?

Daar moet ondersoek na Hebreërs self gedoen word ten einde die outeursbedoeling vir die eerste lesers in hierdie twee verse te bepaal. Dit is belangrik om die outeursbedoeling te identifiseer sodat daar nie ’n hedendaagse verstaan en betekenis op die teks afgedwing word nie (Hall, 2012:20). Die studie ondersoek vervolgens die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$, en waar van toepassing, die verwante selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$ in Hebreërs ten einde te bepaal of die Hebreërskrywer die woord in Hebreërs 2:18a en 4:15 bedoel het as toets of versoek met betrekking tot Jesus Christus.

1.2.5 Die vraagstuk oor die voorkoms en gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15

1.2.5.1 Die twee nature van Jesus

Volgens die boek Hebreërs is Jesus Christus volkome mens (Heb. 2:9, 14, 18; 4:15; 5:7; 9:12; 10:5, 10, 20) asook volkome God (Heb. 1:3, 5, 8–9; 2:9; 3:3; 7:3, 24–25; 13:8) (Small, 2014:161–175). Nie net verklaar Hebreërs 2:18 en 4:15 dat Jesus Christus die menslike natuur aangeneem het nie, maar Hebreërs 4:15 kwalifiseer dat Jesus sonder sonde is. Uit Hebreërs kom beide die nature van Christus dus na vore deurdat Hy volkome God en ook volkome mens is. Hy is ook volgens Hebreërs 2:18 en 4:15 in elke opsig aan die mens gelyk en Hy was in elke opsig soos die mens versoek/getoets. Die vraag is egter: Hoe kan ’n sondelose mens soos Christus, wat God is, in elke opsig soos die mens versoek word?

Ralston (2021:135) verwys in sy navorsing na die twee standpunte van Johannes Calvyn (1509–1564) en John Owen (1616–1683) oor die vraagstuk of Jesus regtig in elke opsig soos die mens versoek is. Ralston (2021:135) dui aan dat Calvyn Hebreërs 4:15 as ’n verdediging van Christus se sondelose natuur eerder as sy getrouheid tydens versoekings geïnterpreteer het. Calvyn handhaaf dat Christus nie gebaseer op sondige gevoelens en begeertes soos sondaarmense

versoek kon word nie, aangesien sy natuur sondeloos is en ander mense se natuur sondig is (Ralston, 2021:135).

Owen gee op sy beurt twee moontlike interpretasies van die begrip versoek/beproof (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) volgens Hebreërs 4:15 (Ralston, 2021:135).

- Owen se eerste interpretasie lui soos volg: Aan die een kant kan mense meegee onder versoeking vanweë 'n eksterne stimulus wat nie noodwendig uit die innerlike mens self na vore gekom het nie. Die mens kan dan deur iemand anders se sonde self tot sonde verlei/versoek word en dus onder die versoeking meegee.
- Aan die ander kant argumenteer Owen weer dat versoekings tot sonde vanuit die mens se sondige natuur (interne stimulus) self na vore kom (Ralston, 2021:135). Owen, soos deur Ralston (2021:136) aangehaal, meen dat Christus geensins soos sondaarmense aan innerlike versoekings wat tot sonde lei blootgestel was nie, aangesien Hy heilig en volmaak is.

Die verskillende standpunte oor die verklaring van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ is ook duidelik sigbaar uit die bestaande navorsing. In die volgende afdeling volg 'n verdere bespreking van hierdie uiteenlopende verklarings.

1.2.5.2 Navorsing wat argumenteer dat $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 op toetsing/beproeving dui

Die volgende skrywers argumenteer dat $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 op toets of beproef dui.

- McKay (2016:53) redeneer dat die outeur van Hebreërs geensins die argument van versoeking tot sonde in gedagte het nie en dat die gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 primêr op Jesus se getrouheid tydens beproewing/toetsing dui. McKay (2016:54) maak 'n baie sterk argument dat alhoewel die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ se semantiese veld volgens Hebreërs 2:18a en 4:15 op versoek kan dui, dit in Hebreërs geensins op versoeking dui nie, maar eerder op toetsing of beproewing.
- Soortgelyk argumenteer Ellingworth (1993:190–191) dat Hebreërs 2:18a ook op die betekenis van toets dui. Jesus Christus se kruisiging was die grootste toets waardeur Hy moes volhard (Ellingworth, 1993:268). Hy het dit gedoen sonder dat Hy gesondig het.

- Lane (1991:66) wys dat Hebreërs 2:18a daarop dui dat Jesus Homself aan mense se aardse wêreld blootgestel het en uitdagings beleef het wat Hom getoets het, en die grootste daarvan was sy gehoorsaamheid aan die kruis.
- Pierce (2020:25–37) argumenteer dat die gebruik van die werkwoord *πειράζω* en die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* op 'n teologie van beproewing/toetsing in Hebreërs dui. Hierdie teologie van toetsing in Hebreërs is in geen opsig bedoel om 'n omvattende oorsig van beproewing te bied nie (Pierce, 2020:31). Die eerste lesers word wel daarop gewys dat hulle voorouers in die woestyn getoets is. Hierdie voorouers het as volk ook vir God getoets. Die eerste lesers van Hebreërs moes egter onthou dat Jesus ook in die woestyn deur die Satan getoets is en dus volkome met hulle kon assosieer (Pierce, 2020:25). Hebreërs 2:18 en 4:15 het ten doel om aan die lesers oor te dra dat Jesus gekwalifiseerd is om die hoorders wat getoets word te help aangesien Hy ook gelyk het toe Hy getoets is (Heb. 2:18). Jesus se lyding was omvattend aangesien Hy in elke opsig getoets is en daarom het Hy begrip vir menslike swakheid (Heb. 4:15) (Pierce, 2020:31). Die Hebreërskrywer wil verder aan die eerste lesers die volgende rakende toetsing en beproewing oordra (Pierce, 2020:36):

1. Om getoets te word, is 'n universele menslike ervaring;
2. Mense moet God nie toets nie; en
3. Om getoets te word, is uiteindelik 'n positiewe ding.

Pierce (2020:39) meen dat die werkwoord *πειράζω* en die gebruik daarvan in Hebreërs kompleks is, maar dit dui daarop dat Jesus se beproewing/toets in Hebreërs as 'n geheel voorop staan aangesien Hy sy mense lei.

1.2.5.3 Navorsing wat argumenteer dat *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 4:15 op versoeking dui

Die volgende skrywers argumenteer dat *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 4:15 op versoeking dui:

- McKinley (2012:56–71) verklaar dat die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 4:15 dui op uiterlike versoekings wat 'n appèl op die mens se innerlike begeertes maak sodat die mens God se wil oortree. McKinley (2012:56–71) redeneer dus dat die werkwoord *πειράζω* se gebruik in Hebreërs 2:18a en 4:15 as uiterlike versoekings verstaan moet word. Jesus het volgens McKinley die trekkrag van sonde beleef, maar Hy self het nie sondige begeertes gehad nie (McKinley, 2012:56–60). Daar was egter uiterlike omstandighede

wat 'n appèl op Jesus se innerlike begeertes gemaak het wat Hy moes weerstaan (McKinley, 2012:60).

- Nyende (2016:529) argumenteer dat die gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met betrekking tot Jesus volgens Hebreërs 2:18a en 4:15 op sy aardse versoekings tydens sy vernedering wys. Hierdie versoekings was noodsaaklik om Hom as hoëpriester wat die mens kan help te laat kwalifiseer.
- Volgens Kim (2012:69) is die eerste lesers van Hebreërs in die versoeking om hulle geloof in Christus terug te trek en op die ou Joodse geloof terug te val. Kim (2012:124) verklaar dat die versoeking/beproeving van Jesus volgens Hebreërs 2:18a en 4:15 daarop dui dat Jesus in elke aspek soos mense versoek is en tog sonder sonde gebly het, en daarom is Hy in staat om hulle te help.
- Ralston voer aan dat Jesus versoek eerder as beproef is (Ralston, 2021:139). Hy bied die volgende perspektief: As mens vra: Is Christus in elke opsig soos die mens innerlik en uiterlik versoek? Die antwoord: Christus is inderdaad in elke opsig innerlik en uiterlik soos die mens versoek, maar sonder dat Hy ooit gesondig het (Ralston, 2021:139). Ralston (2021:134) redeneer dat Jesus deur sy menswording met mense geïdentifiseer het en die sonde oorwin het. Hy het nooit gesondig nie. Jesus se versoeking was nie inherent anders as mense se versoeking nie, maar Jesus was inherent anders – sonder sonde (Ralston, 2021:138).
- Hall (2012:1) maak op sy beurt weer 'n onderskeid tussen die versoeking/beproeving van Jesus in Hebreërs 2:18a en 4:15 en die van mense deur te sê dat Jesus se versoeking nie beteken dat Hy op presies dieselfde maniere as ander mense versoek is nie. Jesus het egter in elke opsig die versoeking om van God af weg te draai net so intens soos ander mense beleef (Hall, 2012:11).
- Volgens Lütticke en Weidemann (2021:64) moet die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met betrekking tot Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15 geensins as 'n versoeking deur die Satan verstaan word nie, maar eerder as die versoeking van Jesus waar Hy vir die dood gevrees het.

1.2.5.4 Gevolgtrekking

Dit kom voorlopig voor asof die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 slegs twee van die moontlike betekenismoontlikhede soos deur Louw en Nida (1996:774–775), BDAG (2000:792–793) en LSJ (1951:1354) gedefinieer, dra. Dit is:

1. versoek tot ongeoorloofde optrede (sonde); en

2. toets/beproof om die aard van iets te bepaal.

Beide hierdie betekenismoontlikhede pas binne die semantiese veld van hierdie woord. Die vraag is egter of dit binne die outeursbedoeling van Hebreërs pas. Die boek Hebreërs is immers geskryf as 'n woord ter aanmoediging van die eerste lesers wat versoek/beproof is (Heb. 13:22). Vanuit Hebreërs is dit duidelik dat hierdie eerste lesers in 'n swaar tyd geleef het waar hulle baie gely het, hulle besittings verloor het, en in die tronk gegooi is (Heb. 10:32–34). Die outeursbedoeling van die werkwoord *πειράζω* moet onder andere teen hierdie historiese agtergrond van vervolging en swaarkry verklaar word. Het die Hebreërskrywer dan teen hierdie agtergrond die werkwoord *πειράζω* met betrekking tot Jesus in Hebreërs 2:18a en 4:15 as beproef of versoek bedoel?

Vanuit die bogenoemde literatuur is dit duidelik dat daar onsekerheid oor die betekenis van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus is en dat verdere eksegetiese navorsing geloofwaardige resultate hieroor kan oplewer. Dit kan gedoen word deur die gebruik van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs te ondersoek en in besonder te kyk na hoe die werkwoord *πειράζω* op Jesus van toepassing is.

1.3 Probleemstelling

Soos reeds vroeër genoem, stel die Hebreërskrywer dat Jesus volkome God en volkome mens is. Kan hierdie waarheid steeds gehandhaaf word gegewe die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18 en 4:15? Sou Jesus se godheid in twyfel getrek moes word indien die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18 en 4:15 op versoeking dui? Kan Jesus, wat God en sondeloos mens is, in elke opsig (innerlik en uiterlik) soos sondaarmense versoek/beproof word? Watter vertalingsmoontlikheid het die Hebreërskrywer met die gebruik van *πειράζω* in Hebreërs 2:18 en 4:15 voor oë gehad?

McKay (2016:54) meen dat baie verklaarders die werkwoord *πειράζω* met versoeking vertaal omdat hulle dit met Jesus se aardse versoeking wil verbind. McKay argumenteer egter dat die kontekstuele aanduidings in Hebreërs, wat eerder op 'n toetsing/beproewing dui, misgekyk word. Tereg wys McKay uit dat meeste van die Engelse vertalings (NET, ESV, KJV, NKJV, NIV, ASV) hierdie woord as “tempt”/“versoek” vertaal in plaas van “toets” (McKay, 2016:6). Op 'n soortgelyke wyse vertaal die Afrikaanse vertaling (1933/53, 1983, 2020-vertaling) die werkwoord *πειράζω* ook as versoek. Hoekom kies meeste vertalers “versoek” as vertaling as baie akademici meen dat “toets/beproof” hier eerder die betekenismoontlikheid is?

McKinley (2012:59) verklaar daarteenoor dat Jesus se versoeking/beproewing (vanaf *πειράζω*) wat in elke opsig soos die ervaring van mense is, daarop dui dat Hy die krag van versoeking

soortgelyk aan mense beleef het. Hiermee bedoel McKinley dat Jesus op alle maniere wat algemeen tot die mens is, versoek is (McKinley, 2012:60). Volgens McKinley (2012:60) het Jesus nie die innerlike versoeking van sondige begeertes ervaar nie. Tog maak elke eksterne versoeking 'n appèl op die innerlike begeertes van 'n mens (Hall, 2012:11). In die sin is Jesus dus net soos alle mense versoek deurdat sy uiterlike omstandighede 'n appèl op sy innerlike begeertes gemaak het sodat Hy dit moes weerstaan en sodoende gehoorsaam aan sy Vader kon wees (McKinley, 2012:60). Hierdie aardse versoeking (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) wat Jesus beleef het dui op sy intieme ervaring met menslike versoeking, en in daardie sin is Hy in elke opsig soos mense versoek (Nyende, 2016:530).

Jesus se menslike en goddelike natuur word te midde van die betekenisverskille van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ duidelik in Hebreërs beskryf. Daar heers egter verskille oor:

1. Die betekenismoontlikheid van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs m.b.t. Jesus; en
2. Indien die betekenis op versoek dui dan is die vraag of die sondelose Christus in alle opsigte soos mense versoek kon word met betrekking tot uiterlike en innerlike versoekings.

Daar moet dus vasgestel word hoe die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus verstaan moet word.

1.3.1 Die fokus van die studie

Vanuit die bogenoemde verklarings van Hebreërs 2:18a en 4:15 blyk daar verskille te heers met betrekking tot watter betekenismoontlikheid die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ vertaal moet word, en hoe dit verstaan moet word met betrekking tot Jesus wat in elke opsig soos die mens versoek/beproof is.

Vrae wat hierdie verskillende betekenismoontlikhede aanwakker is onder andere die volgende: Is Jesus ook innerlik versoek? Gaan die versoeking of toetsing van Jesus bloot daaroor dat Hy daardeur as hoëpriester moes kwalifiseer? Gaan dit daaroor dat Jesus volkome volmaak is en dat hierdie tekste Jesus se volmaaktheid eerder as sy getrouheid te midde van versoekings beskryf? Is hier geen sprake van versoekings wat tot sonde lei nie? Verwys die Hebreërskrywer na die versoeking van Jesus deur die Satan, of dui dit op beproewing wat Jesus se aard /natuur wou bepaal? Is hierdie verwysings na beproewing bloot uitdrukkings van die aard van Jesus se getrouheid onder swaarkry deur middel van toetsing? Word Jesus as die getoetsde Een voorgehou om die eerste hoorders te bemoedig te midde van die toetse wat hulle moes deurstaan? Of word Jesus voorgehou as die versoekte Een wat nie onder versoekings meegee het nie sodat die hoorders nie onder die versoeking van afvalligheid meegee nie? Is die

getrouheid van Jesus toe Hy versoek/beproof is (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) die regte verklaring van Hebreërs 2:18a en 4:15?

Dit blyk vanuit die literatuur asof daar 'n leemte in bestaande navorsing bestaan wat onduidelikheid tot gevolg het, en dat daar met goeie eksegetiese begronding vasgestel moet word wat met die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 bedoel word. Hierdie studie het ten doel om 'n bydrae te maak tot die leemte wat daar in bestaande navorsing bestaan.

1.3.2 Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale vraag van hierdie studie is die volgende: Wat beteken die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus wat in elke opsig soos alle mense versoek/beproof is?

In die studie na die betekenis van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ word daar spesifiek ondersoek ingestel na die gebruik van die werkwoord, en waar van toepassing, die verwante selfstandige naamwoord binne die boek Hebreërs. Deur middel van nadere ondersoek van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ word daar spesifiek gefokus op die Hebreërskrywer se gebruik van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus. Op grond hiervan word die volgende vrae beantwoord:

- Watter lig werp die sogenaamde inleidingsvrae van Hebreërs op die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne die Hebreërboek?
- Hoe moet die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met betrekking tot Jesus Christus se twee nature binne die boek Hebreërs verstaan word?
- Watter oorsigtelike betekenistendense is daar rakende die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die antieke Griekse en Joodse literatuur, vroeë Christelike literatuur, die Septuagint en die Nuwe Testament?
- Hoe word die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne die boek Hebreërs gebruik?
- Wat beteken die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus Christus wat in elke opsig soos ons versoek/beproof is?

1.3.3 Doelwit en doelstelling

1.3.3.1 Doelwit

Die doelwit van hierdie studie is om die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus vas te stel.

1.3.3.2 Doelstellings

Die doelstellings van hierdie studie is die volgende:

- Om ondersoek in te stel na die inleidingsvrae van die Hebreërboek om die agtergrond waarteen die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ ontplooi word te verstaan;
- Om ondersoek in te stel na die betekenis van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met betrekking tot Jesus Christus se twee nature binne die boek Hebreërs;
- Om ondersoek in te stel na die betekenis van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne antieke Griekse en Joodse literatuur, vroeë Christelike literatuur, die Septuagint en die Nuwe Testament;
- Om ondersoek in te stel na die betekenis van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne die boek Hebreërs; en
- Om ondersoek in te stel na die betekenis van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18a en 4:15 met betrekking tot Jesus Christus wat in elke opsig soos mense versoek/beproof is.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die korrekte betekenis van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 met betrekking tot Jesus bepaal kan word deur die sogenaamde inleidingsvrae van Hebreërs, Jesus se identiteit in Hebreërs, die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in verskillende vorme van literatuur, asook die gebruik van die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in Hebreërs te ondersoek. Die betekenis van die werkwoord in Hebreërs 2:18 en 4:15 kan nog naderverklaar word by wyse van diepgaande eksegetiese ondersoek van die perikope waarbinne dit voorkom. Die korrekte verklaring van die begrip $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 sal gevolglik tot die regte verstaan van die Christologie in die Hebreërpreek lei, wat deurslaggewend is vir die verstaan van die teologie in die boek Hebreërs.

1.5 Metodologie

Om die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 te bepaal, word daar eerstens van 'n literatuurstudie gebruik gemaak om die sogenaamde inleidingsvrae van Hebreërs, die twee nature van Jesus Christus in Hebreërs, en die betekenisvelde van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die antieke Griekse en Joodse literatuur, die Septuagint, Nuwe Testament en Vroeë Christelike literatuur van nader te ondersoek en te bepaal.

Die studie bied daarna 'n grammaties-historiese eksegeese van die Hebreërperikope waarbinne die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ voorkom. Hierdie eksegetiese ondersoek word aan die hand van 'n

kombinasie riglyne soos voorgestel deur Stuart (2009:5–33), Kaiser en Silva (2007:22–44) en Fee (2009:27–33) gedoen. Baie van hierdie navorsers se eksegetiese riglyne sal ook in die studie as geheel aangespreek word. Die voorgestelde eksegetiese metode wat uit hierdie navorsers se riglyne afgelei is en wat as 'n tentatiewe raamwerk vir hierdie studie sal dien, is soos volg:

- Bepaling van die plasing $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne die struktuur van die boek.
- Bepaling of daar 'n patroon van gebruik van die woord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die boek is, en oorweging van die doel daarvan.
- Afbakening van gedagte-eenhede waarbinne $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ voorkom.
- Die gee van 'n eie vertaling van gedagte-eenhede (Stuart, 2009:7–10; Fee, 2009:30).
- Bepaling van die struktuur van gedagte-eenhede waarbinne $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ voorkom (Stuart, 2009:15–18; Fee, 2009:28, 30).
- Aanduiding van grammatikale en semantiese belangrike faktore.
- Onderzoek na die literêre konteks (Stuart, 2009:12–14; Kaiser en Silva, 2007:23; Fee, 2009:29).
 - Bepaling van die literêre aard (genre) van teksgedeeltes waarbinne $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ voorkom.
 - Bepaling van die belang en agtergrond van outeur se bedoeling soos te sien in woordeskat, styl en inhoud van teksgedeelte.
- Onderzoek van die Bybelse konteks (Stuart, 2009:12–14; Kaiser en Silva, 2007:23).
 - Bepaling of die teksgedeeltes elders in Bybel voorkom.
 - Bepaling van die verband van teksgedeelte met die res van die Bybel.
 - Bepaling van die gebruik van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs gegewe die spesifieke gebruik daarvan in ander Skrifgedeeltes.
- Onderzoek van die historiese konteks (Stuart, 2009:18–20; Kaiser en Silva, 2007:22; Fee, 2009:28–33).
 - Wie was die eerste lesers en watter belangrike historiese lewensomstandighede is van toepassing met die gebruik van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$?
- Onderzoek na die teologie van die gedeelte (Stuart, 2009:23; Kaiser en Silva, 2007:22).
 - Waar pas hierdie teksgedeeltes in die res van God se openbaring in?

- Watter Bybelse leer kom uit die gebruik van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ binne die boek Hebreërs na vore?
- Raadpleeg van sekondêre bronne in relevante literatuur met betrekking tot die woord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$.

Wanneer die eksegetiese metode net tot die hoofopskrifte beperk word, sal die raamwerk vir die studie in Hoofstuk 5 dus soos volg lyk:

- 'n Eie vertaling van perikoop.
- Plasing en literêre konteks van perikoop in die Hebreërboek.
- Makrostruktuur van perikoop.
- Mikrostruktuur van betrokke verse waar die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ en selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$ voorkom.
- Sintaktiese ontleding van verse waar die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ en selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$ voorkom.
- Verdere toeligting en bespreking van perikoop.
- 'n Voorlopige gevolgtrekking aangaande die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in die betrokke perikoop.
- Daar sal aan die einde van Hoofstuk 5 tot 'n gevolgtrekkende naderverklaring van die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in Hebreërs gekom word.

Binne hierdie raamwerk van selfstandige eksegetiese ondersoek na Hebreërs 2:18 en 4:15 word hierdie twee Skrifgedeeltes binne die geheel van die Skrif ondersoek. Hierdie ondersoek binne die geheel van die Skrif oorvleuel met die dissipline wat as Bybelse teologie gedefinieer word. Kaiser en Silva (2007:67) beskryf Bybelse teologie as die dissipline waar die Skrifdeel in die geheel van God se openbaring gesien word en waar daar oorweeg word hoe dit in die progressiewe openbaring van God pas soos wat dit aan die outeur deur God openbaar is. Volgens Vos (1894), soos deur Coetsee en Viljoen (2021:5–6) aangehaal, is Bybelse teologie tereg “niks anders nie as die ondersoek na die organiese progressie van bonatuurlike openbaring in sy historisiteit en multivormigheid.”

Hierdie studie werk in die breë binne hierdie riglyne van eksegetiese ondersoek ten einde die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in die boek Hebreërs te bepaal soos wat dit progressief in die boek ontplooi word, sonder om die verskeidenheid van kontekste waarbinne dit in Hebreërs gebruik word, te misken. Die ondersoek sal bydra tot 'n beter verstaan van die betekenis van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in

die lig van die organiese progressie van die Skrif. Dit lei om die beurt na 'n duideliker verstaan met betrekking tot Jesus wat volgens Hebreërs 2:18 en 4:15 versoek/beproof is (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$).

HOOFSTUK 2 INLEIDINGSVRAE VAN DIE BOEK HEBREËRS

2.1 Inleiding

Ten einde die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie te beantwoord, is dit eers nodig om die sogenaamde inleidingsvrae van die Hebreërboek te ondersoek. Dit is die doelstelling van hierdie hoofstuk.

Daar is tot op hede baie meningsverskille rakende die sogenaamde inleidingsvrae van die Hebreërboek. Baie akademici het al deur middel van breedvoerige navorsing verskeie gevolgtrekkings gemaak rakende die skrywer en geadresseerdes, die historiese konteks, die ligging van die geadresseerdes, die datering van die Hebreërboek, die literêre vorm, die struktuur asook die doel van die boek.

Tydens die ondersoek na hierdie inleidingsvrae in hierdie hoofstuk, ontwerp die navorser nie die wiel van voor af nie. Die bespreking steun op reeds-bestaande navorsing om die raamwerk waarbinne die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in die boek Hebreërs ontplooi word, oorsigtelik te bepaal. Die ondersoek na die inleidingsvrae dien as 'n basis vir die res van die ondersoek na die betekenis van die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in die boek Hebreërs. Gevolglik word die relevante inleidingsvrae in hierdie hoofstuk ondersoek deur middel van 'n literatuurstudie.

2.2 Skrywer

Die Hebreërskrywer noem nêrens in die brief sy naam nie. Wie presies die Hebreërskrywer was, bly dus vandag steeds 'n onderwerp van bespreking. Vorster (1990:79) noem dat moontlike skrywers soos Lukas, Paulus, Barnabas en Apollos al geïdentifiseer is. Hierdie studie gaan egter nie die identiteit van die skrywer by name ondersoek nie. Daar kan wel op grond van die interne getuienis van die brief sekere gevolgtrekkings oor die Hebreërskrywer se identiteit gemaak word.

Dit blyk uit Hebreërs 2:3 dat die skrywer van die boek Hebreërs waarskynlik 'n dissipel van die apostels was. Die Hebreërskrywer kon dus nie een van die apostels gewees het nie. Die skrywer sê in Hebreërs 2:3 dat die verlossing wat God bewerk eers deur die Here Jesus self verkondig is, en daarna onder andere aan die Hebreërskrywer bevestig is deur diegene wat dit gehoor het. Hierdie oog-en-oorgetuies wat die verlossingsboodskap aan die Hebreërskrywer bevestig het, kan niemand anders as die dissipels wees nie. Volgens Matteus 28:18–20 en Handeling 1:8 het Jesus die dissipels na alle nasies gestuur om te vertel wat hulle gehoor en gesien het om sodoende ander dissipels te gaan maak. Dit is dus baie waarskynlik dat die Hebreërskrywer 'n volgeling van hierdie dissipels van Jesus was.

Die skrywer is waarskynlik nie Paulus nie, aangesien Paulus volgens Galasiërs 1:12 baie duidelik maak dat hy sy boodskap direk van Christus ontvang het en nie van die ander apostels af nie (Phillips, 2006:6–7). Boonop pas die skryfstyl van die Hebreërpreek nie by Paulus nie (Calvyn, 1963:1). Dit bly dus steeds 'n ope vraag of die skrywer moontlik Barnabas of Apollos of iemand anders kon wees.

Vanuit die interne getuienis van die brief is die volgende wel duidelik: die goeie Grieks en omvattende beskrywings en aanhalings vanuit die Ou Testament dui daarop dat die Hebreërskrywer moontlik 'n Hellenisties-Joodse Christen kon wees (Coetsee, 2014:14, 38). Die Hebreërskrywer het dus die Ou Testament en God se handeling met sy volk in die ou verbond goed geken. Hy skryf in uitstekende Grieks en haal voortdurend vanuit die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) aan om aan die geadresseerdes die boodskap aangaande God se handeling deur Christus in die nuwe verbond oor te dra. Hieruit is 'n Joodse, Christelike en Hellenistiese inslag in die identiteit van die Hebreërskrywer duidelik afleibaar.

2.3 Geadresseerdes

2.3.1 Inleiding

Dit is byna onmoontlik om die historiese konteks (geskiedenis) en identiteit van geadresseerdes of die datering en eindbestemming (ligging) van die Hebreërboek te bepaal. Enige bepaling word deur 'n wolk van onsekerheid gehul (Vorster, 1978:78; Guthrie, 1989:25). Dit moet egter nie 'n hindernis wees om by 'n werkbare hipotese uit te kom nie (Van Der Walt, 2004:49). Die verkryging van so 'n werkbare hipotese is die oogmerk van hierdie afdeling.

2.3.2 Geskiedenis

2.3.2.1 Geskiedenis op grond van interne getuienis

Vanuit die inhoud van die Hebreërboek is dit duidelik dat die skrywer 'n konkrete groep mense in gedagte gehad het. Hy was goed bekend met die omstandighede waarin hierdie groep mense hulleself bevind het (Van De Kamp, 2010:20).

Hy beskryf die vroeëre dae waarin die hoorders 'n groot lydensworsteling deurstaan het (Heb. 10:32–34), asook hulle diens teenoor hulle medegelowiges (Heb. 6:10). Hy is bewus daarvan dat sommiges van die samekomste wegbly (Heb. 10:25). Hy het waargeneem dat hulle traag is om te luister en ten tye van sy skrywe moes hulle volgens hom al leraars gewees het (Heb. 5:11–12). Alhoewel die skrywer van die geadresseerdes se redding oortuig is, vermaan hy hulle om nie traag in hulle navolg van geloofsvoorbeelde soos Abraham en ander te wees nie (Heb. 6:9–12;

11:1–40). Die skrywer hoop om hulle binnekort te besoek en stuur groetboodskappe van die broeders van Italië (Heb. 13:13, 19, 23).

Vanuit Hebreërs 10:32–35 en 12:13 is dit duidelik dat die geadresseerdes weens hulle verbintenis aan Jesus reeds lyding en swaarkry ondergaan het. Die skrywer noem egter 'n moontlikheid van nog swaarkry wat voorlê (Heb. 13:13–14). Alhoewel hulle al swaargekry het, was dit nog nie tot die dood toe nie (Heb. 12:4). Dit is egter moontlik dat die dood immanent is aangesien die Hebreërskrywer hulle vrees vir die dood aanspreek (Heb. 2:15).

Swaarkry, lyding, teenkanting en vervolging is 'n wesenlike realiteit van die geadresseerdes se bestaan. Sekere mense is in gevangenis gewerp, maar die geadresseerdes toon medelye met diegene in die gevangenis (Heb. 10:34). Daar is van die geadresseerdes wat in die openbaar beledig en verdruk is; hulle is 'n bespotting gemaak (Heb. 10:33). Daar is selfs op hulle besittings beslag gelê, maar die geadresseerdes aanvaar die beslaglegging van hulle besittings met vreugde omdat hulle weet dat hulle 'n beter en blywende besitting het (Heb. 10:34). Hebreërs 10:32 verwoord hierdie swaarkry as 'n geweldige stryd van lyding wat hulle deurstaan sedert hulle verlig is. In die lig van sulke beproewende omstandighede moedig die Hebreërskrywer die geadresseerdes in Hebreërs 13:2, 5 en 16 aan om te midde van hierdie swaarkry gasvry, tevrede en vry van geldgierigheid te wees.

Dit kan wees dat die geadresseerdes weens hierdie geweldige stryd en lyding volgens die Hebreërskrywer nie die geloofsvorming ondergaan het wat hul moes nie (Johnson, 2006:36). Hulle moes volgens die Hebreërskrywer al leraars gewees het, maar het behoefte aan melk en nie vaste kos nie (Heb. 5:12). Die Hebreërskrywer gee die rede hiervoor as “julle het traag geword om te luister”. Volgens Hebreërs 2:1 moet die geadresseerdes meer aandag gee aan wat hulle gehoor het sodat hulle nie dalk wegdryf nie. Die inhoud waarop hulle ag moet slaan is die voortreflikheid van Jesus Christus. Dit is hierdie Jesus wat voortrefliker is as die ou bedeling se kommunikasie (Heb. 1:1–3), engele (Heb. 1:4–2:18), Moses (Heb. 3:1–19), Josua (Heb. 4:1–13), en die Levitiese priesterorde (Heb. 4:14–10:31). Indien hierdie traagheid van gehoor voortgaan, bestaan die gevaar dat die geadresseerdes in ongehoorsaamheid en totale afvalligheid sal verval (Heb. 4:11; 6:4–6 en 10:26–31). Daarom vermaan die skrywer die geadresseerdes om die slap hande en lam knieë op te tel sodat hulle die wedloop met volharding kan voltooi (Heb. 12:12–13).

Ná die beskrywing van die geadresseerdes se omstandighede fokus die Hebreërskrywer die geadresseerdes se aandag op die groot “geloofsfigure” wat bereid was om hulle besittings prys te gee. Hierdie geloofsfigure het as vreemdelinge en bywoners in die wêreld geleef omdat hulle 'n beter stad verwag het waarvan God self die argitek en boumeester is (Heb. 11:10 en 11:14–16) (Johnson, 2006:36). Hulle het enduit volhard. Dit is onder die tema van volharding wat die

Hebreërskrywer die geadresseerdes se aandag op Jesus Christus fokus (Heb. 12:1–3). Jesus het ook enduit volhard, selfs toe Hy buite die stadspoort gely het en swaarkry verduur het (Heb. 13:8–12). Die geadresseerdes word volgens Hebreërs 13:12–14 opgeroep om tot Christus te nader wat op dieselfde manier smaad en swaarkry verduur het, “want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons is op soek na die toekomstige stad”.

Hierdie interne getuienis maak dit duidelik dat daar definitief sekere invloede was wat die skrywer genoop het om die gemeente keer op keer teen afvalligheid te waarsku. Hebreërs 2:1–4, 3:7–4:13, 5:11–6:12, 10:26–31 en 12:14–29 is vermanende en waarskuwende perikope wat die geadresseerdes op die erns van afvalligheid wys (Van De Kamp, 2010:28–29).

Die groot vraag is: Behels die afvalligheid waarna die skrywer verwys ’n terugkeer na die Jodedom, volharding in ongehoorsaamheid, ongeloof, Hellenistiese afgode-aanbidding of verwêreldliking? Die spesifieke afvalligheid waarin die geadresseerdes kan val is egter nie so skrikwekkend as die Een van wie hulle af wegval nie, naamlik die lewende God. Die bespreking rakende die eindbestemming/ligging van die Hebreërboek verbind die geadresseerdes tot ’n bepaalde lokaliteit, wat moontlik perspektief kan bied op die wyse waarop hulle afvallig kon raak. Die beantwoording van hierdie vraag is egter nie primêr vir hierdie studie van belang nie. Dit dra egter by tot die verstaan van die tipe versoeking (πειράζω) wat die Hebreërskrywer moontlik voor oë gehad het. Hierdie lokaliteit sal waarskynlik rigtinggewend wees rakende die tipe antagonisme of aanslae wat die geadresseerdes moontlik ervaar het. Sou dit Jerusalem wees, kon die aanslag van die Jode baie fel gewees het. Tog was die Joodse aanslag teen Christene nie net in Jerusalem ’n werklikheid nie. Selfs ander gemeentes in Galasië, Kolosse en Efese het die teenkanting van die Jode ervaar. Indien die aanslag nie van die Jode af was nie, kon die Romeinse kultuur met die keiserverering en vervolging deur sekere keisers te same met ander vreemde Hellenistiese leringe en afgodery as aansporing tot afvalligheid gedien het (Heb. 13:9).

2.3.3 Identiteit

Gegewe die bogenoemde omstandighede is daar al vir ’n geruime tyd ’n debat onder akademici oor of die geadresseerdes bestaan het uit Joodse Christene of Christene wat hulle bekeer het uit die heidendom.

Sekere argumente ten gunste van Joodse Christene behels:

- Die benaming van die boek, naamlik “aan die Hebreërs” (Πρὸς Ἑβραίους – alhoewel ’n latere toevoeging), laat dit blyk asof die ontvangers Joodse Christene was.

- Die rol van die priesterordes, offerkultus en ander Joodse karaktereienskappe in die boek is voorop (Vorster, 1978:79).
- Die skrywer neem klaarblyklik aan dat sy hoorders goed bekend is met die Ou Testament en offerkultus (Bruce, 1991:7).
- Hy wil die geadresseerdes op die lyding van Jesus as Messias en vervulling van die Ou Testament wys (Van De Kamp, 2010:21).
- Die prominensie van Abraham se nageslag was vir die Jode baie belangrik, en die skrywer beklemtoon volgens Hebreërs 2:16 God se doel met hierdie einste nageslag (Ellingworth, 1993:23, 27).
- Bekende geloofsfigure soos Moses, Josua en Aäron vorm dikwels deel van die skrywer se argument, wat tipies Joodse denkers se aandag sou aangryp (Van De Kamp, 2010:21).

Sekere argumente ten gunste van Christene wat hulle uit die heidendom bekeer het, behels onder andere (Van De Kamp, 2010:21–22):

- Die benaming “aan die Hebreërs” (Πρὸς Ἑβραίους) ontbreek in die vroegste manuskripte.
- Die brief is in uiters goeie, literêre Grieks geskryf en die Ou-Testamentiese aanhalings kom uit die Septuagint. Alhoewel Joodse Christene waarskynlik in hierdie tyd ook goed bekend was met die Septuagint, kon die goeie Grieks en aanhalings uit die Septuagint help om Christene uit die heidendom in te sluit.
- Die verklaring van sekere Hebreeuse woorde en die uitleg van die heiligdom sou vir ’n Joodse gehoor oorbodig en onnodig gewees het (Heb. 7:2; 9:1–10).
- Daar is ook ’n gebrek aan die tipiese kontroversie tussen Jode en heidene en gepaardgaande omstandighede wat hierdie geadresseerdes waarskynlik binne ’n hellenistiese konteks kan plaas.

Vanuit die bogenoemde bespreking blyk dit ’n ope vraag te wees of die geadresseerdes Joodse Christene of bekeerlinge uit die heidendom was. Die gegewe getuienis ondersteun beide moontlikhede.

2.3.4 Datering

Daar is verskeie argumente rakende die datering van die boek Hebreërs. Die oortuigendste is egter dat Hebreërs reeds voor 96 n.C. geskryf is. Verskeie akademici bevestig hierdie datering. Phillips (2006:8), France (2006:23) en Hewitt (1960:14) wys daarop dat Klemens Romanus, wat

rondom 96 n.C. sy sogenaamde eerste brief geskryf het, in sy brief aan die Korintiërs byna woord-vir-woord vanuit die brief aan die Hebreërs aanhaal (vgl. Carson & Moo, 2009:605).

Tabel 2-1: 1 Klemens 36.2 en Hebreërs 1:3–4

1 Klemens 36:2	Hebreërs 1:3–4
Hy is die uitstraling van sy heerlijkheid en is hoog verhewe bo die engele, net soos Hy 'n naam geërf het wat uitnemender as hulle s'n is.	Hy is die uitstraling van God se heerlijkheid, en die ewebeeld van sy wese... Hy is hoog bo die engele verhef, net soos wat Hy 'n Naam geërf het wat uitnemender as hulle s'n is.
ὁς ὢν ἀπαύγασμα τῆς μεγαλowsύνης αὐτοῦ, τοσοῦτῳ μείζων ἐστὶν ἀγγέλων, ὅσῳ διαφορώτερον ὄνομα κεκληρονόμηκεν.	ὁς ὢν ἀπαύγασμα τῆς δόξης.... κρείττων γενόμενος τῶν ἀγγέλων ὅσῳ διαφορώτερον παρ' αὐτοῦς κεκληρονόμηκεν ὄνομα.

1 Klemens 36:2 stem omtrent woord-vir-woord ooreen met dele van Hebreërs 1:3–4 soos in Tabel 2-1 aangedui (Hagner, 1973:179). Die meeste akademië dateer 1 Klemens teen of voor 96 n.C., wat beteken dat Hebreërs vóór 96 n.C. geskryf moes gewees het.

Verder wys die interne getuieis in Hebreërs 10:32–34 en Hebreërs 12 oor die omstandighede van die geadresseerdes op 'n tydperk van vervolging wat moontlik aan 'n spesifieke datum voor 96 n.C. verbind kan word. Volgens Hebreërs 12:4 het die geadresseerdes nog nie ten bloede toe teenstand teen die sonde gebied nie. France (2006:23) is korrek wanneer hy argumenteer dat die vervolging van Christene tot die dood toe eers onder Keiser Nero plaasgevind het. Volgens Hebreërs 12:4 het die geadresseerdes egter nog nie vir hulle geloof gesterf nie. Daarom is die Hebreërboek moontlik nie tydens of na die bewind van Keiser Nero geskryf nie. Aan die ander kant kan die verwysing na die lyding wat die Hebreërgemeente ondergaan het, moontlik tydens die regering en vervolging van Domitianus in 81 n.C. tot 96 n.C. wees (Vorster, 1978:74).

Die moontlikheid dat die Hebreërboek selfs voor 70 n.C. geskryf is, bestaan natuurlik ook. Die gebruik van die praesens in Hebreërs 7:8, 20, 8:13, 9:6, 13:1 en 10 wanneer die offerkultus bespreek word, skets die sterk moontlikheid dat die offerkultus tydens die skrywe van Hebreërs nog daagliks by die tempel onderhou is (Kleinig, 2017:9). Dit plaas die geskrif dus sekerlik nie net voor 81 n.C. of 96 n.C. nie, maar moontlik selfs so vroeg as voor 70 n.C. Wat 'n datering voor 70 n.C. verder ondersteun, is die feit dat daar geen melding van so 'n ingrypende gebeurtenis soos die verwoesting van die tempel in die Hebreërboek is nie (Guthrie, 1989:28).

Die tempel word wel nie in die Hebreërboek genoem nie, maar eerder die tabernakel. Die selfstandige naamwoord σκηνή in Hebreërs 9:6 dui op die tabernakel. Die skrywer verwys doelbewus slegs na die tabernakel om sy hoorders in die “woestyn” op pad na die “beloofde” land

te plaas. Die verwysings na die tabernakel eerder as die tempel beteken egter nie dat die tempel buite die verwysingsraamwerk van Christene uit die Jodedom was nie. Die Hebreërskrywer het die praktyk van jaarlikse altaardiens voor oë gehad. Hierdie altaardiens het aanvanklik by die tabernakel plaasgevind en later by die tempel in Jerusalem (Bruce, 1991:119-120; O'Brien, 2010:311). Dit is ook moontlik dat die tempel ten tye van die skrywe nog in Jerusalem was. Dit is waarskynlik te sien uit die oproep in Hebreërs 13:13. Dit kan wees dat die vervolging van Christene in Rome en die verwoesting van Jerusalem immanent was en dat die skrywer daarom in Hebreërs 13:13 sê dat daar buite die laer gegaan moet word (Guthrie, 1989:28). Die gelowiges moet dus moontlik vanweë hulle geloof en die vervolging uit Rome of uit Jerusalem vertrek.

'n Laaste afleiding rondom 'n datering voor 96 n.C. of 81 n.C. en moontlik selfs voor 70 n.C. word gevind in die verwysing in Hebreërs 13:23 na Timoteus. Indien hierdie dieselfde Timoteus is as die een wat in Paulus se briewe figureer, dan moes die Hebreërboek nog binne sy leeftyd in die eerste eeu na Christus ontstaan het.

Aan die ander kant kan die vroeëre dae van Hebreërs 10:32–34 weer moontlik die omstandighede van gelowiges in Rome onder die bewind van Claudius in 49–64 n.C. beskryf. In 49 n.C. het keiser Claudius 'n edik uitgevaardig wat alle Jode uit Rome verban het vanweë 'n ene "Chrestus". Hierdie Chrestus verwys baie moontlik na 'n kontroversie wat oor Christus in Rome ontstaan het (O'Brien, 2010:15). Hierdie edik het waarskynlik ook tot gevolg gehad dat Joodse Christene vanuit Rome moes vlug. Priscilla en Akwila het volgens Handeling 18:2 Rome verlaat vanweë hierdie edik en gevolglik so vir Paulus in Korinte ontmoet (Guthrie, 1989:29). Tussen die edik van Claudius en die aanvang van Nero se vervolging het 'n tydperk van vyftien jaar verloop (Guthrie, 1989:30). Dit bly dus ook 'n moontlikheid dat die Hebreërboek in hierdie tyd geskryf is.

Die geadresseerdes moes dus ten minste 'n tweede geslag Christene gewees het. Hierdie afleiding word versterk deurdat die Hebreërskrywer homself volgens Hebreërs 2:3 identifiseer as iemand wat by oog-en-oorgetuies die evangelie gehoor het. Hierdie tweede geslag Christene het vreeslike vervolging beleef, nie net deur medeburgers nie, maar moontlik ook deur die regeerders wat oor hulle aangestel was. Daarmee saam was daar selfs nog ander eksterne invloede wat hierdie gelowiges getoets het.

2.3.5 Ligging (eindbestemming van die Hebreërboek)

Verskeie liggings is oor die jare as die eindbestemming vir die Hebreërboek voorgestel. Hieronder volg die twee oortuigendste opsies, naamlik Jerusalem en Rome.

Die argument vir Jerusalem as bestemming word dikwels voorgehou vanweë die offerkultus en die tabernakeldiens wat so dikwels in die Hebreërpreek figureer (O'Brien, 2010:14). Alhoewel die

Hebreërskrywer na die tabernakel en nie na die tempel verwys nie, bestaan die moontlikheid steeds dat die skrywer die tempel in Jerusalem in gedagte gehad het aangesien hy in die teenwoordige tyd na die offerkultus verwys (Guthrie, 1989:27; Jordaan, 1994a:3). Verder meen Guthrie (1989:25) dat die vervolging in die vroeëre dae volgens Hebreërs 10:32–34 die omstandighede van Joodse Christene in Jerusalem voor 70 n.C. beskryf. Daar was ook volgens Handeling 6:9 'n aantal Hellenistiese sinagoges in Jerusalem wat die moontlikheid vir Jerusalem nie totaal uitsluit nie.

Volgens Handeling 2:45 en 4:34–37 het die eerste gemeente in Jerusalem baie vrygewig opgetree, wat strook met die beskrywing van die Hebreërgemeente in Hebreërs 6:10. Tog het die kerk in Jerusalem later volgens Handeling 11:27–30, 24:17–18 en 1 Korintiërs 16:1–3 finansiële swaar gekry (Van De Kamp, 2010:24). Dit is om hierdie rede dat Van Der Walt (2004:51) aflei dat die Hebreërgemeente nie in Jerusalem kon gewees het nie, aangesien die gemeente in Jerusalem armoedig was. Volgens Van Der Walt (2004:51) was die Hebreërgemeente volgens Hebreërs 6:10–12 en Hebreërs 10:33–34 verskeie kere geldelik vrygewig, wat nie kenmerkend van 'n armoedige Jerusalem sou wees nie. Dit is egter net 'n afleiding. Behoeftigheid en armoede weerhou nie noodwendig 'n gemeente daarvan om geldelik te gee nie. Inteendeel, die skrywer roep die geadresseerdes op om teenoor ander mededeelsaam wees asof hulle tog iets het om te gee (Heb. 13:5, 16).

Die argument vir Jerusalem as eindbestemming van die Hebreërpreek staan egter op 'n onvaste fondasie. Volgens Hebreërs 2:3 het nie die skrywer of die hoorders ooit vir Jesus Christus persoonlik gehoor nie. Dit sou baie onwaarskynlik gewees het vir geloofsgemeenskappe in Jerusalem. 'n Mens sou verwag dat daar ten minste een of 'n paar individue in 'n geloofskring oor was wat vir Jesus persoonlik gesien of gehoor het (Guthrie, 1989:27). Buiten daarvoor is daar ook sterk Hellenistiese gedagtes in die Hebreërboek wat op 'n ligging anders as 'n prominente Joodse Jerusalem dui (Guthrie, 1989:26). Die getuienis is gevolglik te min om Jerusalem met sekerheid as ligging van die eerste gemeente vas te pen.

Die tweede bestemming wat as 'n moontlike ligging van die eerste gemeente kan dien is die van Rome. Dit was in Rome waar die Hebreërboek volgens eksterne getuienis vir die eerste keer geken en gebruik is om uit aan te haal (Bruce, 1991:13). Klemens, wat in Rome woonagtig was, het eerste uit Hebreërs aangehaal (Van De Kamp, 2010:25). Dit is nie net die aanhaling in 1 Klemens 36:2 wat met Hebreërs 1:3–4 ooreenstem nie (soos vroeër bespreek), maar ook die woordkeuse vir “voorgangers”. Klemens gebruik in sy brief in 1 Klemens 1:3 dieselfde woord vir voorgangers (ἡγουμένοι) wanneer hy 'n brief vanuit Rome aan die Korintiërs skryf. Dieselfde woord

“voorgangers” word vir die leiers van die Hebreërs-gemeente gebruik (Heb. 13:7, 17, 24). Dit plaas die gemeente dus moontlik in Rome.

Verdere ondersteuning vir ’n ligging in Rome word in Hebreërs 13:24b se verwysing gevind: “Dié wat van Italië is, groet julle” (Ἀσπάζονται ὑμᾶς οἱ ἀπὸ τῆς Ἰταλίας). Rome is in Italië geleë. Hierdie woorde dui moontlik op gelowiges uit Italië wat ten tye van die skrywe saam met die Hebreërs-krywer elders was en dus ’n groeteboodskap aan diegene wat nog in Italië woonagtig is rig (Guthrie, 1989:27). Binne die geografiese area van Italië is Rome die waarskynlikste plek vir ’n prominente kerkgemeenskap (Ellingworth, 1993:29).

Die melding van Timoteus se naam in Hebreërs 13:23 ondersteun ook die argument dat Rome die eindbestemming vir hierdie brief was. Timoteus, wat saam met Paulus gereis het, was nie net aan die gemeentes van Asië bekend nie, maar volgens Romeine 16:21 was hy ook aan gelowiges in Rome bekend. As hierdie Timoteus in Hebreërs 13:23 dieselfde Timoteus is wat saam met Paulus gereis het, dan maak dit sin dat die skrywer hier melding maak van sy reisplanne aan ’n gemeente in Rome.

Beide Jerusalem en Rome was moontlike eindbestemmings van die Hebreërboek. Vir ’n werkbare hipotese vir die doel van hierdie studie word Rome as waarskynlike eindbestemming aanvaar.

2.4 Genre

Dit word algemeen deur baie navorsers aanvaar dat Hebreërs ’n preek met ’n briefslot is (Heb. 13:22–25) wat aan ’n spesifieke groep geadresseerdes geskryf is om hulle in hulle konkrete lewensomstandighede aan te spreek (vgl. Coetsee, 2014:37–38; Lane, 1991a:1xxv; Cockerill, 2012:15; Koester, 2001:80). Juis omdat navorsers (Johnson, 2006:11; Kleinig, 2017:9; Cockerill, 2012:86) dit eens is dat hierdie geskrif ’n preek eerder as ’n brief is, veronderstel Coetsee (2014:38) tereg dat daar eerder na die geadresseerdes as “hoorders” en Hebreërs as geskrif as ’n “preek” verwys moet word en dit word voortaan ook so in hierdie studie gebruik. Dit is juis vanweë die talle verwysings na God se spraak en die geadresseerdes wat moet luister of hoor wanneer God praat dat hierdie geskrif as ’n preek beskou word (Heb. 1:1–2; 2:1–4; 3:7–4:13; 5:11–6:12; 10:19–39). Dit is ’n gegewe dat hoorders tydens ’n preek eerder aangesê sal word om te hoor of te luister na Hom wat praat. Die Hebreërpreek plaas juis klem op hoor, luister, praat, sê en spraak eerder as lees. Die bedoeling van Hebreërs was dus om as ’n preek hardop gelees te word sodat die gemeente kon luister na Hom wat praat (Johnson, 2006:33).

Hierdie Hebreërpreek is deurtrek van Ou-Testamentiese aanhalings, gebeurtenisse en heenwysings. Daar is verskille onder akademici oor presies hoeveel aanhalings in die

Hebreërpreek voorkom en hoeveel bloot heenwysings na sekere Skrifgedeeltes is. Hebreërs 2:18; 3:9; 4:15 en 11:17 is gedeeltes van primêre fokus vir hierdie studie vanweë die voorkoms van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$. Dit is treffend dat al hierdie verse deel vorm van argumente wat die Hebreërskrywer vanuit die Ou Testament maak. Die Hebreërskrywer argumenteer vanuit die Ou Testament om sy doelwit te bereik (sien Hoofstuk 5 vir in-diepte bespreking van hierdie verse).

Die prominensie van die Ou Testament en unieke genre van die Hebreërperikope moet voor oë gehou word ten einde 'n akkurate verklaring van die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in hierdie gedeeltes te ontgin. Die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem word deur die skrywer ontplooi tydens kommentaar op en verklaring van Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes. Hierdie verskynsel staan bekend as 'n "midrasj". Hebreërs 3:7–4:13 (Psalm 95) en Hebreërs 4:14–7:28 (Psalm 110) vorm moontlik deel van hierdie genre. Die argument in Hebreërs 11 waarbinne die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem ook voorkom word gegrond in verskeie bewysstukke of aanhalings vanuit die Ou Testament wat as voorbeelde dien om 'n gesagvolle punt te maak. Hierdie genre staan bekend as 'n "exempla" (France, 2006:26; Guthrie, 2007:923). Dit is in die lig van die breër literêre kontekste en genres wat hierdie Skrifdele en die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem ondersoek sal word.

2.5 Struktuur

Daar is baie onenigheid onder akademici wat die Hebreërpreek se struktuur betref. Sekere navorsers gee 'n tweeledige struktuurindeling (Guthrie, 1976), sommige 'n drieledige indeling (Nauck, 1960; Westfall, 2005; Neeley, 1987), ander 'n vierledige indeling (Attridge, 1989; Swetnam, 1974; Nel, 2004:86), vyfledige indeling (Vanhoye, 1989:24) en ander 'n nog meerledige indeling.

Die rede vir die verskillende struktuurindelings van die Hebreërpreek is die verskillende metodes wat gebruik word om die indeling te maak. Nel (2004:101) het sy indeling van Hebreërs op Psalm 110 as Ou-Testamentiese aanhaling gebaseer. Daar is sekere akademici wat sterk op Ou-Testamentiese aanhalings as basis vir Hebreërs se struktuurindeling leun (Kistemaker, 1961; Longenecker, 1999). Daar is weer ander wat die struktuur op grond van temas in die Hebreërpreek hanteer (Bruce, 1991:lxiii–lxiv; Kistemaker, 1984:18). Ander akademici meen weer dat die struktuurindeling van Hebreërs ooreenkomstig die retoriese en literêre style gedoen moet word en op inclusio's en die vorm van die preek fokus (Thompson, 2008:14).

Die meeste akademici oordeel egter dat Hebreërs 4:14–16 en 10:19–23 die twee ankerpunte van die Hebreërpreek se struktuur bied, wat gevolglik die boek in drie hoofde indeel. Dit is veral duidelik in Guthrie (1994:144) se struktuuranalise, wat ook deur Lane (1991a), O'Brien, (2010)

en Westfall (2005) gevolg word. Hierdie struktuurindeling is eerste deur Nauck (1960) geïdentifiseer waarna ander hom hierin gevolg het.

Guthrie (1994:144; vgl. Lane 1991a:xcvi–xcvii) se struktuuranalise is akkuraat aangesien dit die twee perikope van Hebreërs 4:14–16 en 10:19–21 as 'n inclusio identifiseer. Dit vorm die basis vir 'n geloofwaardige driedelige struktuuranalise gee. 'n Driedelige struktuurindeling op grond van hierdie twee ankerperikope is baie gepas gegewe die tekortkominge en leemtes van reeds bestaande struktuuranalises (Coetsee, 2014:39). Ander struktuuranalises neig om eensydig te wees op grond van die inhoud, tema of vorm waarvolgens die struktuurindeling gedoen word. Die twee ankerperikope dui egter op 'n natuurlike en organiese driedeling van die Hebreërpreek.

In hierdie studie gaan daar nie 'n selfstandige gedagtestruktuuranalise van Hebreërs gedoen word nie. Die struktuur wat Hebreërs in drie hoofdele deel volgens die twee skarnierperikope in Hebreërs 4:14–16 en 10:19–21, word as wetenskaplik begronde struktuur vir die Hebreërpreek aanvaar. Hierdie driedelige struktuur van die Hebreërpreek sal in hierdie studie voorgehou word ten einde die plek en gebruik van Hebreërs 2:18; 3:9; 4:15 en 11:17 in die boek Hebreërs te bepaal.

Hier volg twee visuele uiteensettings van Coetsee (2014:77) en Westfall (2005) se driedelige indeling van die Hebreërpreek.

Tabel 2-2: Visuele uitbeelding van driedelige uiteensetting deur Coetsee

1:1–4:13	Luister getrou na God se voortreflike spraak deur sy Seun
4:14–10:18	Kom tot volkome sekerheid oor Jesus se voortrefliker hoëpriesterskap
10:19–13:25	Volhard altyd in getrouheid aan Hom wat met julle praat

(Coetsee, 2014)

Tabel 2-3: Visuele uitbeelding van driedelige uiteensetting deur Westfall

1:1–4:16	Let op Jesus as apostel van ons belydenis
4:11–10:25	Beskou Jesus as hoëpriester van ons belydenis
10:19–13:16	Ons is deelgenote van Jesus se hemelse roeping

(Westfall, 2005)

In Tabel 2-3 word Westfall (2005) se driedelige struktuurindeling uiteengesit. Westfall grond haar struktuurindeling op die twee parallelle gedeeltes in Hebreërs 4:11–16 en 10:19–25. Hierdie twee perikope bevat hortatiewe subjunktiewe waarvolgens Westfall die Hebreërpreek in drie verdeel (Westfall, 2005:299–301). Haar struktuurindeling beklemtoon die belang en relevansie van hierdie hortatiewe subjunktiewe vir die hoorders in 'n krisistyd (O'Brien, 2010:33). O'Brien

verwoord egter sy afkeur van Westfall se linguisties-pragmatiese metodiek in haar benadering tot die Hebreërpreek se struktuur. In haar benadering tot die struktuurindeling ontken sy simmetrie wat reeds op makro- en mikrovlak in Hebreërs geïdentifiseer is. O'Brien erken egter die omvattende aard van Westfall se drieledige struktuurindeling (O'Brien, 2010:34).

Die ooreenkoms tussen Westfall en Coetsee (2014) se drieledige struktuurindeling lê in beide se beklemtoning van God se spraak of diskoers in Hebreërs, wat beide se struktuuranalises beïnvloed. Dit is egter Coetsee wat primêr daarop fokus om God se spraak ooreenkomstig die struktuurmerkers van die Grieks en die inclusio in Hebreërs 4:14–16 en 10:19–23 in drie te deel (Coetsee, 2014:60–80; Nauck, 1960). Na aanleiding van die tekortkominge van die ander struktuurindelings soos tereg deur Coetsee uitgewys, gebruik hierdie studie Coetsee (2014), wat op die skouers van Nauck staan, se drieledige struktuurindeling.

2.6 Doel

Die Hebreërskrywer skryf die preek omdat hy nie self by die hoorders kan uitkom nie. Vanuit die inhoud van die preek is dit duidelik dat die skrywer 'n omvattende kennis van die Ou Testament gehad het. Sy doelwit is om die hoorders in hulle nood aan te spreek deur hulle op Jesus Christus as die vervulling van die Ou Testament te wys. Hy skryf hierdie preek as 'n boodskap van aansporing (Heb. 13: 22). Die skrywer gebruik doelbewus retoriese tegnieke om die hoorders te oorreed om in die lig van wie Christus is, sekere dade te vermy en ander dade weer na te streef (Ladd, 1996:618). Daar is reeds onder 2.3.2 gewys op die nood van die geadresseerdes en die moontlike omstandighede waarbinne hulle hulself bevind het. Dit is juis weens hierdie fisiese gevare wat die hoorders in die oë staan, wat die Hebreërskrywer die hoorders wil aanmoedig om in hulle nood op Jesus Christus se lyding en swaarkry te fokus. Sodoende mag hulle weet dat hulle 'n volmaakte en barmhartige hoëpriester het wat medelye met hulle het.

Dit is egter nie bloot die fisiese gevare waaroor die Hebreërskrywer bekommerd is nie, maar veral die geestelike gevare wat hierdie gelowiges in die oë staan. Hulle loop die gevaar om volgens Hebreërs 2:1 “weg te dryf” en “'n groot verlossing te verontagsaam”; hulle mag dalk hulle “harte verhard” en gevolglik “agter bly” sodat hulle nie die belofte van rus ingaan nie (Heb. 3:7–4:11); hulle “kon die Seun van God opnuut kruisig” (Heb. 6:4–6) en “die Seun van God vertrap” (Heb. 10:29) (France, 2006:23). As hulle die stem van die Here wat hulle waarsku sou verontagsaam en voor hierdie geestelike gevare val, sal hulle volgens Hebreërs 3:7, 15; 4:7 en 12:25 nie die oordeel van God kan ontvlug nie. Die hoorders word dus telkens ook pastoraal vermaan om te volhard en hulleself te beywer om in die belofte van God se rus in te gaan (Heb. 3:6; 4:11 en 12:1).

Hierdie volharding, beywering, hardloop en vashou het te make met volgehoue geloof in Jesus Christus. Dit is dan die doel van die Hebreërskrywer om die hoorders op die identiteit van Jesus Christus te wys sodat hulle Hom kan erken vir wie Hy is. Hulle moet in die geloof Jesus aanhou volg en deur Hom tot die troon van genade en die hemelse Jerusalem tot God nader. Dit is hierdie Jesus Christus wat “beter is” as die Levitiese priesterorde (Hewitt, 1960:41).

Hierdie geloof in Jesus Christus is egter dikwels deur Jode wat Jesus as ’n verraaier gesien het, uitgedaag. Die Joodse Christene wat Jesus gevolg het is waarskynlik aangekla daarvan dat hulle hulself van Israel en sy tradisies en beloftes losskeur. Dit is hoekom die Hebreërskrywer onomwonde keer op keer wil wys dat dit nie ’n fout is om in Jesus te glo en Hom te volg nie (France, 2006:24). Jesus Christus is voortrefliker as die engele, beter as Moses, beter as Josua, beter as die Levitiese priesters en beter as die offers wat daardie priesters gebring het. Hy is die hoëpriester wat aan al die vereistes van geldige priesterdiens voldoen het. Hierdie vereistes sluit in: ’n Priester moes ’n mens wees, deur God aangewys wees, ’n barmhartige karakter hê om reg om te gaan met dié wat dwaal, en hy moes ’n offer bring wat tot voordeel van die sondaar strek (Heb. 5:1–10). Met hierdie eienskappe kon ’n priester dienswerk voor God ter wille van mense doen. Die Hebreërskrywer het egter ten doel om te wys dat Jesus presies daardie hoëpriester is wat aan al hierdie eienskappe voldoen en dat Hy voortrefliker as al die ander priesters is. Dit word soos volg in Hebreërs voorgehou:

- Jesus is sonder sonde, teenoor ander priesters wat sondaars was (Heb. 4:15).
- Ander priesters moes dus eers vir hulle eie sonde offers bring, terwyl Jesus dit nie hoef te doen nie (Heb. 5:3).
- Die offers wat ander priesters gebring het was onvoldoende aangesien die bloed van diere nie sondes kon weg neem nie (Heb. 10:4). Daarteenoor het Jesus volgens die voortrefliker priesterorde van Melgisedek wat op onvernietigbare lewe gegrond is, Homself geoffer om sodoende sondes blywend weg te neem (Heb. 7:16; 9:13–14).
- Jesus se offer is voortrefliker aangesien dit eenmalig en voldoende was teenoor aardse offers wat deur aardse priesters jaar na jaar gebring moes word (Heb. 10:11–12).
- Die dood het die Levitiese priesters verhinder om met hulle priesterdiens voort te gaan en daarom kon die priesterskap alleen deur die nageslag voortgaan (Heb. 7:16, 23). Dit terwyl die dood Jesus Hom nie daarvan weerhou om as priester aan te hou diens verrig nie (Heb. 7:25). Sy priesterskap gaan nooit op ’n ander oor nie.

Hierdie sondelose, beter hoëpriester wat ewig diens verrig, het volkome versoening vir sonde bewerk en leef nou om by die Vader vir sy broers in te tree. Die voorhangsel is oopgeskeur, die

ewige Sabbatsrus wag, die toekomstige stad moet nagestreef word. Dit alles kan net realiseer op grond van Jesus se dienswerk. Op grond hiervan moes die eerste hoorders te midde van toetse/versoeking in die geloof enduit volhard deurdadig hulle die oog op Jesus hou.

2.7 Gevolgtrekking

Die bogenoemde ondersoek skets 'n duideliker prentjie van die skrywer, geadresseerdes, datering, genre, struktuur en doel van die Hebreërpreek. Hieruit is dit duidelik watter invloede meegewerk het aan die ontstaan van die preek en die temas wat daarbinne gevind word.

Dit is veral duidelik dat hierdie preek heel moontlik gerig is aan 'n tweede geslag Christene wat uit die Jodedom of heidendom in Rome (moontlik onder die regering van Claudius of Domitianus) geleef het om hulle aan te spoor om ten spyte van vervolging (en moontlik die edik van Claudius) en bespottings in die geloof te volhard. As daar Jode is wat oor "Chrestus" of eerder Christus 'n dispuut veroorsaak, dan moet die hoorders nie in die Jodedom verval nie. Behalwe vir die moontlike aanslag vanaf die Jode, kon vreemde leringe 'n verdere beproewing vir hierdie gelowiges se geloof gewees het. Hierdie gelowiges, wat moontlik in Rome was, het waarskynlik in alles behalwe ideale omstandighede geleef. Hulle het moontlik gewonder of Christus werklik die voortreflike ewige middelaar is. Daarom beteken Hebreërs 13:5b "Ek sal jou beslis nie verlaat nie, en ook nie in die steek laat nie" (waarskynlik 'n aanhaling van Deut. 31:6) se belofte soveel vir hierdie gelowiges. Verder nog is die feit dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek/beproof is, 'n belangrike argument om hierdie hoorders in hulle versoeking/beproewing aan te spoor.

Noudat daar 'n voldoende prentjie van die sogenaamde inleidingsvrae is, is dit 'n gepaste vertrekpunt om binne bogenoemde kontoere die identiteit van Jesus Christus volgens die Hebreërpreek te bepaal. Vervolgens let die volgende hoofstuk op die twee nature van Jesus Christus.

HOOFSTUK 3 DIE BEGRIP ΠΕΙΡΑΖΩ MET BETREKKING TOT DIE TWEDE NATURE VAN JESUS CHRISTUS IN HEBREËRS

3.1 Inleiding

Om die betekenis van Jesus se versoeking/beproeving (πειράζω) volgens Hebreërs 2:18 en 4:15 te bepaal moet daar eers ondersoek gedoen word na die identiteit van Jesus as versoekte/beproeefde. Die ondersoek hierna sal bydra tot die beantwoording van die primêre navorsingsvraag van hierdie studie.

Daar is reeds in die vorige hoofstuk aangedui watter tipe swaarkry die hoorders van die Hebreërpreek moontlik mee gekonfronteer was. Te midde van hierdie swaarkry het hulle verskeie versoekinge en beproewinge beleef. Dit is onder andere waarom die Hebreërskrywer in Hebreërs 2:18 en 4:15 hulle aandag op Jesus wil vestig. Jesus het ook versoeking/beproeving tydens swaarkry beleef. Die hoorders kon egter dalk in die midde van hulle swaarkry begin herbesin of dit die moeite werd is om hierdie Jesus wat versoek/beproeef was aan te hou volg. Dit is moontlik dat die hoorders van die Hebreërpreek oor die identiteit van Jesus getwyfel het deur te min van Hom en sy werk te dink en daarom die gevaar geloop het om van die geloof in Hom afvallig te raak. Dit was immers vanweë die hoorders se verbintenis met Jesus dat hulle swaarkry beleef het. Die hoorders moes dus vas oortuig wees Wie presies hierdie Jesus was indien hulle in die geloof wou volhard. Die ondersoek in hierdie hoofstuk poog om die identiteit van Jesus volgens die Hebreërpreek te bepaal, spesifiek wat die Hebreërskrywer se oortuiging rakende die twee nature van Jesus Christus is.

Hierdie hoofstuk ondersoek vervolgens Jesus se menslike en goddelike natuur, sy eienskappe, ampte, name en werke volgens Hebreërs ten einde dit korrek te verstaan. Hierdie ondersoek is noodsaaklik vir die verstaan van die wyse waarop Jesus Christus in elke opsig soos die mens versoek/beproeef (πειράζω) is. Dit is dus eers nodig om die identiteit van die versoekte/beproeefde te bepaal om sodoende 'n beter verstaan van die invloed, appèl en uitwerking van versoeking/beproeving (πειράζω) op Hom vas te stel. Die ondersoek word aan die hand van 'n selfstandige en literatuurstudie gedoen.

3.2 Jesus Christus as volkome God en volkome mens

3.2.1 Jesus as volkome mens

In Hebreërs getuig die Hebreërskrywer ondubbelsinnig dat Jesus volkome mens is. Die skrywer steun op die volgende argumente:

- Hebreërs 2:5–18 is 'n belangrike perikoop in die Hebreërpreek met betrekking tot Jesus Christus se menslike natuur. In hierdie perikoop fokus die skrywer die hoorders se aandag veral op die feit dat Jesus volkome mens is.
- Uit hierdie perikoop is dit duidelik dat Jesus soos mense aan vlees en bloed deel gekry sodat Hy ook 'n menslike dood kon sterf (Heb. 2:14).
- As mens tree Hy as 'n barmhartige en genadige hoëpriester op (Heb. 2:17–18).
- As mens is Jesus vir 'n kort rukkie minder as engele gemaak en Hy is nie skaam om gelowiges sy broers te noem nie (Heb. 2:7 [Ps. 8:6] en 2:11–12 [Ps. 22:23]).
- Jesus se menswording het met sy koms na hierdie wêreld plaasgevind (Heb. 10:5 [Ps. 40:7–9]).
- As mens het Jesus uit die stam Juda (een van die twaalf stamme van Israel) voortgespruit (Heb. 7:13–14).
- Hy is as mens tydens sy aardse lewe in alle opsigte soos mense versoek/beproof (Heb. 4:15).
- Tydens sy aardse lewe het Hy smeking, pleitbedes, harde krete en tranes voor God gebring (Heb. 5:7).
- Alhoewel Hy die Seun is, het Hy as mens gehoorsaamheid geleer deurdat Hy gely het (Heb. 5:8).
- Hy is as 'n mens in alle opsigte soos ander mense versoek/beproof (πειράζω) (Heb. 4:15).
- Te midde van die versoeking/beproeuinge (πειράζω) in alle opsigte soos ander mense, is Jesus sonder sonde. Sodoende was Hy as mens volkome gehoorsaam aan God om as menslike hoëpriester aan al die vereistes van hoëpriesterskap te voldoen en tot volmaaktheid te kom en deur die hemele in te gaan (Heb. 4:14 en 5:8–9).

3.2.2 Jesus as volkome God

In die Hebreërpreek getuig die Hebreërskrywer ondubbelsinnig dat Jesus volkome God is. Die skrywer steun op die volgende argumente:

- Die Hebreërskrywer maak duidelik dat Jesus na die wêreld gekom het (Heb. 10:5 [Ps. 40:7–9]). Dit veronderstel dat Jesus van ewigheid af bestaan en vanuit sy ewige bestaan in die tydsbedeling van die aarde gekom het om mens te word (Heb. 7:15, 24, 26 en 9:11). Party akademici meen dat Hebreërs 1:6 (ὅταν δὲ πάλιν εἰσαγάγῃ τὸν πρωτότοκον εἰς τὴν οἰκουμένην) ook op Jesus se koms na die aardse wêreld dui (Guthrie, 1989:74, Andrews, 2003:48). Grosheide (1927:74) meen weer dat Hebreërs 1:6 se woorde ὅταν δὲ πάλιν εἰσαγάγῃ op Jesus se wederkoms dui. Hebreërs 1:6 dui egter eerder op Jesus se verheerliking in die hemele nadat sy aardse werk volbring is (Bruce, 1991:58, Ellingworth, 1993:118). Die rede waarom dit die waarskynlikste moontlikheid is, is omdat die geïmpliseerde betekenis van Hebreërs 1:6 die volgende behels: “Nou, het God Jesus vanuit die dood in die heerlijkheid van die hemele gebring waar die engele Hom aanbid” (Ellingworth, 1993:118). Die eersgeborene (Heb. 1:6 [Ps. 89:28/Deut. 32:43]) dui dus eerder op Jesus se voortreflikheid tydens sy terugkeer na die hemel waar die engele Hom as verheerlikte aanbid. Hierdie moontlikheid word al hoe meer waarskynlik wanneer daar in ag geneem word dat die engele, met Jesus se koms na die aardse wêreld eer aan God in die hoogste hemele gegee het en nie sodanig aan die Seun nie (Luk. 2:13–14). Hebreërs 2:5–9 bevestig hierdie perspektief deurdat Jesus se koms na die aardse wêreld eerder daarop dui dat Jesus vir ’n kort rukkie minder as engele gemaak is (Heb. 2:7 [Ps. 8:6]). Die koms na die aardse wêreld handel dus oor Jesus se vernedering, en die inlei in die hemelse wêreld handel oor sy verheerliking waar die engele Hom aanbid (Heb. 1:6 [Deut. 32:43]) en dit is die konteks van Hebreërs 1:5–14 (Van De Kamp, 2010:58).
- As God wat mens geword het, is Jesus die uitstraling van God se heerlijkheid en die ewebeeld van sy wese (Heb. 1:3 ὃς ὢν ἀπαύγασμα τῆς δόξης καὶ χαρακτήρ τῆς ὑποστάσεως αὐτοῦ). Jesus is dus die beeld van die onsigbare God en is gelyk aan God.
- Die getuigenis van die Skrif leer dat God alleen die Skepper van alle dinge is (Gen. 1–3; Eks. 20:11). Jesus se godheid is dus volgens die Hebreërpreek ook daarin te sien dat die Hebreërskrywer van Jesus getuig dat Hy die erfgenaam van alle dinge is en dat God deur Hom die wêreld geskep het (Heb. 1:2). Dit veronderstel dus dat Jesus reeds as God van ewigheid af bestaan voordat die wêreld geskep is. Jesus het immers die aarde se fondasie vasgestel (Heb. 1:10). Hy was as God direk en handelend by die skeppingswerk betrokke.
- Alhoewel Jesus as mens tydens sy aardse lewe volkome aan God gehoorsaam was, is Hy in sy goddelike natuur die Seun van God (Heb. 5:8). In ’n reeks van sewe Ou-Testamentiese aanhalings in Hebreërs 1 verwys God na Jesus as “God” en “Here” (Heb. 1:9 [Ps. 45:8], Heb. 1:10 [Ps. 102:26–27 {LXX Ps. 101:28}]). Die engele moet Jesus as God aanbid (Heb. 1:6). As God is Jesus se troon vir ewig en ewig (Heb. 1:8).

- Jesus Christus word die bron van ewige verlossing genoem (Heb. 2:11 en 5:9). Tog is dit net God wat die mens kan verlos en heilig maak. Met die toeskrywing van hierdie eienskappe aan Jesus is dit duidelik dat Hy God is.

3.3 Jesus Christus se eienskappe

3.3.1 Jesus is ewig

Jesus Christus se ewigheid word op 'n paar plekke in die Hebreërpreek beklemtoon. Reeds in die eerste hoofstuk van Hebreërs word daar van Jesus gesê dat sy jare nie tot 'n einde kom nie (Heb. 1:12 [Ps. 102:28] {LXX Ps. 101:28}). Die aarde se bestaan soos dit geken word sal verbygaan, maar nie Jesus se jare nie – Hy bly tot in ewigheid dieselfde (Heb. 1:12 [Ps. 102:28] {LXX Ps. 101:28}). Psalm 102:25–28 (LXX Ps. 101:28), wat in Hebreërs 1:10–12 aangehaal word, is die gebed van 'n behoefteige gelowige wat besef dat sy eie bestaan en die bestaan van die stad Sion kortstondig van duur is teenoor die ewigheid van God (Bruce, 1991:61). Hierdie ewige karakter van God word dan juis deur die Hebreërskrywer op Jesus Christus van toepassing gemaak. Die Seun van God deel dus ten volle in die Vader se ewige karakter (Ellingworth, 1993:129).

Wanneer die Hebreërskrywer die fokus op Jesus se priesterskap vanuit die orde van Melgisedek plaas, meld hy dat Jesus soos Melgisedek “sonder begin en sonder einde is” (Heb. 7:3). Hebreërs 7:17 (Ps. 110:4), 21 (Ps. 110:4), 24 en 28 getuig dat Jesus “priester vir ewig is”. Hy het die krag van onvernietigbare lewe (Heb. 7:16). Die vertaling van Hebreërs 7:16 sal letterlik vertaal word as: “deur die krag van 'n lewe wat geen einde het nie”. Die betekenis hiervan dui dan daarop dat Jesus nie deur die krag van die wet deur middel van genealogie priester is nie, maar deur die krag van 'n lewe wat onvernietigbaar is of wat deur niks en niemand vernietig kan word nie (Ellingworth & Nida, 1983:150).

Alleen God se jare is sonder begin en sonder einde. God alleen het die krag van onvernietigbare lewe. Die Hebreërskrywer fokus egter sy hoorders se aandag op hierdie ewige eienskap van Jesus.

3.3.2 Jesus is onveranderlik

Die Hebreërskrywer maak aan die begin van die Hebreërpreek duidelik dat Jesus dieselfde bly (Heb. 1:12 [Ps. 102:28] {LXX Ps. 101:28}) *σὺ δὲ ὁ αὐτὸς εἶ καὶ τὰ ἔτη σου οὐκ ἐκλείψουσιν*). Die skepping se verganklikheid en veranderlikheid staan in Psalm 102:25–28 (LXX Ps. 101:28) in skerp kontras met Jesus se onverganklikheid en onveranderlikheid. Alhoewel die skepping 'n voorkoms van permanensie het, het dit 'n beginpunt gehad toe God dit geskape het en sal dit ook

met tyd verslyt en verdwyn (O'Brien, 2010:75). Daarteenoor skitter Jesus se onveranderlikheid ook as Skepper teenoor die veranderlikheid van die skepping wat deur Hom tot stand gekom het.

Die Hebreërskrywer sluit die Hebreërpreek af met dieselfde lering aangaande Jesus wanneer Hy in Hebreërs 13:8 sê: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid” (Ἰησοῦς Χριστὸς ἐχθὲς καὶ σήμερον ὁ αὐτός, καὶ εἰς τοὺς αἰῶνας). Indien iemand vinnig oor hierdie vers lees, kom dit voor asof dit nie met die voorafgaande oproep in Hebreërs 13:1–7 verband hou nie (Andrews, 2003:490). Van nader beskou lei die beklemtoning van Jesus Christus as onveranderlik in Hebreërs 13:8 tot 'n paar moontlike verklarings:

- Eerstens kan daar vanuit die onmiddellike konteks van Hebreërs 13:7–9 afgelei word dat die Hebreërgemeente altyd die leiers wat die woord van God aan hulle verkondig het in gedagte moet hou; daar moet op die uiteinde van hulle lewensloop ag gegee word. Die woord “uiteinde” (ἐκβασιν vanaf ἐκβασις) dui op die einde van 'n sekere tydsverloop en dan moontlik hier die einde van die leiers se lewe (BDAG, 2000:299). Die leiers se lewensduur sal 'n veranderingsproses ondergaan wat tot 'n eindpunt kom. Alhoewel die hoorders se leiers nie meer tot hulle beskikking sal wees nie omdat hulle aardse bestaan tot 'n einde sal kom, is Jesus altyd en onveranderlik daar. Die gemeente se omstandighede, se leiers, perspektiewe mag moontlik verander, maar nie Jesus Christus nie (O'Brien, 2010:517).
- Tweedens kan die onmiddellike konteks die Bybelse lering van God se onveranderlike spraak (1 Sam. 20:27; 2 Sam 15:20) waarna die hoorders moet luister so lank soos wat dit “vandag” is (Heb. 3:7, 13, 14; 4:7) beklemtoon (O'Brien, 2010:517). Jesus Christus wat verkondig word en wat praat is gister en vandag dieselfde, tot in ewigheid. Die verkondigde Jesus as inhoud van God se spraak en as die sprekende God self bly onveranderlik dieselfde, selfs al sou daar “vreemde leringe” wees wat moontlik die hoorders tot 'n ander oortuiging wil bring (Heb. 13:9).
- Die derde moontlikheid is te sien in die konteks van Hebreërs 13:9–11 en die voorafgaande hoofstukke wat oor die bloedoffers en tabernakeldiens handel. Wat die “vreemde leringe” behels bly 'n ope vraag. Indien dit egter steeds oor die handhawing van offers en die skaduwees van die Ou Testament handel, wil die Hebreërskrywer beklemtoon dat Jesus Christus die werklike bron van verlossing is en nie die offers en seremonies van die Ou Testament nie (Andrews, 2003:491). Verlossing in die verlede as 'n geheel, vandag en in die toekoms tot in ewigheid berus op die onveranderlike feit dat Jesus Christus die onveranderlike Verlosser is en sy gesindheid teenoor gelowiges nooit sal verander nie – dit bly dieselfde (Morris, 1981:148–149).

Al drie hierdie verklarings dui moontlik die betekenis van Jesus se onveranderlikheid aan en beklemtoon dit. Daar kan natuurlik meer verklarings wees. Hierdie is egter die drie waarskynlikste moontlikhede en dit is nie nodig om in hierdie studie een uit te sonder nie. Al drie hierdie moontlikhede beklemtoon die onveranderlikheid van Jesus Christus – of dit oor die blywendheid van sy jare teenoor aardse leiers wat vergaan handel, en of dit oor die onveranderlikheid van wie Hy as verkondigde een en verkondiger is handel, en of dit oor Hom as die Verlosser wat nog altyd was, en is en sal wees en sy gesindheid teenoor gelowiges gaan – dit alles verkondig dat Jesus Christus en wat Hy vir die hoorders gedoen het onveranderlik dieselfde bly.

3.3.3 Jesus het die heerlijkheid van God

Hebreërs 1:3 getuig die volgende rakende Jesus: “Hy is die uitstraling van God se heerlijkheid, en die ewebeeld van sy wese” (ὁς ὢν ἀπαύγασμα τῆς δόξης καὶ χαρακτὴρ τῆς ὑποστάσεως αὐτοῦ). Hierdie beskrywing van Jesus wys op Jesus se eienskappe as God en in verhouding met God.

Die term δόξα word onder andere in die Skrif gebruik met verwysing na God se sigbare teenwoordigheid onder sy mense (Eks. 16:7, 10; 24:16; Lev. 9:6; Num. 14:10; Deut. 5 24; Ps. 18:1; Heb. 9:5). Dit dui moontlik daarop dat Jesus Christus se heerlijkheid skyn soos die lig van God se teenwoordigheid (Bruce, 1991:48). Jesus se heerlijkheid wat soos ’n lig skyn word hier gebruik om Jesus se goddelike natuur aan te dui. God se goddelike natuur wat by wyse van heerlijkheid en lig sigbaar word kan ook gesien word in Jesaja 42:8, 48:11, 2 Korintiërs 4:4, 15 en in kultiese kontekste soos 1 Konings 8:10–13 (Ellingworth, 1993:99).

Die term δόξα hier in Hebreërs 1:3 word egter in verband met χαρακτήρ τῆς ὑποστάσεως gebruik. Dit dui daarop dat hierdie lig van God se teenwoordigheid self ’n bron van lig is, en ook dat die “uitstraling” van lig van ’n liggewende bron afhanklik is (Van De Kamp, 2010:49). Daar is dus ’n sekere substans waarvan en wat uitgestraal word. Die heerlijkheid (δόξα) wat dus uitgestraal word, is die χαρακτήρ τῆς ὑποστάσεως.

Daar is egter verskille in mening onder akademici oor waarna ὑπόστασις in Hebreërs 1:3 verwys. Johnson (2006:69) meen dat χαρακτήρ τῆς ὑποστάσεως dui op die afdruk wat ’n seëling op ’n seël los. Dit beteken dus dat ὑπόστασις hier dui op Christus wat blyk ’n afdruk van God self te wees. BDAG (2000:1040) beskryf die essensie van ὑπόστασις as die presiese verteenwoordiging van God se wese. Soortgelyk sê Ellingworth en Nida (1983:9) dat ὑπόστασις hier op God se wese dui. Louw en Nida (1996:375) plaas ὑπόστασις binne die semantiese betekenisveld van vertrou, naamlik *Vertrou, vertroue* [31.82–21.101], binne domein nr. 31 - *Om ’n oortuiging te hê, te glo, te vertrou*. Dit kan moontlik op die egtheid van Jesus se goddelike natuur dui as iets waarvan

gelowiges vol vertroue oortuig kan wees. Morris (1981:14) wys aan die ander kant tereg uit dat die etimologiese ekwivalent vir *ὑπόστασις* sekerlik die woord “substans” is. NIDNTTE (2014:571) se inskrywing verwoord *ὑπόστασις* ook as substans of as iets se essensiële natuur. Daarom is Bruce (1991:48) se afleiding korrek wanneer hy meen dat *ὑπόστασις* hier in Hebreërs 1:3 beteken dat Jesus Christus werklik in substans en wese die uitstraling van God self is en nie bloot blyk soos God te wees nie.

Die eienskap *ὑπόστασις* wat met *δόξα* gepaard gaan dui dus op Jesus se goddelike karakter (*χαρακτήρ*) wat die lig van God se teenwoordigheid uitstraal as die van God self en as presiese substans van God. Al die beskrywings van Jesus volgens Hebreërs 1:3 sê op 'n ondubbelsinnige en oortuigende wyse dat Jesus se identiteit volkome God is (Johnson, 2006:69). Dit wys dat Jesus werklik die sigbare teenwoordigheid van God is.

3.3.4 Jesus is sonder sonde (*χωρὶς ἁμαρτίας*)

Buiten vir die feit dat Jesus God is, is dit wat Hom van alle mense wat ooit geleef het onderskei, die feit dat Hy nooit gesondig het nie. Jesus is as mens in elke opsig soos alle mense versoek, maar sonder dat Hy gesondig het (Heb. 4:15 *δὲ κατὰ καθ' ὁμοιότητα χωρὶς ἁμαρτίας*). Hy is die Een wat volgens Hebreërs 2:11 heilig maak (*ὃ τε γὰρ ἁγιάζων*) en volgens Hebreërs 7:26 self heilig (*ὅσιος*) is. Jesus Christus is onskuldig, onbevlek en afgesonder van die sondaars (Heb. 7:26 *ἄκακος, ἀμίαντος, κεχωρισμένος ἀπὸ τῶν ἁμαρτωλῶν*). Jesus is volgens Hebreërs 7:26 ewig volmaak (*εἰς τὸν αἰῶνα τετελειωμένον*). Jesus is die vlekkelose offer wat Homself aan God geoffer het (Heb. 9:14 *πόσῳ μᾶλλον τὸ αἷμα τοῦ Χριστοῦ, ὃς διὰ Πνεύματος αἰωνίου ἑαυτὸν προσήνεγκεν ἁμῶν τῷ Θεῷ*).

Uit hierdie gedeeltes van Hebreërs is dit duidelik dat Jesus tydens sy hele aardse lewe sonder sonde was. Hy is die Een wat vlekkeloos en onbevlek, onskuldig en heilig is. Hierdie sondelose wesenseienskappe van Jesus as mens strook met God se sondelose karakter. Dit is daarom duidelik dat Jesus wat volkome mens is, volkome God is – sonder sonde.

3.3.5 Jesus is barmhartig en het medelye met mense

Hebreërs 2:17 beskryf Jesus as 'n barmhartige hoëpriester (*ἵνα ἐλεήμων γένηται καὶ ἀρχιερεὺς*). As 'n barmhartige hoëpriester het Hy medelye met gelowiges se swakhede (Heb. 4:15 *οὐ γὰρ ἔχομεν ἀρχιερέα μὴ δυνάμενον συνπαθεῖν ταῖς ἀσθενείαις ἡμῶν*).

Hierdie barmhartigheid wat hier ter sprake is dui op Jesus se genadige gesindheid teenoor mense in hulle noodtoestand (BDAG, 2000:316). “Barmhartig” (vanaf *ἐλεήμων*) in Hebreërs 2:17 verwys na 'n juridiese term wat gebruik is om 'n beskuldigde in 'n regsak te verdedig (NIDNTTE,

2014:167). In die geval waar Jesus as hoëpriester vir skuldige sondears versoening gedoen het, is Jesus se barmhartige karakter die grootste, beste en enigste verdediging wat skuldige sondears kan hê. Soortgelyk aan die “te hulp snel van iemand in nood” deur middel van verdediging in hulle noodsaak, bevat die begrip *ἐλεήμων* iets van ’n ingesteldheid teenoor diegene wat beproewing deurgaan (TDNT 1968:2:477).

Jesus se emosie word egter nie net opgewek teen dié wat deur beproewing gaan bloot omdat Hy dit van ’n afstand af waarneem nie, maar Hy het medelye (*συμπαθέω*) met hulle aangesien Hy in alle opsigte soos mense versoek/beproof is (Heb. 4:15 *...πεπειρασμένον δὲ κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα χωρὶς ἁμαρτίας*). Jesus is dus nie afsydig, belangeloos, koud en klinies teenoor dié wat deur versoeking/beproewing gaan nie. Hy het aarde toe gekom en die menslike natuur aangeneem sodat Hy by uitstek meegevoel en medelye met diegene in versoeking/beproewing kan hê (Phillips, 2006:149).

3.3.6 Jesus is getrou (πιστός)

Jesus word drie keer deur die Hebreërskrywer as getrou beskryf (Heb. 2:17; 3:2, 5–6). Volgens Hebreërs 2:17 is Jesus ’n getroue hoëpriester (*πιστὸς ἀρχιερεὺς*). Verder beskryf die Hebreërskrywer Jesus se getrouheid in Hebreërs 3:2: “Hy wat getrou is aan die Een wat Hom aangestel het, soos wat ook Moses getrou was in die hele huis van God” (*πιστὸν ὄντα τῷ ποιήσαντι αὐτὸν ὡς καὶ Μωϋσῆς ἐν [ὅλῳ] τῷ οἴκῳ αὐτοῦ*). Die Hebreërskrywer stel ook in Hebreërs 3:5–6:

⁵ Moses was wel as tempeldienaar getrou in God se hele huis, tot ’n getuienis van wat verkondig sou word, ⁶ maar Christus was as Seun getrou oor sy huis; en ons is sy huis as ons bly vashou aan die vrymoedigheid en hoop waarop ons ons beroem.”

⁵καὶ Μωϋσῆς μὲν πιστὸς ἐν ὅλῳ τῷ οἴκῳ αὐτοῦ ὡς θεράπων εἰς μαρτύριον τῶν λαληθησομένων,
⁶Χριστὸς δὲ ὡς υἱὸς ἐπὶ τὸν οἶκον αὐτοῦ· οὗ οἶκός ἐσμεν ἡμεῖς, ἐάν[περ] τὴν παρρησίαν καὶ τὸ καύχημα τῆς ἐλπίδος κατάσχωμεν.

Die Hebreërskrywer se vergelyking en kontrastering tussen Jesus en Moses se getrouheid volgens hierdie verse het ten doel om Jesus as getroue Een se voortreflikheid te beklemtoon (Cockerill, 2012:167). In wese verskil Jesus as getroue persoon op twee maniere van Moses. In die eerste opsig was Jesus getrou as “Seun” terwyl Moses getrou was as “dienaar”, en in die tweede opsig was Moses bloot as ’n lid in die huishouding van God getrou terwyl Jesus as heerser oor die huishouding getrou was (Coetsee, 2014:177–178). Jesus Christus se getrouheid het onlosmaaklik te doen met sy hoëpriesterlike taak om versoening van sondes te bewerkstelling (Heb. 2:17) (Guthrie, 1989:99). Dit beteken dat Jesus foutloos en gehoorsaam op die regte wyse,

as die bevoegde persoon die regte offer vir God in die regte heiligdom ter wille van mense moes bring.

3.4 Jesus Christus se ampte

3.4.1 Jesus Christus as priester (ἱερεύς) en hoëpriester (ἀρχιερεύς)

Die Hebreërskrywer gebruik die term hoëpriester tien keer as hy na Jesus verwys (Heb. 2:17; 3:1; 4:14, 15; 5:5, 10; 6:19; 7:26; 8:1; 9:11). Jesus as God se Seun het Homself nie as hoëpriester aangewys nie, God het (Heb. 5:10). “Jesus het nie Homself vereer om hoëpriester te word nie; die Een wat Hom vereer het, was God, wat vir Hom gesê het: ‘Jy is my Seun, vandag het Ek jou verwek’” (Heb. 5:5).

Jesus word nie net as hoëpriester voorgehou nie, maar ook as die groot priester (ἱερέα μέγαν) (Heb. 10:21) en “priester vir ewig” (Σὺ ἱερεὺς εἰς τὸν αἰῶνα) (Heb. 5:6; 6:20; 7:17 [Ps. 110:4]; 7:21 [Ps. 110:4]). Die frase “Jy is priester vir ewig” (Σὺ ἱερεὺς εἰς τὸν αἰῶνα) verskyn slegs een keer alleenstaande sonder die kwalifikasie: “volgens die orde van Melgisedek”. (Heb. 7:21 [Ps. 110:4]). Die ander verwysings in Hebreërs 5:6; 6:20; 7:17 (Ps. 110:4) beskryf Jesus as “Jy is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek” (Σὺ ἱερεὺς εἰς τὸν αἰῶνα κατὰ τὴν τάξιν Μελχισεδέκ) (Heb. 7:17 [Ps. 110:4]) of “hoëpriester vir ewig volgens die orde van Melgisedek” (Ἰησοῦς, κατὰ τὴν τάξιν Μελχισεδέκ ἀρχιερεύς γενόμενος εἰς τὸν αἰῶνα).

Omdat Jesus nie uit die nageslag van Aäron of die Leviete kom nie, kon Hy nie volgens die Ou-Testamentiese vereistes regmatig 'n hoëpriester uit daardie priesterorde wees nie (Heb. 5:4; Eks. 28:1–43; Num. 3:1–9). Die rede was omdat Jesus uit die stam Juda voortgespruit het (Heb. 7:13–14). Tog is Jesus regmatig priester en hoëpriester volgens 'n ander orde, en dit is dié van Melgisedek (Heb. 6:19). Jesus is deur God self aangewys en aangestel. Jesus het aan die vereistes van hoëpriesterskap voldoen (Heb. 5:1–10). Hierdie priesterorde van Melgisedek is voortrefliker as die Levitiese priesterorde (Gen. 14:18–24; Ps. 110:4; Heb. 7:1–12).

Omdat Jesus volkome God en volkome mens is, was Hy volkome in staat om die volmaakte, eenmalige, vlekkelose, noodsaaklike offer vir die versoening van mense se sondes aan God te offer (Heb. 7:27; 8:3; 9:14; 10:14).

3.4.2 Jesus Christus as koning (βασιλεύς)

Die bespreking van Jesus Christus se priesterskap volgens die orde van Melgisedek wys dat Jesus en Melgisedek unieke eienskappe deel. Hebreërs 7:2 leer dat Melgisedek se naam, as dit vertaal word, beteken “koning van geregtigheid” (βασιλεὺς δικαιοσύνης). Melgisedek is ook bekend

as “koning van Salem”, dit is “koning van vrede” (δὲ καὶ βασιλεὺς Σαλήμ, ὃ ἐστὶν βασιλεὺς εἰρήνης) (Heb. 7:2 [Gen. 14:8]). Melgisedek was dus beide priester en koning.

Daar is reeds op Jesus se regmatige priesterskap gedui, maar Hy is weliswaar ook koning. Nêrens word eksplisiet volgens die Hebreërskrywer gesê: “Jesus is koning nie”. Daar is egter voldoende bewyse daarvoor vanuit die Hebreërpreek. Reeds aan die begin van Hebreërs beskryf die skrywer volgens Hebreërs 2:9 dat Jesus “met heerlikheid en eer gekroon” is (Ἰησοῦν ... δόξῃ καὶ τιμῇ ἐστεφανωμένον). Buiten vir die kroning van Jesus is die unieke frase “Jy is my Seun; vandag het Ek jou verwek” volgens Hebreërs 1:5a ’n aanhaling uit Psalm 2:7, wat ’n koningspsalm is en waarskynlik by die kroningseremonie van ’n nuutgekreunde koning gelees is (Goldingay, 2006:100; Kidner, 1973:66). In Hebreërs 1:5b haal die Hebreërskrywer 2 Samuel 7:14 aan waar God aan Dawid belowe dat die Een uit sy nageslag se “koninklike troon vir altyd” sal vasstaan. Jesus se troon is dan natuurlik volgens die Hebreërskrywer “aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes” (Heb. 1:3; 8:1; 10:12; 12:2). Jesus as koning se vyande is “’n voetbank” vir sy voete (Heb. 1:13 en 10:12). Daar is dan natuurlik nog die aanhaling in Hebreërs 1:8-9 uit Psalm 45:7-8 (LXX Ps. 44:7-8):

⁷“U troon, o God is vir altyd en altyd, die septer van u heerskappy is ’n regverdige septer.

⁸U het geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, o God, het u God u met olie van vreugde gesalf – meer as u metgeselle”.

Psalm 45 (LXX Ps. 44:7-8) is ’n koningspsalm wat deur sommige akademici as Messiaans geïnterpreteer word (Bateman, 2001:5; Postell, 2019:160-163). Volgens die Hebreërskrywer wys Psalm 45 geheel en al op Jesus Christus (Heb. 1:8). Daar is nog veel meer te sê rakende die koningskap van Jesus Christus volgens die Hebreërpreek. Bogenoemde argumente is egter die oortuigendste en duidelikste bevestiging dat Jesus Christus volgens die Hebreërpreek as volkome God en volkome mens die amp van koning bekleed en volvoer.

3.4.3 Jesus Christus as profeet (προφήτης)

Met die intreeslag van die Hebreërpreek laat val die Hebreërskrywer die fokus op God wat praat (Homself openbaar). God het in die ou tyd baie kere en op baie maniere deur die profete gepraat (Heb. 1:1). Die Ou-Testamentiese profete het die waarheid vanaf die Here gekry en het dit aan die volk bekend gemaak. Die profete het op grond van God se waarheid onder andere na die verlossing wat vanaf God kom gewys. Daarteenoor is Jesus Christus self Here, self Verlosser en self die inhoud van God se waarheid (Heb. 2:3; Heb. 5:9 en Heb. 10:5-9; Heb. 12:24). Dit is uit Hebreërs 1:1-2a duidelik dat God nou gedurende die eindtyd deur Jesus Christus praat:

“¹In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, ²maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur sy Seun.”

¹Πολυμερῶς καὶ πολυτρόπως πάλαι ὁ Θεὸς λαλήσας τοῖς πατράσιν ἐν τοῖς προφήταις ²ἐπ’ ἐσχάτου τῶν ἡμερῶν τούτων ἐλάλησεν ἡμῖν ἐν Υἱῷ

Hierdie profetiese diens (om God se spraak bekend te maak) wat Christus beklee en volvoer, word regdeur die Hebreërpreek beklemtoon (Heb. 1:3; 2:3, 12–13; 10:5–9; 12:25–26). Die Hebreërskrywer wil nie bloot God se spreke in die ou tyd en eindtyd in sy preek vergelyk nie, maar wil deur ’n vergelyking en kontrastering aandui dat God se spreke in die eindtyd deur die Seun voortrefliker is as in die ou tyd. Dit is nie voortrefliker in die opsig dat die ou tyd se openbaring minder waar en die eindtyd se openbaring meer waar is nie (O’Brien, 2010:49). Die volgende redes kan egter aangevoer word daarvoor dat God se spreke deur sy Seun voortrefliker is (O’Brien, 2010:48–51):

- Dit is dieselfde God wat in die Ou en Nuwe Testament praat en dus is beide God se spreke in die ou tyd en in die laaste dae waar (Bruce, 1991:45). God se spraak in die Ou Testament was egter progressief, maar in Jesus Christus kom al God se woorde in die Ou Testament in die lig van God se finale spreke deur sy Seun bymekaar.
- God se finale en beslissende woorde het nie deur “voorvaders” en “profete” in die “ou tyd” gekom nie, maar in die eindtyd (“in die laaste dae”) deur sy Seun. God se spreke bereik dus ’n klimaks wanneer Jesus Christus die finale tydsbedeling op aarde inisieer waartydens God sprekend met die mensdom handel (Heb. 9:6–10; 10:25).
- God se spreke in die ou tyd was profesieë wat gewag het op vervulling. Die Seun deur wie God in die eindtyd spreek is die vervulling van daardie profesieë.
- God se finale woorde kom deur “’n Seun” (Heb. 1:3). Dit dui op Jesus wat anders as engele (Heb. 1:4, 5, 13; 2:2–3, 18), Moses (Heb. 3:1–6; 11:23–29, 39), Josua (3:7–4:10), en Aäron (Heb. 5:4), wat bloot dienaars is, die “een is wat ’n Seun is” (Guthrie, 1989:63). Na sy spreke op aarde het Hy as Seun ’n verheerlike posisie aan die regterhand van die Vader ingeneem, wat op sy voortreflikheid dui (Heb. 1:3).

Hieruit is dit dus duidelik dat alhoewel God in die verlede deur verskeie profete gepraat het, sy spreke deur sy Seun nog beter is.

3.4.4 Jesus Christus as apostel (ἀπόστολος)

Die Hebreërskrywer beskryf Jesus volgens Hebreërs 3:1 as: “die apostel en hoëpriester van ons belydenis” (τὸν Ἀπόστολον καὶ Ἀρχιερέα τῆς ὁμολογίας ἡμῶν Ἰησοῦν). Dit is die enigste keer in die Nuwe Testament waar Jesus Christus as apostel beskryf word. Hy bevestig self in Johannes 17:18 dat Hy die gestuurde van die Vader is.

Jesus Christus is as gestuurde van die Vader die perfekte en volmaakte vervuller van die taak waarvoor Hy gestuur is. As apostel verteenwoordig Hy God by die mens en as hoëpriester verteenwoordig Hy mense by God (Guthrie, 198:102). Wanneer die Hebreërskrywer Jesus Christus as apostel (ἀπόστολος) beskryf, dan erken hy dat Jesus die gevolmagtigde gestuurde van God is om self die inhoud van gelowiges se belydenis te wees. Jesus beklee hierdie diens van apostel omdat God Hom aangewys het en Hy volvoer dit volkome aangesien Hy volkome God en volkome mens is.

3.5 Jesus Christus se name en beskrywings

3.5.1 Jesus (Ἰησοῦς)

Die Hebreërskrywer gebruik die naam Jesus dertien keer (Heb. 3:1; 4:8, 14; 6:20; 7:22; 8:1; 10:10, 19; 12:2, 24; 13:8, 12, 21). Dit is die Griekse naam wat vertaal is uit die Hebreeuse יֵשׁוּעַ Jeshua, wat 'n latere vorm van יְהוֹשֻׁעַ Joshua was (BDAG, 2000:471). Die naam Jesus (Ἰησοῦς) wat in Hebreërs 4:8 gebruik word, verwys egter nie na Jesus Christus nie. Die konteks in Hebreërs 4:8 dui eerder daarop dat die naam Jesus (Ἰησοῦς) as Josua vertaal moet word. Dit is Josua die opvolger van Moses as leier vir die volk Israel (Jos. 1).

Dus verwys die naam Jesus in Hebreërs twaalf keer na Jesus en een keer na Josua, die opvolger van Moses (Heb. 4:8). Hierdie naam יֵשׁוּעַ Jeshua/Jesus beteken “Jahwe is redder” en kom vanaf die Hebreeuse werkwoordstam יָשַׁע wat beteken “om te help of te red (NIDNTTE, 2014:527). Hierdie naam in Hebreërs verwys na die Jesus van Nasaret soos aangedui in die evangelieskrywers se geslagsregisters (Matt. 1:1–17; Luk. 3:23–38). Hy word genoem Verlosser (Luk. 2:11).

3.5.2 Christus (Χριστός)

Die naam Christus verskyn twaalf keer in Hebreërs (Heb. 3:6, 14; 5:5, 7; 6:1; 9:11, 14, 24, 28; 10:10, 12; 13:8). Dit is die vertaling van die Hebreeuse en Aramese titel Messias (מָשִׁיחַ) (Louw &

Nida, 1996:831; NIDNTTE, 2014:688). Volgens die Hebreërskrywer is Jesus die Christus, naamlik die “Gesalfde” van God wat as vervuller van die Israelitiese verwagting van ’n gesalfde (messias) redder gekom het (BDAG, 2000:1091).

3.5.3 Seun (υἱός) of Seun van God (υἱὸς τοῦ θεοῦ)

Die naam “Seun” vir Jesus verskyn slegs vier keer in Hebreërs (Heb. 1:5; 3:6; 5:8; 7:28). Die benaming “Seun van God” verskyn vier keer, soos te sien in Hebreërs 4:14; 6:6; 7:3; 10:29. Dit dui daarop dat Jesus Christus, alhoewel Hy volkome mens is, ook volkome God is (Heb. 1:5). Hy is God se eniggebore (μονογενής) Seun (Joh. 3:16).

3.5.4 Eersgeborene (πρωτότοκος)

Hierdie beskrywing van Jesus verskyn slegs een keer in Hebreërs 1:6, wat sê:

“Maar wanneer Hy die eersgeborene weer in die wêreld inlei, sê Hy: ‘En laat al die engele van God Hom aanbid’”

ὅταν δὲ πάλιν εἰσαγάγῃ τὸν πρωτότοκον εἰς τὴν οἰκουμένην, λέγει Καὶ προσκυνήσάτωσαν αὐτῷ πάντες ἄγγελοι θεοῦ.

Jesus se benaming as πρωτότοκος dui op sy superioriteit (Moffat, 1924:11). Dit beklemtoon die voortreflike status wat Jesus het. In die Ou-Testamentiese tye is die oudste seun as eersgeborene as die belangrikste seun gesien en hy het spesiale voorregte geniet (Gen. 25:5–6; 27:35–36; 37:21–24; Ellingworth & Nida, 1983:16). Met hierdie benaming word Jesus aangedui as die belangrikste mens wat ooit sal lewe. Hy is immers God wat van ewigheid af bestaan en in die wêreld ingelei word. Die benaming eersgeborene moet hier in die Hebreërkonteks verstaan word as ’n term wat op belangrikheid dui eerder as op letterlik “eerste gebore”. Dit is ook te sien waar die volk Israel as God se eersgeborene beskryf word (Eks. 4:22–23; vgl. Heb. 11:28), asook Dawid wat volgens Psalm 89:28 God se “eersgeborene” genoem word. Hier in Hebreërs 1:6 is dit dan die beskrywing van Jesus as die verhewe, belangrike en voortreflike Een (Heb. 1:6; Op. 1:5; Kol. 1:15, 18).

3.5.5 Middelaar (μεσίτης)

Jesus word drie keer beskryf as ’n middelaar (μεσίτης), en elke keer in verband met verbond. Hebreërs 8:6 sê:

“Maar nou het Jesus ’n meer verhewe bediening verkry, in dié sin dat Hy ook middelaar is van ’n uitnemender verbond”

νῦν[ι] δὲ διαφορωτέρας τέτυχεν λειτουργίας, ὅσω καὶ κρείττονός ἐστιν διαθήκης μεσίτης, ἥτις ἐπὶ κρείττοσιν ἐπαγγελίαις νενομοθέτηται

Die Hebreërskrywer sê in Hebreërs 9:15 “is Hy juis daarom middelaar van ’n nuwe testament” (Καὶ διὰ τοῦτο διαθήκης καινῆς μεσίτης ἐστίν) en in Hebreërs 12:24 leer hy: “en [julle het gekom] by Jesus, die middelaar van ’n nuwe verbond, en by die bloed wat gesprinkel is, en wat sterker praat as dié van Abel” (καὶ διαθήκης νέας μεσίτη Ἰησοῦ, καὶ αἵματι ῥαντισμοῦ κρείττον λαλοῦντι παρὰ τὸν Ἀβελ).

Jesus as middelaar dui op die feit dat Hy tussen die mens en God optree om die mens se saak by God te bemiddel (BDAG, 2000:634). Sodoende gee sy middelaarswerk die versekering dat die mense in die nuwe verbond se saak met God reg is (Louw & Nida, 1996:367). Om hierdie sekerheid tussen God en mens te bring moes Jesus, wat volkome God en volkome mens is, tussenbeide tree om in sy hoëpriesterlike hoedanigheid volgens God se wet ’n gebroke verhouding as gevolg van die mens se sonde, reg te stel.

3.5.6 Borg (ἔγγυος)

Die beskrywing van Jesus as ’n borg (vanaf ἔγγυος) in Hebreërs 7:22 is ’n *hapax legomenon*. Die Hebreërskrywer beskryf Jesus as ’n “borg” van ’n beter verbond (Heb. 7:22). Louw en Nida (1996:666) verwoord die betekenis van ἔγγυος as iemand wat die versekering van ’n werklikheid bied. Hierdie woord word in buite-Bybelse papiirusdokumente vir iemand gebruik wat tydens ’n kontrak as ’n vennoot alle wetlike verpligtinge van ’n waarborgooreenkoms aanvaar (Van De Kamp, 2010:186).

Jesus wat as volkome God en volkome mens priester vir ewig is, is die versekering dat die realiteit van ’n beter verbond deur Nuwe-Testamentiese gelowiges beërf word. Die beskrywing ἔγγυος dui op ’n pand wat gegee is om sekerheid te bied dat die persoon wat die pand gee sy deel van die ooreenkoms sal handhaaf (Guthrie, 1989:168). In die geval van die verbond, het God die verbond met die mens geïnisieer. Hy gee Jesus as daardie pand/borg dat Hy sy verbond sal eerbiedig. Jesus is volkome God en mens wat al die wetlike verpligtinge van die verbondsverhouding tussen God en mens aanvaar en nagekom het sodat gelowiges in ’n beter verbond mag leef.

3.5.7 Leidsman (ἀρχηγός)

Die Hebreërskrywer verwys twee keer na Jesus Christus as leidsman volgens Hebreërs 2:10 en Hebreërs 12:2. Hebreërs 2:10 stel:

“Dit was immers gepas dat Hy, vir en deur wie alles bestaan, ten einde baie kinders tot heerlikheid te lei, die leidsman van hulle verlossing deur lyding tot volmaaktheid sou bring.”

πρεπεν γὰρ αὐτῷ, δι' ὃν τὰ πάντα καὶ δι' οὗ τὰ πάντα, πολλοὺς υἱοὺς εἰς δόξαν ἀγαγόντα τὸν ἀρχηγὸν τῆς σωτηρίας αὐτῶν διὰ παθημάτων τελειῶσαι.

Hebreërs 12:2 stel:

“die oog gerig op Jesus, die leidsman en voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het.”

ἀφορῶντες εἰς τὸν τῆς πίστεως ἀρχηγὸν καὶ τελειωτὴν Ἰησοῦν, ὃς ἀντὶ τῆς προκειμένης αὐτῷ χαρᾶς ὑπέμεινεν σταυρὸν αἰσχύνης καταφρονήσας ἐν δεξιᾷ τε τοῦ θρόνου τοῦ θεοῦ κεκάθικεν.

Die woord leidsman wys op 'n persoon wat 'n stigter van 'n nuwe saak of realiteit is, soos wat 'n grondlegger 'n nuwe stad tot stand bring of vestig wat nie voorheen daar was nie (BDAG, 2000:138–139). Dit dui dus op om iemand wat voorgaan en die weg vir ander baan. Dit dui op iemand wat leiding gee en voorgaan om die pad te wys (Guthrie, 1989:88). Dit dui egter op baie meer as 'n leier as sodanig, maar op iemand wat 'n weg oopmaak wat nog nie voorheen oop was nie (Ellingworth & Nida, 1983:40). Dit is 'n woord wat dui op 'n oorsaak of bron van 'n nuwe werklikheid waarin ander mag deelhê. Jesus as ἀρχηγός dui op Hom wat die grondlegger, outeur en bron van mense se verlossing en geloof is (BDAG, 2000:138; NIDNTTE, 2014:418).

3.5.8 Voorloper (πρόδρομος)

Met die verskyning van πρόδρομος slegs een keer in die Nuwe Testament, is dit ook 'n sogenaamde *hapax legomenon*. Hebreërs 6:19–20 sê:

¹⁹ Ons het hierdie hoop as 'n veilige en stewige anker van die siel, wat tot aan die binnekant van die voorhangsel ingaan. ²⁰ Dit is waar Jesus, ons voorloper, ter wille van ons ingegaan het.”

¹⁹ ἦν ὡς ἄγκυραν ἔχομεν τῆς ψυχῆς ἀσφαλῆ τε καὶ βεβαίαν καὶ εἰσερχομένην εἰς τὸ ἐσώτερον τοῦ καταπετάσματος, ²⁰ ὅπου πρόδρομος ὑπὲρ ἡμῶν εἰσῆλθεν Ἰησοῦς, κατὰ τὴν τάξιν Μελχισέδεκ ἀρχιερεὺς γενόμενος εἰς τὸν αἰῶνα.

Volgens BDAG (2000:867) dui *πρόδρομος* op iemand wat vooruit hardloop. Die essensie van hierdie betekenis van *πρόδρομος* word egter van nader beskryf as een wat vir ander se onthalwe vooruit gegaan het om 'n ervaring of realiteit te beleef sodat hulle met sekerheid kan weet dat hulle dit ook gaan beleef (Louw & Nida, 1996:466). Jesus as voorloper in die teenwoordigheid van God is dus die sekerheid wat gelowiges kan hê dat hulle met vrymoedigheid in God se teenwoordigheid kan nader, maar ook dat hulle werklik God se teenwoordigheid sal beleef – danksy die voorloper.

3.5.9 Here (ὁ Κύριος)

Die Hebreërskrywer gebruik drie keer die naam “Here” (ὁ Κύριος) om Jesus te beskryf in Hebreërs 1:10, 7:14 en 13:20. Die naam “Here” bevestig dat Jesus Christus werklik God is. Hy is nie net 'n aardse eienaar met gesag nie, maar is transendent as regeerder met bo-natuurlike mag en gesag (BDAG, 2000:577; Louw & Nida, 1996:138 en NIDNTTE, 204:775) Dieselfde benaming wat die volk vir God in die Ou Testament gebruik het (Ps. 110: 4 [LXX 109:1] en Heb. 7:21), word vir Jesus in Hebreërs gebruik. Die Hebreërskrywer erken ook in Hebreërs 7:14 en 13:20 dat Jesus vir die gelowiges “ons Here is” (ὁ κύριος ἡμῶν).

3.5.10 Voleinder (τελειωτής)

Jesus word een keer in Hebreërs 12:2 die “voleinder van die geloof” genoem (ἀφορῶντες εἰς τὸν τῆς πίστεως ... τελειωτὴν Ἰησοῦν). Jesus as “voleinder” (τελειωτής) dui moontlik daarop dat Jesus, anders as Josua (Heb. 4:8), die krag het om gelowiges tot die einde van hulle bestemming te bring. Daarom is Hy beide die bron van geloof en vrymoedigheid om met volharding tot God te nader (Ellingworth & Nida, 1983:290). Volgens O'Brien (2010:454) dui *τελειωτής* moontlik op 'n gedeelde ervaring van menslike belange waar een persoon of groep 'n saak inisieer of begin en 'n ander dit weer voltooi of vervolmaak.

Gegewe die betekenis *τελειωτής* is dit dus duidelik dat Jesus nie net die grondlegger, outeur en bron van geloof en verlossing is nie, maar ook die een wat die voleinder daarvan is sodat gelowiges daarin mag deel. Hy is nie net die een wat geloof en redding inisieer nie, maar ook voleindig (Louw & Nida, 1996:657). Hy bring geloof en verlossing tot suksesvolle gevolg, van begin tot einde (BDAG, 2000:997).

3.5.11 Groot Herder (μέγας ποιμήν)

Jesus is volgens Hebreërs 13:20 “die groot herder van die skape” (Ὁ δὲ θεὸς τῆς εἰρήνης, ὁ ἀναγαγὼν ἐκ νεκρῶν τὸν ποιμένα τῶν προβάτων τὸν μέγαν). Hier gebruik die Hebreërskrywer 'n verwysing “herder van die skape” vanuit Jesaja 63:11 en maak dit van toepassing op Jesus Christus. Die konteks

van Jesaja 63:11 is die geskiedenis van die Here wat die volk Israel onder Moses se leiding deur die Rooisee uit Egipteland gelei en gered het. Hierdie gedeelte ag Moses as 'n herder van Israel wat onder die hand van die Here vir Israel gelei het (Bruce, 1991:388). Jesus word egter deur die Hebreërskrywer as die groot herder beskryf, wat daarop dui dat Hy onvergelykbaar verhewe teenoor Moses is en dat Hy self die Here is (O' Brien, 2010:534). Die Here is self die groot herder van die kudde in die Ou Testament en die Nuwe Testament (Eseg. 34:10–16; Joh. 10:11, 14). Die Here Jesus is dus nie bloot 'n menslike herder nie, maar is God self.

3.6 Jesus Christus se werke

3.6.1 Jesus se werke in verband met die skepping

Dit is besonders hoe die Hebreërskrywer Jesus se betrokkenheid as God by die skepping beklemtoon. Volgens Hebreërs 1:2 het God deur Jesus die wêreld geskep. Die Hebreërskrywer bevestig dit met 'n aanhaling uit Psalm 102:25–27 (LXX Ps. 101:28) waar hy na Christus verwys in Hebreërs 1:10–12:

¹⁰“U het aan die begin, o Here, die aarde se fundamente gegrondves, en die hemele is die werk van u hande. ¹¹Hulle sal vergaan, maar U bly bestaan. Soos 'n kledingstuk sal hulle almal verslyt, ¹²en soos 'n mantel sal U hulle oprol; soos 'n kledingstuk sal hulle vervang word”

¹⁰Σὺ κατ' ἀρχάς, κύριε, τὴν γῆν ἐθεμελίωσας, καὶ ἔργα τῶν χειρῶν σου εἰσιν οἱ οὐρανοί. ¹¹ αὐτοὶ ἀπολοῦνται, σὺ δὲ διαμένεις, καὶ πάντες ὡς ἱμάτιον παλαιωθήσονται, ¹² καὶ ὡσεὶ περιβόλαιον ἐλίξεις αὐτούς, ὡς ἱμάτιον καὶ ἀλλαγήσονται· σὺ δὲ ὁ αὐτὸς εἶ καὶ τὰ ἔτη σου οὐκ ἐκλείψουσιν.

Uit hierdie gedeeltes wys die Hebreërskrywer op Jesus wat as God direk by die skeppingsgewerk betrokke is. Jesus bestaan dus reeds voor die skepping en die skepping is 'n gevolg van sy kragtige werking. Hy is so kragtig dat Hy die aarde en hemele soos 'n mantel sal oprol. Dit is dan duidelik dat Jesus wat as volkome mens onder mense gewandel het, alles behalwe bloot mens is – Hy is die almagtige skepper.

3.6.2 Jesus se werke in verband met onderhouding van die skepping

In Hebreërs 1:3 sê die Hebreërskrywer: “Hy hou alles in stand deur sy magtige woord” (φέρων τε τὰ πάντα τῷ ῥήματι τῆς δυνάμεως αὐτοῦ). BDAG (2000:1052) definieer die woord “onderhou” (φέρων vanaf φέρω) as “om te dra”. Hiermee lei BDAG (2000:1052) tereg af dat “om te dra” beteken “om te veroorsaak dat iets in 'n toestand kan voortgaan”. Dit gaan oor die handhawing van 'n realiteit of staat (Louw & Nida, 1996:152). Jesus Christus onderhou, handhaaf en stel die skepping in

staat om te bestaan en voort te bestaan deur sy magtige woord. Jesus Christus “dra alles voort” na hul bestemde rigting (Bruce, 1991:49). Die wêreld se bestaan en voortbestaan is dus nie vanweë ’n eie inherente krag nie, maar dit het deur Jesus se magswoord tot stand gekom en word deur Jesus se magswoord onderhou en gedra (Ps. 33:6, 9; Jes. 55:11) (Van De Kamp, 2010:49). Van De Kamp (2010:49) wys verder tereg uit hoe hierdie voortdra op koestering en versorging dui (Num. 11:14; Deut. 1:9). Dit is nie ’n onpersoonlike, gesiglose krag wat in die verlede afgehandel is nie, maar dit is die versorgende handhawing deur die magswoord van Jesus self wat op ’n voortdurende basis voortgaan soos die teenwoordige deelwoord φέρων aandui.

3.6.3 Jesus se werke in verband met die voleinding

Die Hebreërskrywer verkondig dat Jesus ook by die voleinding van alle dinge handelend optree (Heb. 12:26–27) (Coetsee, 2018:12). In die perikoop van Hebreërs 12:14–29, wat as ’n waarskuwing dien om nie God se genade te verwerp nie, sê die Hebreërskrywer in Hebreërs 12:26–27 (Hag. 2:6):

²⁶“Destyds het sy stem die aarde geskud, maar nou het Hy die volgende aangekondig: “Nog een keer sal Ek nie net die aarde skud nie, maar ook die hemel.” ²⁷En hierdie uitdrukking “nog een keer” wys op die verandering van die wankelbare dinge – aangesien hulle geskape is – sodat die onwankelbare dinge sal bly.”

²⁶οὐ ἡ φωνὴ τὴν γῆν ἐσάλευσεν τότε, νῦν δὲ ἐπήγγελλται λέγων, “Ἐπὶ ἅπαξ ἐγὼ σείσω οὐ μόνον τὴν γῆν ἀλλὰ καὶ τὸν οὐρανόν. ²⁷τὸ δὲ “Ἐπὶ ἅπαξ” δηλοῖ [τὴν] τῶν σαλευομένων μετὰθεσιν ὡς πεποιημένων, ἵνα μείνῃ τὰ μὴ σαλευόμενα.

Hebreërs 12:26–27 (Hag. 2:6) verwoord dat die skepping soos die mens dit ken, nie blywend in die toestand waarin dit tans bestaan sal voortbestaan nie. Die Hebreërskrywer het immers reeds aangedui dat die voortbestaan van alle dinge deur Jesus Christus se woord na ’n eindbestemming voortgedra word (vgl. 3.6.2). Die skepping soos dit voor die voleinding bestaan sal dus ’n eindbestemming in die voleinding bereik deur Christus se toedoen. Hebreërs 1:12 beskryf hierdie eindbestemming van die skepping as ’n veranderingsproses waar Christus dit soos ’n mantel sal oprol en soos ’n kledingstuk sal vervang”. Cockerill (2012:114) laat val die fokus op die Seun se almag met die voleinding wanneer hy tereg sê: “Dit sal vir die Seun geensins moeiliker wees om hierdie skepping te verwyder nie as vir ’n mens om ’n jas of kombers op te vou nie”. Hebreërs 12:26–27 (Hag. 2:6) belig dan die wyse waarop die skepping sal verander wanneer Christus met die voleinding hierdie veranderingsproses teweeg bring. Dit is die verandering van die “wankelbare” na die “onwankelbare”.

Vir hierdie verandering om plaas te vind sê die Here sal Hy alles nog een keer skud (σαλεύω). Om hierdie “skud” in Hebreërs 12:26–27 korrek te verstaan moet daar eers kortliks na die konteks van die aanhaling uit Haggai 2:6 gekyk word. Die teks verskyn binne die konteks van die profeet Haggai wat die volk oproep om die uitgestelde bouwerk van die tempel te hervat. Die volk Israel was ten tye van Haggai se profesieë terug in Jerusalem na hulle terugkeer uit Babiloniese ballingskap. In Haggai 2:6 sê die Here die volgende te midde van die bouwerk aan die tempel wat sloer: “Die Here, Heerser oor alle magte het immers gesê, ‘Nog een keer, binnekort, sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe” (Hag. 2:6). Die “nog een keer” dui op die feit dat Hy die aarde “destyds” (Heb. 12:26) geskud het. Hiermee verwys die Here terug na die gebeure by die berg Sinai waar die berg geskud het omdat die Here daarop neergedaal het (Eks. 19:18; Rigt. 5:4–5; Ps. 68:8; 77:18; 114:4, 7) (Morris, 1981:144). Haggai 2:6 het ten doel om vir die volk te sê dat die Here op ’n bo-natuurlike wyse skudding sal veroorsaak sodat die nasies hulle skatte kan bring vir die herbou van die tempel (Baldwin, 1972:51).

Wanneer die Hebreërskrywer Haggai 2:6 in Hebreërs 12:26–27 aanhaal, wil hy daarmee die volgende aan die hoorders stel: “in die verlede het God se stem die aarde by Sinai geskud ... maar nou, deur sy Seun, bly die volgende belofte van krag: nog een keer sal Ek die aarde skud, maar nie net die aarde nie, ook die hemele” (Coetsee, 2018:11). Hierdie skudding volgens Hebreërs 12:26–27 en die perspektief van Hebreërs 1:10–12 dui op Jesus wat die voleinding van die skepping teweeg bring waar die wankelbare sal ruimte maak vir die onwankelbare, ewige, ongeskape werklikheid. Hierin tree Jesus dus as voleinder op.

3.6.4 Jesus se werke in verband met verlossing en versoening

Jesus Christus het as God na hierdie wêreld toe gekom om God se wil te doen (Heb. 10:5–7 [Ps. 40:7–9]; Luk. 24:27). In Psalm 40:7–9 sê die psalmdigter dat offers van welke soort (slagoffers, graanoffers, brandoffers en reinigingsoffers) sekondêr is teenoor gehoorsaamheid aan God se wil soos in die boekrol (die boekrol verwys waarskynlik na die Pentateug, ook vgl. 2 Kon. 22:13) geskryf staan (Goldingay, 2006:573–574; Kidner, 1973:177–178; Fee & Hubbard, 2011:329). Die Hebreërskrywer haal dan juis Psalm 40:7–9 in Hebreërs 10:5–7 aan om aan te dui dat die Ou-Testamentiese offerkultus bloot ’n skaduwee van onvoldoende diere-offers was wat na die toekomstige goeie dinge verwys het (Heb. 10:1). Diere-offers is onvoldoende om diegene wat aanbid tot volmaaktheid te bring (Heb. 10:2, 3–4). Daarom het Jesus in die volheid van die tye verskyn, nie om die offers van die skaduweebedeling te bring nie, maar om met sy koms ’n menslike liggaam wat deur God voorberei is, te offer (Guthrie, 1989:205–207). Christus het egter nie net Homself in ’n menslike liggaam vir God geoffer nie, maar het spesifiek deur sy gehoorsaamheid aan God die sonde vir eens en vir altyd ter syde gestel (Heb. 9:26). Hiervoor is

Jesus vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar (Heb. 2:9). Sodoende kon Hy as leidsman van verlossing baie kinders deur sy lyding tot volmaaktheid lei (Heb. 2:10). Deur Jesus se lydingsdood en gehoorsame eerbiedige onderworpenheid aan God, is Hy die een wat gelowiges heilig maak (Heb. 2:11 en 5:7).

Hierdie pad wat Jesus gestap het, was 'n moeilike lydingspad. Die Hebreërskrywer leer dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek/beproof is (Heb. 4:15). Hy het tydens sy aardse lewe smekinge en pleitbedes voor God gebring met harde krete en tranes (Heb. 5:7). Hy het gehoorsaamheid geleer deur dit wat Hy gely het (Heb. 5:8). Hy is gekruisig (Heb. 6:6). Volgens Hebreërs 9:12 het Hy "nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig." Sodoende is Jesus die "bron van ewige verlossing" (Heb. 5:9).

Die offer wat Jesus vir sondes gebring het fokus op sy aardse lewe en sy hoëpriesterlike taak om versoening vir sonde te bewerkstellig (Heb. 2:17). Jesus Christus se hoëpriesterlike werk is egter nie tot die aardse taak van 'n hoëpriester beperk nie. Die Hebreërskrywer leer dat "Jesus, ons voorloper" ter wille van gelowiges agter die voorhangsel tot aan die binnekant ingegaan het (Heb. 6:19). Dit beteken dat Hy as die "groot hoëpriester deur die hemele gegaan het" (Heb. 4:14). Hy het "die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig" (Heb. 9:12). Die Hebreërskrywer wys daarop dat Jesus nie bloot by 'n aardse allerheiligste deur die voorhangsel gegaan het nie, maar by die werklikheid in die hemele self. Hebreërs 9:23–24 leer:

"Dit was dus nodig dat die afbeeldings van wat in die hemele is, deur hierdie dinge gereinig word – maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. ²⁴Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn".

Jesus Christus volvoer sy hoëpriesterlike taak steeds in die hemele waar Hy ter wille van mense voor God verskyn – Jesus as volkome God en volkome mens is eg priesterlik ter wille van mense (Heb. 5:1).

3.6.5 Jesus se werke in verband met kommunikasie

Om die identiteit van Jesus van nader te ondersoek, is dit belangrik om op sy woorde in Hebreërs te let. Jesus Christus is immers die een deur wie God met die mens in die eindtyd praat (Heb. 1:2). Hebreërs 1:2 dui daarop dat God se spraak deur sy Seun 'n voortsetting van sy spraak deur die profete is, maar dat sy spraak deur sy Seun voortrefliker is vanweë die superioriteit van die

Seun as agent deur wie God spreek en die tydsbedeling waarbinne God die eskatologiese eindwoord kommunikeer (Griffiths, 2016:42).

Die Hebreërpreek bevat egter nie net God wat deur sy Seun as agent met die mens in die eindtyd praat nie, maar dit beskryf ook 'n voortdurende diskoers tussen die Vader en die Seun (Pierce, 2020:23–28):

Diskoers 1: Die Vader adresseer die Seun

- Die Vader adresseer die Seun (Heb. 1:1–14)
- Die Vader adresseer die Seun as hoëpriester (Heb. 5:1–10; 7:1–28)
- Die Vader praat van 'n nuwe verbond (Heb. 8:1–13)

Diskoers 2: Die Seun reageer op die Vader se spraak

- Jesus reageer in solidariteit met sy broers (Heb. 2:1–18)
- Jesus reageer met verwysing na sy offer (Heb. 10:1–10)

Vanuit hierdie indeling wys Pierce (2020:178) hoe die Vader by wyse van aanhalings die Seun se uniekheid en voortrefflikheid onderskei van die van mense en engele. In Jesus se spraak tot die Vader is dit duidelik dat Hy sy rol in die redding van sy broers en susters aanvaar en Homself gewillig aan die Vader onderwerp om getrou (Heb. 2:12–13) en gehoorsaam (Heb. 10:5–7) te wees (Pierce, 2020:24, 178–179).

Wat het Jesus egter volgens die Hebreërskrywer inhoudelik aan mense en die Vader tydens sy aardse lewe gesê? Jesus se spraak in die boek Hebreërs kan op twee maniere uitgelig word. Die eerste beskryf die feit dat Jesus in gesprek met die Vader en mense is en sodoende ook God se woorde aan mense bekend maak. Die tweede beskryf iets van die inhoud van hierdie woorde.

Wanneer daar na beskrywings van Jesus se woorde aan mense gekyk word, is die volgende gedeeltes van belang: Hebreërs 1:2; 2:3; 2:12–13; 5:7; 10:5; 10:7; 10:8; 10:9; 12:25. Hierdie gedeeltes dui op die volgende:

- Jesus se spraak (Heb. 1:2 – ἐπ' ἐσχάτου τῶν ἡμερῶν τούτων ἐλάλησεν ἡμῖν ἐν Υἱῷ,). Hierdie spraak van Jesus dui op die finaliteit van God se Woord deur sy Seun (Heb. 1:5b [2 Sam. 14a]; Ps. 2; Heb. 2:7), Messias en erfgenaam (Heb. 1:2 [Ps. 2:8]) (Griffiths, 2016:36, 41–42).
- Jesus se verkondiging van verlossing (Heb. 2:3 - ...σωτηρίας; ἥτις ἀρχὴν λαβοῦσα λαλεῖσθαι διὰ τοῦ Κυρίου...). Die verlossing wat Jesus verkondig is substansieel en het verrykende

implikasies (Heb. 1:14; 2:10; 5:7, 9; 6:9; 7:25; 9:28; 11:7). Dit het 'n eskatologiese fokus aangesien dit in die eskatologiese eindtyd (ἐπ' ἐσχάτου τῶν ἡμερῶν) verkondig word. Dit dui ook op 'n eskatologiese redding (Heb. 5:9; 6:9; 7:25; 9:28) waar dié wat hierdie boodskap van redding verwerp, nie God se oordeel sal kan ontvlug nie (Heb. 2:3a) (Griffiths, 2016:53–54)

- Lofsange (Heb. 2:12 - ἐν μέσῳ ἐκκλησίας ὑμνήσω σε).
- Gebede en voorbidding (Heb. 5:7 - ὅς ἐν ταῖς ἡμέραις τῆς σαρκὸς αὐτοῦ δεήσεις τε καὶ ἱκετηρίας).

Wanneer daar na die inhoud van Jesus se spraak volgens die Hebreërskrywer gekyk word, dan is meeste van die woorde wat Jesus sê aanhalings uit die Ou Testament wat op Hom van toepassing is. Hebreërs 2:12–13 bevat onderskeidelik drie aanhalings uit Psalm 22:3, Jesaja 8:18 en 2 Samuel 22:3. Weereens is Hebreërs 10:5–9 'n aanhaling uit Psalm 40:7–9.

Die inhoud van Jesus se spraak wys duidelik dat Hy dinge sê wat ooreenstem met die hoëpriesterlike werk wat Hy moes volvoer. Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat Jesus God se naam (wat verlossing behels – Heb. 2:3) aan die byeenkoms van sy broers (God se kinders) wou verkondig. Jesus het geweet dat Hy die regte offer (i.e., sy eie liggaam), volgens God se wil moes bring om die ou verbond te beëindig en 'n beter verbond, waarvan Hy die middelaar is, tot stand te bring.

Hebreërs 10:5–9, wat 'n aanhalings uit Psalm 40:7–9 is, belig die feit dat Jesus presies verwoord wat Hy as hoëpriester moes doen en wat God van Hom verwag het:

“⁵ Daarom sê Hy met sy koms na die wêreld: “Offerande en offergawe wou U nie hê nie, maar 'n liggaam het U vir My voorberei; ⁶ja, brandoffers en reinigingsoffers het U nie tevrede gestel nie. ⁷ Toe het Ek gesê, ‘Kyk, hier is Ek om u wil te doen, o God! Dit is in die boekrol oor My geskryf.’” ⁸ Eers sê Hy hierbo, “Offerandes en offergawes”, en “brandoffers en reinigingsoffers wou U nie hê, en het U nie tevrede gestel nie” – dit is wat volgens die wet geoffer word. ⁹ Dan sê Hy: “Kyk, hier is Ek om u wil te doen!” Hy beëindig die eerste, sodat Hy die tweede tot stand kan bring.”

Die boodskap van Psalm 40:7–9 sluit aan by die aanhaling uit Psalm 22:23 soos te sien in Hebreërs 2:12a. Die naam wat Christus aan sy broers verkondig hou direk verband met die goeie boodskap van geregtigheid wat in die byeenkoms in Psalm 40:10 verkondig is.

3.7 Gevolgtrekking: Die implikasies van Jesus se twee nature volgens die boek Hebreërs vir die vraag na sy “versoeking/beproewing” (πειράζω)

Vanuit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat Jesus nie ’n gewone mens is nie. Hy het nie gewone woorde gepraat, gewone werke gedoen, of tot ’n gewone einde gekom nie. Daar is oorsigtelik vasgestel wat die identiteit van Jesus volgens die Hebreërskrywer in die Hebreërpreek is. Daarom kan daar nou sekere gevolgtrekkings gemaak word oor die invloed, appèl en uitwerking van die versoeking/beproewing (vanaf πειράζω) wat Jesus beleef het.

Jesus se versoeking/beproewing (πειράζω) het begin toe Hy soos mense aan vlees en bloed deel gekry het (Heb. 2:14). Dit het met sy menswording, met sy koms na die wêreld begin (Heb. 10:15). Hy is in alle opsigte soos ander mense versoek/beproef (πειράζω) en het deur dit alles nie gesondig nie (Heb. 4:14–15; 5:8–9). As mens straal Hy die heerlijkheid van God en die ewebeeld van sy wese uit (Heb. 1:3), en was Hy ten volle gehoorsaam as die Seun van God (Heb. 5:8).

Die feit dat Jesus as sonder sonde, heilig, vlekkeloos en getrou beskryf word maak dit duidelik dat geen versoeking/beproewing (πειράζω) enige sonde of defek in Hom teweeg gebring het nie (Heb. 2:11, 17; 3:2, 5–6; 4:15; 7:26; 9:14). Hierin is die onveranderlikheid van sy godheid en volmaaktheid ook tydens sy aardse bestaan sigbaar (Heb. 1:12 [Ps. 102:28]). As die middelaar (μεσίτης) het Hy, deurdat Hy onder versoeking/beproewing (πειράζω) volhard het, sy middelaarswerk voltooi om ’n gebroke verhouding tussen God en mens te herstel. Sodoende het Hy inderdaad al die wetlike verpligtinge as vennoot nagekom om die pand/borg (ἔγγυος) van ’n beter verbond te wees.

Vanuit die Hebreërpreek is die invloed van versoeking/beproewing (πειράζω) op Jesus duidelik. Die Seun van God het as mens tydens sy aardse lewe smeking en pleitbedes voor God gebring met harde krete en tranen (Heb. 5:7). Hy het tot God uitgeroep en gehuil vanweë die aardse gebrokenheid waaronder Hy moes ly. Hebreërs 5:8 leer dat Hy gely het. Die woordjie “ly” (ἐπαθεν vanaf πάσχω) dui op slegte omstandighede waardeur iemand gaan (BDAG, 2000:785). Vir Christus het hierdie omstandighede beteken dat Hy gedurende sy hele aardse lewe met slegte omstandighede gekonfronteer is, maar dat dit ’n hoogtepunt bereik wanneer Hy gekruisig word omdat sy bloed moes vloei (Heb. 5:8; 6:6).

Die appèl wat hierdie versoeking/beproewing (πειράζω) op Jesus gemaak het, was dat Hy in gesindheid, woorde of optrede ontrou en ongehoorsaam moes word. Indien dit sou gebeur sou Jesus as die volmaakte Een sy karakter moes verander om sodoende ooreenkomstig die karakter van skuldige mense op te tree. Die uitwerking van versoeking/beproewing (πειράζω) op Jesus was

egter van so aard dat Hy Hom eerbiedig aan God onderwerp het en gehoorsaam gebly het (Heb. 2:11, 5:7, 8). Hy het getrou gebly (Heb. 2:17; 3:3, 5–6). Sodoende het Jesus tereg volgens Spader (2013:3) die volgende bewerk:

- Jesus as volkome God en volkome mens het weer die mens se heerskappy oor alles herstel (Heb. 2:5–9; vgl. Gen. 1:26–28; Ef. 1:20–22; 2:4–6; Op. 2:26–27; 3:21).
- Jesus as volkome God en volkome mens is in staat om baie seuns tot heerlikheid te lei (Heb. 2:10–13).
- Jesus as volkome God en volkome mens het Satan kragteloos gemaak en het sodoende die vrees vir die dood weggeneem en die bron van verlossing geword (Heb. 2:14–16).
- Jesus se volkome menslikheid stel Hom in staat om 'n barmhartige en genadige hoëpriester te wees, en sy godheid stel Hom in staat om as hoëpriester versoening vir sondes te bewerkstellig (Heb. 2:17–18).

Hierdie gevolgtrekkings uit die ondersoek na Jesus Christus se eienskappe, ampte, name en werke, toon duidelik dat Jesus Christus volkome God en volkome mens is. Dit is ondubbelsinnig en duidelik dat die identiteit van die versoekte/beproefde Een 'n sondelose, menslike, goddelike, koninklike, profetiese, apostoliese, hoëpriesterlike identiteit is. Hy is die middelaar, borg, voleinder, leidsman, voorloper, eersgeborene, Seun van God – die Here Jesus Christus. Boonop is Hy ewig, getrou, barmhartig, volmaak, onveranderlik en Hy straal die heerlikheid van God uit.

Dit is duidelik dat die versoeking/beproewing (πειράζω) van Jesus nie sy identiteit verander het nie, maar dat Hy as hierdie bogenoemde persoon versoeking/beproewing (πειράζω) beleef het. Vervolgens doen hierdie studie in die volgende hoofstukke ondersoek na die betekenis van versoeking/beproewing (πειράζω) vanuit die Nuwe Testament en die boek Hebreërs ten einde Jesus Christus se versoeking/beproewing (πειράζω) in Hebreërs 2:18 en 4:15 te verstaan.

HOOFSTUK 4 DIE BETEKENIS VAN ΠΕΙΡΑΖΩ IN ANTIEKE GRIEKSE LITERATUUR, DIE SEPTUAGINT, NUWE TESTAMENT EN VROEË CHRISTELIKE LITERATUUR

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om die werkwoord *πειράζω* wat in Hebreërs 2:18 en 4:15 in verband met Jesus gebruik word, te ondersoek. Die Hebreërskrywer sê die volgende rakende Jesus in Hebreërs 4:15: Hy is “Een wat ... in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het” (*πεπειρασμένον δὲ κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα χωρὶς ἁμαρτίας*). Die frase “alle opsigte” impliseer dat Jesus nie net op een manier soos mense versoek/beproof was nie, maar in “alle opsigte”. Dit beteken dus dat daar meer as een opsig is waarin mense “versoek/beproof” word. Om die primêre navorsingsvraag van hierdie ondersoek te beantwoord, is dit nodig om die verskillende betekenismoontlikhede van die *πειράζω*-lekseem te ondersoek om beter te verstaan in watter verskillende opsigte Jesus soos mense versoek/beproof was.

Daar is reeds in Hoofstuk 1 uitgewys dat daar verskillende betekenismoontlikhede vir die werkwoord *πειράζω* is. Behalwe vir hierdie verskillende betekenismoontlikhede, heers daar onsekerheid onder akademici rakende die betekenis van die werkwoord *πειράζω* in verband met Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15. Dit is daarom nodig om die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω*, en waar van toepassing die verwante selfstandige naamwoord, in die antieke Griekse en Joodse literatuur, die Septuagint, Nuwe Testament en Vroeë Christelike literatuur van nader te ondersoek om 'n beter verstaan van die woord se betekenis te kry. Die fokus van die hoofstuk val egter primêr op die Septuagint en gevolglik die Nuwe Testament, aangesien dit juis die Septuagint is waaruit die Hebreërskrywer al sy Ou-Testamentiese aanhalings maak en ook omdat Hebreërs deel van die Nuwe-Testamentiese milieu uitmaak.

Na aanleiding van hierdie ondersoek bied die studie gevolgtrekkings rakende die betekenis van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord in die bogenoemde literatuur. Dit sal lig werp op Jesus se versoeking/beproeving (vanaf *πειράζω*) in Hebreërs 2:18 en 4:15.

4.2 Oorsigtelike betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in antieke Griekse literatuur

4.2.1 *πειράζω* en *πειρασμός* se voorkoms in antieke Griekse literatuur

Die werkwoord *πειράζω* is selde gebruik voor die derde eeu v.C. met slegs 30 gebruike, terwyl die saamgestelde werkwoord *ἐκπειράζω* net in die werk van Aristophanes (446 vC – 386 vC) voorkom (NIDNTTE, 2014:695).

4.2.1.1 *πειράζω*/πειρασμός as “om te probeer/ ’n poging aan te wend / iets te ervaar”

In die antieke Griekse literatuur word die werkwoord *πειράζω* aangewend met ’n alledaagse betekenis van “om te probeer” of “te ervaar”. Enkele voorbeelde hiervan is in die volgende antieke Griekse literatuur te sien:

- Die alledaagse gebruik van *πειράζω* (“om te probeer”) verskyn in beide die Hellenistiese filosoof Celsus (tweede eeu n.C.) en Hellenistiese historikus Polybius (tweede eeu v. C.) se werke (BDAG, 2000:792).
- Die Griekse filosoof Plato (428 v.C. – 348 v.C.) gebruik in sy bekende werk *Φαίδων* (dialoë oor die siel tussen Sokrates en vriende) die woord *πειράζω* as “om te ervaar” of “om bekend te wees met” (NIDNTTE, 2014:694):

ἦδε ἡ τελευτή, ὃ Ἐχέκρατες, τοῦ ἐταίρου ἡμῖν ἐγένετο, ἀνδρός, ὡς ἡμεῖς φαῖμεν ἄν, τῶν τότεῶν ἐπειράθημεν ἀρίστου καὶ ἄλλως φρονιμωτάτου καὶ δικαιοτάτου.

“Dit was die einde, Echecrates, van ons vriend, wat, soos ons kan sê, van almal van sy tyd wat ons ervaar het (*ἐπειράθημεν*), die beste en wysste en mees regverdige man was” (eie vertaling).

4.2.1.2 *πειράζω* as “n ondersoekende toets na die aard van iets”

Die werkwoord *πειράζω* word deur die Griekse Stoïsynse filosoof Epictetus (50 n.C. – 135 n.C.) gebruik as die ondersoek na iemand se aard of karakter deur middel van toetsing (BDAG, 2000:793).

4.2.1.3 *πειράζω* as “versoek tot die verkeerde”

Herodotus gebruik die werkwoord *πειράζω* in sy werk *Ἱστορίαι* 6.86γ.3 binne die konteks van ’n persoon wat vir ’n god vra om oneerlikheid oor te sien (NIDNTTE, 2014:694). Hierdie persoon se

naam is Glaukus seun van Epicydes. Glaukus was bekend vir sy opregtheid. 'n Man van Miletos het na Glaukus gekom om voordeel uit sy se opregtheid te trek. Die Milesiër het helfte van sy besittings in geld omgesit en dit by Glaukus gelos onder die indruk dat sy rykdom veilig en behoue sou bly. Na 'n lang tyd het die seuns van die Milesiër na Glaukus gekom om die geld te kom haal. Glaukus het egter voorgegee asof hy niks daarvan onthou of daarvan kennis dra nie. Na aanleiding van Glaukus se ontkenning van die saak het Glaukus hom tot die Pitiese profetes gewend om die Orakel te raadpleeg om te weet of hy die geld met 'n slim eed kon ontken sonder om gestraf te word. In Herodotus 6. 86γ.3 bestraf Pitia egter vir Glaukus met die woorde:

Om die god te versoek (vanaf *πειράζω*) is net so sleg as om verkeerd op te tree (BDAG, 2000:793)

τὸ πειρηθῆναι τοῦ θεοῦ κ. τὸ ποιῆσαι ἴσον δύνασθαι²

Hier stel Pitia dat Glaukus besig was om die god met sy oneerlike optrede te versoek.

4.2.2 *πειράζω* en *πειρασμός* in die LXX en in ander Joodse literatuur

Die werkwoord *πειράζω* kom 20 keer in die LXX voor terwyl die saamgestelde werkwoord *ἐκπειράζω* buiten vir die LXX net in die werk van Aristophanes (446 vC – 386 vC) voorkom. Die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* verskyn nêrens voor die gebruik daarvan in die Septuagint nie (NIDNTTE, 2014:695).

Die LXX vertaal die Hebreeuse werkwoord *נס* en verwante selfstandige naamwoord *נס* onderskeidelik met die Griekse werkwoord *πειράζω* en selfstandige naamwoord *πειρασμός* (NIDOTTE, 1997:112; TLOT, 1997:742). Die werkwoord *נס* se vertalingsmoontlikhede is gewoonlik die volgende (NIDOTTE, 1997:111–112; TLOT, 1997:741–742; DBL, 1997: #5814)

- “om die ware aard of intensies van iets of iemand te toets (om te ondersoek)”
- “om te probeer”
- “om God te toets”
- “om 'n persoon wat vanweë swaarkry binne uitdagende omstandighede leef te toets deurdat die persoon of party sekere besluite moet neem.”

Die verwante selfstandige naamwoord *הִפְּךָ* word soortgelyk gedefinieer as (NIDOTTE, 1997:998; DBL, 1997: #4999):

- “’n Toets wat per implikasie deur moontlike swaarkry teweeg gebring word, met die fokus daarop dat die getoetste party(e) op ’n bepaalde manier sal reageer”; of
- “’n Versoeking met ’n fokus daarop om iemand te verlei sodat daardie persoon faal”.

4.2.2.1 *πειράζω* as “om te probeer/ ’n poging aan te wend / te doen”

Een van die gebruike van die werkwoord *πειράζω* in die Septuagint word deur verskeie akademici gedefinieer as ’n alledaagse betekenis van waar iemand ’n poging aanwend om iets te doen (LSJ, 1951:1354; NIDNTTE, 2014:695). Hierdie betekenis moontlikheid word in verskeie gedeeltes van die Ou Testament gevind (Deut. 4:34; 28:56; Rig. 6:39; 1 Sam. 17:39). Sien byvoorbeeld die gebruik hiervan in Deuteronomium 4:34:

“³⁴ Of het enige god dit al gewaag (*εἰ ἐπείρασεν ὁ θεός*) om vir homself ’n nasie te gaan neem uit die midde van ’n ander nasie, met teistering, met tekens en met wondertekens, met stryd, met ’n sterk hand en uitgestrekte arm, en met vreesaanjaende magsvertoon, soos alles wat die Here julle God voor julle oë in Egipte vir julle gedoen het?”

εἰ ἐπείρασεν ὁ θεός εἰσελθὼν λαβεῖν ἑαυτῷ ἔθνος ἐκ μέσου ἔθνους ἐν πειρασμῷ καὶ ἐν σημείοις καὶ ἐν τέρασιν καὶ ἐν πολέμῳ καὶ ἐν χειρὶ κραταιᾷ καὶ ἐν βραχίονι ὑψηλῷ καὶ ἐν ὁράμασιν μεγάλαις κατὰ πάντα ὅσα ἐποίησεν κύριος ὁ θεὸς ἡμῶν ἐν αἰγύπτῳ ἐνώπιόν σου βλέποντος

Die werkwoord *ἐπείρασεν* (vanaf *πειράζω*) “gewaag” kan ook vertaal word as “probeer”. Dus sal die vers se eerste deel ook soos volg vertaal kan word: “Of het enige god dit al “probeer” (ESV, “attempted”) om vir homself ...”. In Rigters word dieselfde betekenis moontlikheid gevind as Gideon in Rigters 6:39 sê:

“Laat u toorn tog nie teen my ontbrand nie. Ek wil net nog een keer praat. Ek wil asseblief net nog ’n keer met die vag ’n toets (*πειράσω*) doen. Laat dit tog net op die vag droog wees, terwyl daar oral op die grond dou is.”

καὶ εἶπεν γεδεων πρὸς τὸν θεόν μὴ δὴ ὀργισθῇτω ὁ θυμός σου ἐν ἐμοί καὶ λαλήσω

ἐτιᾶπαξ πειράσω δὲ καὶ γε ἐτι ᾧπαξ ἐν τῷ πόκῳ καὶ γενέσθω ἡ ξηρασία ἐπὶ τὸν

πόκον μόνον καὶ ἐπὶ πᾶσαν τὴν γῆν γενηθήτω δρόσος

Hierdie “toets” (πειράσω) soos afgelei van נִסָּה kan dus ook vertaal word as “’n poging aanwend”. Die vertaling van Rigters 6:39 kan dus ook die alledaagse betekenis van “om te probeer” hê en kan as volg lui: “... Ek wil asseblief net nog ’n keer met die vag (vgl. 1983-vertaling “vlieswol”) ’n poging aanwend (πειράσω). Laat dit tog net op die vag droog wees, terwyl daar oral op die grond dou is.” Vanuit hierdie gebruike van die werkwoord πειράζω en die verwante vorme is dit duidelik dat die woord bloot op ’n poging of aktiwiteit dui.

4.2.2.2 πειράζω as “om die ander party binne ’n verbond te toets”

Gerhardsson, soos aangehaal in NIDNTTE (2014:695), wys daarop dat die betekenis van die werkwoord נִסָּה, wat as πειράζω vertaal word, “primêr dui op ’n toetsing/beproeving van die een party binne ’n verbond om te bepaal of daardie party sy kant van die verbond gaan handhaaf.” Die Here toets nie heidense mense nie, maar net sy eie volk, en daarom is Israel die onderwerp van die werkwoord πειράζω (NIDNTTE, 2014:695). Hierdie wyse van toetsing is te sien waar God sekere moeilike omstandighede of keuses voor Israel of die individuele gelowige plaas om sodoende Israel of die gelowige se karakter binne die verbond te bepaal (GELNT, 1889:498, NIDNTTE, 2014:695).

Hierdie toetse wat God dan in die individuele gelowige of in die volk se lewe bring om hulle verbondsgetrouheid te bepaal, is te sien in die volgende gedeeltes: Genesis 22:1, Eksodus 16:4, 20:20, Deuteronomium 8:2, 13:3–4 en Rigters 2:22; 3:1–4. Vanuit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat Israel as volk of die gelowige individu se verbondstrou tydens die toets op die spel is (NIDNTTE, 2014:695).

Die doel van Abraham se toets (vanaf πειράζω) was om aan God se verbond getrou bly (vgl. Gen. 22:1). Abraham moes God se belofte van ’n groot nageslag (spesifiek deur sy seun Isak) aanhou glo en die toets van gehoorsaamheid aan God slaag deur Isak te offer (Gen. 12:1–3; 15:4–6; 17:6–7, 19; 22:1). Dit is op hierdie trant van toetsing in die lig van verbondstrou wat 1 Makkabeërs 2:52 vra: “Is Abraham nie in versoeking (vanaf πειράζω) getrou bevind, en is dit hom nie tot geregtigheid gereken nie?” Die 2020-vertaling vertaal in hierdie geval wel die werkwoord πειράζω as “versoeking” in plaas van toets of beproewing. In hierdie geval sou beproewing of toets ’n meer korrekte vertaling gewees het.

Die doel van Israel se toets in Eksodus 16:4 was om te toets of hulle gehoorsaam aan die Here se opdrag sou wees terwyl hulle in hulle woestynomswerving ’n oorvloed manna uit die hemel van die Here af ontvang. Sou die gevolg van die Here se verskyning by die berg Sinai en die gee van die wet lei tot Israel wat as verbondsvolk ontsag vir die Here het (Eks. 20:20)? Sou Israel die

gebooe van die Here aanhou gehoorsaam te midde van die hongerte wat tydens die veertigjarige tydperk in die woestyn as toets oor hulle gekom het (Deut. 8:11–16)? Sou Israel die Here hulle God met hulle hele hart en hele siel aanhou liefhê (Deut. 6:5; 13:3–4; Eks. 20:1–2)? Sou Israel as verbondsvolk in die beloofde land aanhou om die Here te aanbid en op sy weë loop te midde van die nasies wat die Here in die land laat oorbly het om hulle sodoende te toets (Rigt. 2:22)?

Die inhoud van die toetse wat hierbo genoem is, is die volgende: Die Here wil die gelowige individu of Israel as 'n geheel toets om te bepaal of hulle 'n ware vrees (ontslag) vir, geloof in of gehoorsaamheid aan Hom sou hê (Gen. 22:1–19; Eks. 20:20; Deut. 8:2; Rigt. 2:22) (TDNT 1968:6:26). Vanuit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat die werkwoord *πειράζω* as 'n toets vir die gelowige individu of volk bedoel was om te bepaal of hulle in geloofsghehoorsaamheid (ontslag vir die Here) binne die verbond hulle verantwoordelikhede sou nakom.

4.2.2.3 *πειράζω* as “beproeving(e)/toets(e) deur God gestuur”

Afdeling 4.2.2.2 hierbo dui op toetsing (vanaf *πειράζω*) wat deur God beskik word, maar spesifiek met die doel om die mens as verbondsparty te toets (vanaf *πειράζω*). Daar is in ander Joodse literatuur 'n soortgelyke gebruik van die werkwoord *πειράζω*, waar God juis beproewinge/toetse (vanaf *πειράζω*) oor sy verbondskinders (regverdiges) stuur (Jdt. 8:26; Wys. 3:5; 11:9; Sir. 33:1) (BDAG, 2000:793). Vanuit hierdie gebruike word die werkwoord *πειράζω* spesifiek ook in verband met God se dissiplinering en genade gebring:

Wysheid van Salomo 3:5

“Nadat hulle kortstondig gedissiplineer is, sal hulle grootliks begunstig word, want God het hulle op die proef (vanaf *πειράζω*) gestel en bevind dat hulle Hom waardig is.”

καὶ ὀλίγα παιδευθέντες μεγάλα εὐεργετηθήσονται, ὅτι ὁ θεὸς ἐπείρασεν αὐτοὺς καὶ εὗρεν αὐτοὺς

ἀξίους ἑαυτοῦ.

Judit 8:25

“Laat ons, ten spyte van al hierdie dinge, die Here ons God dank wat vir ons, net soos vir ons voorvaders, op die proef gestel het (vanaf *πειράζω*).”

παρὰ ταῦτα πάντα εὐχαριστήσωμεν κυρίῳ τῷ θεῷ ἡμῶν, ὃς πειράζει ἡμᾶς καθὰ καὶ τοὺς πατέρας

ἡμῶν.

4.2.2.4 πειράζω as “ondersoekende toets na die aard van iets”

Alhoewel daar in die voorafgaande Skrifgedeeltes 'n sekere betekenis aan die werkwoord πειράζω geheg word, kan die gebruik van die werkwoord πειράζω in hierdie spesifieke gedeeltes nie uitsluitlik tot een betekenis beperk word nie. Die toets (vanaf πειράζω) vir die gelowige individu of volk om hulle verbondstrou te bepaal impliseer noodwendig dat so 'n toets moontlik ook die bedoeling het om die aard van die getoetste party te ondersoek (GELNT, 1889:498–499). Op hierdie wyse wil die Here byvoorbeeld deur middel van toetsing die aard of inhoud van dit wat in koning Hiskia se hart geleef het, bepaal (2 Kron. 32:31; Deut. 8:2). Soortgelyk bid die psalmdigter ook in Psalm 26:2: “Toets (δοκίμασόν) my, Here, en stel my op die proef (πείρασόν). Suiwer my niere en my hart!” Die werkwoord δοκίμαζω is 'n vertaling van die Hebreeuse werkwoord בָּחַן soos afgelei uit die werkwoordstam בָּחַן. Die werkwoordstam בָּחַן beteken: “'n toets/kritiese ondersoek/eksaminering van 'n voorwerp of objek om die egtheid daarvan te bepaal” (TLOT, 1997:207–208; DBL, 1997:#4999). Die vertaling δοκίμαζω soos afgelei van die werkwoord בָּחַן word in die LXX as 'n sinoniem saam met die werkwoord πειράζω (vanaf נָסָה) gebruik, maar daar is 'n klein betekenisverskil. SNT (1880:279–280) maak die volgende onderskeid tussen hierdie twee woorde:

- Die werkwoord δοκίμαζω dui op 'n toets van iets/iemand om te bepaal of hierdie iets/iemand waardig, aanvaarbaar of goedgekeur is om deur 'n ander ontvang te word. Hierdie aanvaarbaarheid word deur middel van toetsing bepaal en as die persoon of voorwerp die toets deurstaan het, dan is dit die bewys dat hy aanvaarbaar, waardig en as't ware vir die ontvanger goedgekeur is.
- Die werkwoord πειράζω het egter glad nie ten doel om 'n party te toets omdat daar oor die aanvaarbaarheid of waardigheid van die getoetste persoon/voorwerp getwyfel word nie. Die werkwoord πειράζω word ontplooi waar die beproefde persoon sal wys wat sy aard nog die heeltyd was. Die werkwoord πειράζω word gebruik as 'n toets wat die beproefde persoon nie moet faal sodat hy of sy sodoende sondig nie, maar waar die persoon na vore kom as iemand wat nog heeltyd in wese en opregtheid in God geglo het.

Die psalmdigter van Psalm 25:2 vra dus dat God hom op beide hierdie maniere sal toets. Hy wil aan die een kant as aanvaarbaar en goedgekeur bewys word, en aan die ander kant wil hy bewys dat hy iemand is wat nog die heeltyd opregte ontsag in sy hart vir God gehad het. Beide hierdie dinge kan deur middel van toetsing bepaal word. Dit is ook in die Wysheid van Salomo 2:17 te sien, wat sê: “Laat ons sien of sy woorde waar is en laat ons toets (vanaf πειράζω) wat gebeur aan

die einde van sy lewe”. Hierdie toets wil bepaal wat waar is deur te kyk na die einde van die regverdige se lewe om te bepaal of die regverdige God regtig as Vader getrou gevolg het.

Dit is dus duidelik dat God mense toets (vanaf *πειράζω*) om te bepaal wat die aard, inhoud en kwaliteit van hulle geloof is. Die betekenis wat SNT (1880:279–280) gee is ’n geldige moontlike omskrywing van die werkwoord *πειράζω*, maar om te sê dat dit die absolute betekenis in alle gevalle is, is nie moontlik nie. Die literêre en historiese konteks sal grootliks merkers van die korrekte betekenis van die werkwoord *πειράζω* wees. Daar moet dus teen ooreenvoering gewaak word sonder om die moontlike betekenis van SNT (1880:279–280) vir *πειράζω* in Psalm 25:2, Deuteronomium 8:2 en 2 Kronieke 32:31 weg te gooi.

4.2.2.5 *πειράζω* as “Israel wat God versoek”

Dit is keer op keer vanuit die Ou Testament duidelik dat Israel vir God “toets” (vanaf *πειράζω*) (Eks. 17:7; Num. 14:22; Deut. 6:16, 9:22, 33:8; Ps. 78:40–41 [LXX Ps. 77:40–41], 95:8 [LXX Ps. 94:8]; 106:14 [LXX Ps. 105:14]; Jes. 7:12; Mal. 3:15; Wys. 1:2) (TDNT 1968:6:27–28; NIDNTTE, 2014:696).

Meeste van die geleenthede waar daar melding gemaak word van Israel wat vir God “versoek”, verwys na een gebeurtenis by een geografiese ligging, naamlik Refidim (Eks. 17:1–7). Moses vernoem die plek Refidim na “Massa” (*מַסָּה*), wat in die LXX met die selfstandige naamwoord *πειρασμός* vertaal word. Moses het die plek so vernoem “na aanleiding van die Israeliete se verwyte, en omdat hulle die Here uitgedaag het deur te sê: “Is die Here in ons midde of nie?” (Eks.17:7). Daar word in latere Skrifgedeeltes weer verwys na die gebeurtenis by hierdie geografiese ligging waar Israel vir God “versoek” (vanaf *πειράζω*) het (Deut. 6:16; 9:22; 33:8; Ps. 95:8 [LXX Ps. 94:8]). Hierdie gebeurtenis en die herhaling daarvan in die res van die LXX wys daarop dat dit ’n sentrale plek in Israel se geskiedenis inneem. Die belang van die gebeurtenis by Massa is daarin te sien dat dit keer op keer as ’n waarskuwing teen ’n herhaling van so ’n “versoeking” (vanaf *πειράζω*) van God deur die volk dien. Hierdie sentrale gebeurtenis by Massa dien dus keer op keer as ’n geskiedkundige moment waaruit gelowiges moet leer sodat hulle nie in dieselfde ongehoorsaamheid val nie.

Die res van die geleenthede in die LXX waar Israel vir God “versoek” (vanaf *πειράζω*) word beskryf in Numeri 14:22, Jesaja 7:12, Maleagi 3:15 en Psalm 78:40–41 (LXX Ps. 77:40–41). ’n Ondersoek na die kontekste van hierdie Skrifgedeeltes wys weereens op ’n herhaling van die gebeure by die geografiese ligging waar Israel of die individu genoem word in verband met die werkwoord *πειράζω*. Die ligging wat twee keer binne hierdie kontekste herhaal is die woestyn waardeur Israel

in hulle veertigjarige woestynreis rondgeswerf het (Num. 14:22; Ps. 78:40–41 [LXX Ps. 77:40–41]).

Daar is 'n ooreenkoms tussen die gevalle waar Israel tydens die woestynomswerwinge en spesifiek by die waters van Massa vir God “versoek” (vanaf *πειράζω*). In beide gevalle versoek Israel vir God omdat hulle nie sy mag erken of sy wil om hulle te red ernstig opneem nie. Dit vind uitdrukking in klagtes, murmurering, twyfel, ongehoorsaamheid en ongeloof (TDNT 1968:6:27). Wanneer Israel of mense God versoek (vanaf *πειράζω*), daag hulle vir God in hulle rebellie uit.

Vanuit hierdie bespreking blyk dit dat die moontlike betekenis van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in die geval van mense wat God versoek/beproof (vanaf *πειράζω*) eerder verwoord kan word as: Israel of die gelowige individu wat in wantroue en murmurering vir God uitdaag.

4.2.2.6 *πειράζω* as “'n poging om skeiding tussen God en mens te bring”

Die ander moontlike betekenis van die werkwoord *πειράζω* in die Septuagint dui op 'n opponerende party wat 'n gelowige versoek (vanaf *πειράζω*) om sodoende te poog om skeiding tussen die gelowige individu en God te bring deur die gelowige te laat sondig of afvallig te laat raak (Gen. 3:1–4; 1 Kron. 21:1; Job 1:11–12) (NIDNTTE, 2014:696; TDNT 1968:6:25).

Hierin is 'n opponerende krag werksaam waar die Satan die mens wil versoek (vanaf *πειράζω*) om teen God te sondig. Om hierdie versoeking te weerstaan en te deurstaan moet die mens homself in gewilligheid geheel en al in oorgawe aan God en sy wil onderwerp.

4.2.3 *πειράζω* en *πειρασμός* in die Nuwe Testament

4.2.3.1 *πειράζω* as “'n poging om iets te te doen”

Die eerste moontlike betekenis van die werkwoord *πειράζω* in die Nuwe Testament verwys ook na 'n alledaagse manier om die aktiwiteit van iemand te beskryf waar die persoon of persone poog om iets te doen (Hand. 9:26; 16:7; 24:6) (BDAG, 2000:792, GELNT, 1889:498, LSJ, 1951:1354, TDNT 1968:6:28). Die gebruik van die werkwoord *πειράζω* word in al drie gebruike in Handeling as “om te probeer” vertaal en verwys na gevalle waar die individue betrokke 'n poging aanwend om 'n sekere situasie of werklikheid tot stand te bring. Dit impliseer dat hulle iets probeer het met die oog daarop om dit wat hulle probeer suksesvol deur te voer (GELNT, 1889:498).

Die verwante selfstandige naamwoord *πειρά* word in hierdie verband twee keer in die Hebreërpreek gebruik in Hebreërs 11:29 en 11:36. Die gebruik van die selfstandige naamwoord *πειρά* in hierdie kontekste het nie noodwendig 'n gelaaiete teologiese betekenis nie. Die selfstandige naamwoord *πειρά* word as “probeer” vertaal in Hebreërs 11:29 waar dit beskryf dat “die Egiptenare, toe hulle dit probeer doen het”, naamlik deur die Rooisee wou gaan, verdrink het (ἡς πείραν λαβόντες οἱ Αἰγύπτιοι κατεπόθησαν). Hier is die alledaagse betekenis van “'n poging aanwend” ook sigbaar.

Daarteenoor word die ander gebruik van die verwante selfstandige naamwoord *πειρά* in Hebreërs 11:36 as die “toets van bespotting en slae” (ἐμπαιγμῶν καὶ μαστίγων πείραν) vertaal. Dit verskil in wese van die betekenis van 'n poging aanwend of “probeer” in Hebreërs 11:29. Hebreërs 11:36 kan dus moontlik ook in 'n alledaagse opsig eintlik vertaal word as: “die ervaring (vanaf *πειρά*) van bespotting en slae” eerder as die teologiese belaaide “toets van bespotting en slae” (TDNT 1968:6:24, LSJ, 1951:1354). Die betekenismoontlikheid van toets (vanaf *πειρά*) kan egter 'n moontlikheid wees wanneer daar in gedagte gehou word dat Abraham volgens Hebreërs 11:17 “getoets” (vanaf *πειράζω*) is. Hoofstuk 5 doen egter verdere ondersoek na die betekenis van *πειράζω* in die Hebreërpreek.

4.2.3.2 *πειράζω* as “'n reeks toetse om iemand se geloof en karakter te bepaal”

Die gebruik van die werkwoord *πειράζω* as 'n poging om iemand se karakter of aard deur middel van toetsing te bepaal, is redelik algemeen in die Nuwe Testament (Joh. 6:6; 1 Kor. 10:13; 2 Kor. 13:5; Heb. 2:18, 4:15, 11:17 [Gen. 22:1], 11:37; Op. 2:2 vgl. BDAG, 2000:792–793, GELNT, 1889:498, LSJ, 1951:1354). Hierdie gebruik is ook te sien in die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in 1 Petrus 1:6, 4:12 en Jakobus 1:2.

By al hierdie gebruike van die werkwoord *πειράζω* en die selfstandige naamwoord *πειρασμός* is 'n toetsing met goeie bedoelings voor oë. Die doel is om deur hierdie toetsing te bepaal watter tipe karakter en natuur die getoetste party het. Petrus sê in 1 Petrus 1:6–7a die volgende:

“Jubel hieroor, al moes julle onlangs vir 'n kort tydjie deur allerhande beproewings bedroef word. Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof...”

ἐν ᾧ ἀγαλλιᾶσθε, ὀλίγον ἄρτι εἰ δέον [ἐστὶν] λυπηθέντες ἐν ποικίλοις πειρασμοῖς, ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον...

1 Petrus 1:7 se bywoordelike bysin word deur die ἵνα relasiemerker ingelei, wat die doel van hierdie beproewinge (vanaf πειρασμοῖς) aandui, en dit is om die egtheid van geloof te toets (ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσίου).

Ἡ Soortegelyke doel van beproewing (vanaf πειρασμός) is ook in Jakobus 1:2–4 te sien:

²“Beskou dit as ἡ groot vreugde, my broers, wanneer allerhande versoekings julle oorval, ³omdat julle weet dat, as julle geloof getoets word, dit volharding meebring. ⁴Maar julle volharding moet tot volledige ontwikkeling kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees, en in geen opsig tekort skiet nie”

²Πᾶσαν χαρὰν ἡγήσασθε, ἀδελφοί μου, ὅταν πειρασμοῖς περιπέσητε ποικίλοις, γινώσκοντες ³ὅτι τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως κατεργάζεται ὑπομονήν· ἡ ⁴δὲ ὑπομονὴ ἔργον τέλειον ἐχέτω, ἵνα ᾗτε τέλειοι καὶ ὁλόκληροι, ἐν μηδενὶ λειπόμενοι.

In Jakobus 1:3–4 is die rede vir blydskap oor beproewinge (πειρασμοῖς) sigbaar in die oorsaaklike (redegewende) relasiemerker ὅτι (Jak. 1:3), en die doel van beproewinge (πειρασμοῖς) sigbaar in die relasiemerker van doel, naamlik ἵνα. Jakobus 1:3–4 is dus bywoordelike bysinne wat op Jakobus 1:2 volg om aan te dui dat hierdie toetsing (vanaf πειράζω) wat gelowiges ervaar vir goeie redes en doele beskik is.

1 Petrus 4:12–13 het ἡ soortgelyke vloei in gedagtegang as Jakobus 1:2–4. Alhoewel die ὅτι relasiemerker in verband met πειρασμός in vers 13 ontbreek, is daar ook ἡ oproep tot blydskap vanweë toetsing (vanaf πειρασμός) in 1 Petrus 4:13a (ἀλλὰ καθὼς κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε). Die bywoordelike bysin in 13b word ook deur die ἵνα relasiemerker in verband met πειρασμός aangedui in 1 Petrus 4:12–13:

¹²Geliefdes, moenie verbaas wees wanneer ἡ vurige beproewing oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie; ¹³wees eerder bly, namate julle deel het aan die lyding van Christus, sodat julle ook by die bekendmaking van sy heerlikheid uitbundig sal kan jubel.

¹²Ἀγαπητοί, μὴ ξενίζεσθε τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει πρὸς πειρασμὸν ὑμῶν γινομένη ὡς ξένου ὑμῶν συμβαίνοντος, ¹³ἀλλὰ καθὼς κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε, ἵνα καὶ ἐν τῇ ἀποκαλύψει τῆς δόξης αὐτοῦ χαρῇτε ἀγαλλιώμενοι.

Dit is vanuit hierdie gebruike van die verwante selfstandige naamwoord πειρασμός duidelik dat hierdie toetsing ten doel het om die egtheid van geloof en geloofskarakter te toets.

Die ander geval waar die werkwoord *πειράζω* in verband met die toets van geloof en geloofskarakter voorkom is in 2 Korintiërs 13:5. In 2 Korintiërs 13:5 kom die imperatiewe werkwoordvorm *πειράζετε* voor wanneer Paulus gelowiges in Korinte oproep om te “toets of hulle in die geloof is” (Ἐαυτοὺς πειράζετε εἰ ἐστὲ ἐν τῇ πίστει, ἑαυτοὺς δοκιμάζετε). Soortgelyk het gelowiges in Efese in Openbaring 2:2 sogenaamde apostels se karakter getoets en bevind dat hulle nie in wese en karakter ware apostels is nie, maar leuenaars (καὶ ἐπείρασας τοὺς λέγοντας ἑαυτοὺς ἀποστόλους, καὶ οὐκ εἰσὶν, καὶ εὗρες αὐτοὺς ψευδεῖς).

Vanuit hierdie gebruike van die werkwoord *πειράζω* en uit die oorblywende Skrifgedeeltes waarbinne dit voorkom, is die volgende duidelik: God is aktief besig om toetse/beproevinge (vanaf *πειράζω/πειρασμός*) (1 Kor. 10:13; Op. 3:10) toe te laat. God stuur beproewinge (vanaf *πειράζω/πειρασμός*) (Jak. 1:2; Joh. 6:6; Heb. 11:17; Op. 3:10) en gee ook die uitkoms vir mense wat versoekings/beproeving beleef (1 Kor. 10:13; 2 Pet. 2:9). Deur middel van toetsing word die geloof of geloofskarakter van gelowiges bepaal, en daarom is daar goeie redes vir hierdie toetsing. Dit het 'n goeie doel voor oë.

4.2.3.3 *πειράζω* as “'n toetsing in verband met lyding en swaarkry”

Dit is duidelik dat die werkwoord *πειράζω* en die selfstandige naamwoord *πειρασμός* dikwels in verband met lyding en swaarkry gebring word (Luk. 22:28; Hand. 20:19; Gal. 4:14; 1 Pet. 4:12; 2 Pet. 2:9; Heb. 2:18, 11:33–37; Op. 3:10 (BDAG, 2000:792; PLGNT, 1917:197; GELNT, 1889:498; TDNT 1968:6:29–30; NIDNTTE, 2014:697).

Vanuit hierdie gebruike van *πειράζω* en *πειρασμός* kan daar drie waarnemings gemaak word (NIDNTTE, 2014:697):

- Swaarkry en lyding vir die Christen is 'n manier van toetsing.
- Hierdie manier van toetsing het 'n goeie doel voor oë (Jak. 1:2–4; 1 Pet. 1:6–8, 4:12–14).
- Met die uiteinde van hierdie manier van toetsing sal die gelowige bevind dat God nooit die gelowige se vyand in hierdie beproewing is nie, maar die Een wat beloon, bewaar, uitkoms gee en red (Jak. 1:12; 2 Pet. 2:9; 1 Kor. 10:13; Op. 3:10).

Hierdie gebruike van *πειράζω* en *πειρασμός* het 'n gelaaide teologiese betekenis. Dit is nie altyd duidelik wie die oorsprong van hierdie swaarkry is nie, maar dit is duidelik dat God dit as 'n toets gebruik. In die geheel gesien word elke toetsing deur God toegelaat en beskik as deel van God se eskatologiese eindtyd (TDNT 1968:6:30).

Hierdie swaarkry kan egter verskriklike teëspoed behels. Paulus beskryf in Handeling 20:19 die volgende: “en hoe ek die Here gedien het, in alle nederigheid en met trane, en deur die beproewinge (πειρασμῶν) wat oor my gekom het as gevolg van die sameswerings van die Jode”. Hierdie “beprowinge” wat spruit uit swaarkry onder die Jode verwys baie moontlik na Paulus se uiteensetting van sy lyding in 2 Korintiërs 11:24–25:

“²⁴Van die Jode het ek vyf keer veertig houe minus een gekry; ²⁵drie maal is ek met stokke geslaan; een maal is ek gestenig; drie maal het ek skipbreuk gely; ’n nag en ’n dag lank het ek die diepsee trotseer.”

²⁴ ὑπὸ Ἰουδαίων πεντάκις τεσσαράκοντα παρὰ μίαν ἔλαβον, ²⁵ τρίς ἐρραβδίσθην, ἅπαξ ἐλιθάσθην, τρίς ἐνανάγησα, νυχθήμερον ἐν τῷ βυθῷ πεποίηκα

Paulus verwoord nie spesifiek in Handeling 20:19 waarna hy verwys nie, maar dit was van so ’n mate dat hy tot trane gebring is. Tog was hierdie swaarkry ’n “toets” vir Paulus gewees. Hebreërs 11:36–37 wys die hoorders van Hebreërs ook op swaarkry waar gelowiges onder verskriklike lyding getoets is:

“³⁶nog ander het die toets (vanaf πείραν) van bespotting en slae verduur, en boonop van boeie en gevangenskap. ³⁷Hulle is gestenig, middeldeer gesaag; deur teregstelling met die swaard het hulle gesterf, in skaapvelle het hulle geswerf, in bokvelle, behoefte, verdruk, mishandel – ³⁸die wêreld was hulle nie werd nie – terwyl hulle in verlate plekke en oor berge rondgeswerf het, en in grotte en in gate in die grond.”

³⁶ ἄλλοι δὲ ἐμπαιγμῶν καὶ μαστίγων πείραν ἔλαβον, ἔτι δὲ δεσμῶν καὶ φυλακῆς. ³⁷ ἐλιθάσθησαν, ἐπρίσθησαν, ἐν φόνῳ μαχαίρης ἀπέθανον, περιῆλθον ἐν μηλωταῖς, ἐν αἰγείοις δέρμασιν, ὑστερούμενοι, θλιβόμενοι, κακουχούμενοι, ³⁸ ὧν οὐκ ἦν ἄξιος ὁ κόσμος, ἐπὶ ἐρημίαις πλανώμενοι καὶ ὄρεσιν καὶ σπηλαίοις καὶ ταῖς ὁπαῖς τῆς γῆς.

Op ’n soortgelyke wyse sê die Hebreërskrywer in Hebreërs 2:18 dat Jesus se beproewing/versoeking (vanaf πειράζω) ’n toets was wat verband gehou het met sy lyding (ἐν ᾧ γὰρ πέπονθεν αὐτὸς πειρασθεὶς, δύναται τοῖς πειραζομένοις βοηθῆσαι). Jesus Christus se lyding en swaarkry het oor sy hele aardse lewe gestrek, maar dit het ook ingehou dat Hy moes sterf, en dit deur die marteling van die kruisdood. Hebreërs 2:18, 10:32–34 en 11:36 impliseer dat die hoorders van die Hebreërpreek ook soortgelyke beproewinge sal kan teëkom.

4.2.3.4 πειράζω as “n poging om iemand deur middel van toetsing te betrap”

Hierdie betekenismoontlikheid van die werkwoord πειράζω het ’n negatiewe metodiek en bese doel voor oë (GELNT, 1889:498). Dit is ’n wyse van toetsing wat ’n reaksie by iemand probeer ontlok met die doel om daardie persoon te laat fouteer en dit dan teen hom te gebruik (Matt. 16:1; 19:3; 22:17, 35; Mark. 8:11; Luk. 10:25; 11:16; 20:23; Joh. 8:6) (BDAG, 2000:793, Louw & Nida, 1996:329).

Al die gebruike van die werkwoord πειράζω binne hierdie konteks in die Nuwe Testament staan in verband met opponente wat kwade bedoelings voor oë gehad het, naamlik om Jesus Christus te laat fouteer deur middel van hulle toetsing.

4.2.3.5 πειράζω as “mense wat God toets”

In die Nuwe Testament is daar ook verskynsels van mense wat vir God toets. Die betekenis van die werkwoord πειράζω in hierdie konteks dui op mense wat God wantrou en deur hulle sondige optrede sy geduld en regverdigheid uitdaag (Hand. 5:9; 15:10; Heb. 3:8–9 [Ps. 95:8 {LXX Ps. 94:8}], heenwysend na Num. 21:5 en Eks. 17:1–7]; 1 Kor. 10:9 [heenwysend na Ps. 77:18]; vgl. GELNT, 1889:498; TDNT 1968:6:32).

Dit is opmerklik dat twee van die vier gebruike van die werkwoord πειράζω in hierdie verband in die Nuwe Testament uit die Ou-Testamentiese lering trek. Daar is reeds onder 4.2.2.5 na die belang van een geografiese ligging waar Israel vir God versoek/uitdaag gewys, naamlik Refidim (vernoem Massa) (Eks. 17:1–7). Die belang blyk daaruit dat dit weer in verskeie Skrifgedeeltes herhaal word: Deuteronomium 6:16; 9:22; 33:8; Psalm 95:8 (LXX Ps. 94:8). Die belangrikheid van die gebeurtenis by Massa word weer gesien in die verwysing daarna in Hebreërs 3:8–9, wat sê:

⁸“moenie julle harte verhard, soos tydens die opstand die dag van versoeking in die woestyn, ⁹toe julle voorouers My versoek en beproef het nie, al het hulle my dae gesien“

⁸μὴ σκληρύνετε τὰς καρδίας ὑμῶν ὡς ἐν τῷ παραπικρασμῷ, κατὰ τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ ἐν τῇ ἐρήμῳ, ⁹οὗ ἐπείρασαν οἱ πατέρες ὑμῶν ἐν δοκιμασίᾳ καὶ εἶδον τὰ ἔργα μου τεσσαράκοντα ἔτη

Die gebeure waartydens die volk vir God by Massa uitgedaag het, dien opnuut as ’n geskiedkundige moment waaruit die hoorders van die Hebreërpreek moet leer sodat hulle nie ook vir God uitdaag nie.

Die verskynsel waar Nuwe-Testamentiese gelowiges God uitdaag (vanaf πειράζω) steun volgens 1 Korintiërs 10:9 weereens op Ou-Testamentiese momente waar die volk vir God uitgedaag het, soos byvoorbeeld in 1 Korintheërs 10:9:

“Laat ons nie vir Christus beproef, soos sommige van hulle Hom beproef het nie – hulle is deur slange doodgemaak”

μηδὲ ἐκπειράζωμεν τὸν Χριστόν², καθὼς τινες αὐτῶν ἐπείρασαν καὶ ὑπὸ τῶν ὄφειν ἀπώλλυντο.

Hierdie “beproof” (vanaf πειράζω) wat twee keer in 1 Korintiërs 10:9 verskyn moet ook eerder as “uitdaag” verstaan word. Volgens die konteks van 1 Korintiërs 10:1–13 is Paulus besig om vanuit die Ou Testament as ’n gesagvolle bron te verklaar dat as die gelowiges in Korinte met afgodery meng, hulle God uitdaag en dieselfde lot as die Ou-Testamentiese gelowiges hulle kan tref (Garland, 2004:355). Hierdie verskynsel van mense wat God uitdaag (vanaf πειράζω) gaan daaroor dat hulle God wantrou en teen Hom rebelleer. Die geleentheid waarna Paulus in 1 Korintiërs 10:9 verwys handel oor die volk Israel in die woestyntydperk soos in Numeri 21:5–6:

⁵ Die volk het teen God en teen Moses uitgevaar: “Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterf? Want daar is geen brood of water nie, en ons walg van die ellendige kos.” ⁶ Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur en hulle het die volk gepik. Baie mense van die volk Israel het gesterf.”

⁵ καὶ κατελάλει ὁ λαὸς πρὸς τὸν θεὸν καὶ κατὰ μωυσῆ λέγοντες ἵνα τί ἐξήγαγες ἡμᾶς

ἐξ αἰγύπτου ἀποκτεῖναι ἡμᾶς ἐν τῇ ἐρήμῳ ὅτι οὐκ ἔστιν ἄρτος οὐδὲ ὕδωρ ἡ δὲ ψυχὴ

ἡμῶν προσώχθισεν ἐν τῷ ἄρτῳ τῷ διακένῳ ⁶ καὶ ἀπέστειλεν κύριος εἰς τὸν λαὸν

τοὺς ὄφεις τοὺς θανατοῦντας καὶ ἔδρακον τὸν λαόν καὶ ἀπέθανεν λαὸς πολλὸς τῶν

υἱῶν ἰσραὴλ

Daar is ook onder afdeling 4.2.2.5 bevind dat die herhaling van die woestyn ’n as geografiese ligging en tydperk die fokus plaas op mense se versoeking/uitdaag van God (Num. 14:22; Ps. 78:40–41 [LXX Ps. 77:40–41]). Die herhaling en heenwys na Numeri 21:5–6 in 1 Korintiërs 10:9 het dus ook ten doel gehad om die Nuwe-Testamentiese gelowiges van Korinte te waarsku om ook nie op ’n soortgelyke wyse as die volk tydens die woestynomswerwing te sondig deur God uit te daag of te versoek nie. Hierdie gebruik van die werkwoord πειράζω het dus ’n negatiewe

konnotasie. Dit oorvleuel ietwat met die betekenis van die “toets van iemand se aard of karakter”, maar met ’n negatiewe konnotasie waar Israel God se aard en karakter betwyfel en uitdaag.

Hierdie negatiewe konnotasie van die werkwoord *πειράζω* is ook in Handeling 5:9 en 15:10 te sien. In die eerste geval is Ananias en Saffira wat in Handeling 5:9 vir God versoek (vanaf *πειράζω*) se noodlot soortgelyk aan die noodlot van Ou-Testamentiese gelowiges wat vir God uitgedaag het. Petrus sê in Handeling 5:9 vir Saffira: “Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te tart (*πειράσαι*)? Kyk, die voete van hulle wat jou man begrawe het, is by die deur; hulle gaan jou ook uitdra.” Let daarop hoe die werkwoord *πειράζω* nie as “toets” soos in 1 Korintiërs 10:9 vertaal word nie, maar as “om te tart”. Dit gaan daaroor dat Ananias en Saffira in hulle sonde teen God gerebelleer het en Hom uitgedaag het deur te kyk hoe vêr hulle met hulle sonde kon weggom (Marshall, 2008:120).

Petrus is weer aan die woord wanneer hy in Handeling 15:10 waarsku dat indien die gelowige broeders nog die wet van die Ou-Testamentiese besnydenis op heidene wat tot bekering gekom het wou afdwing, hulle ’n juk op mense plaas wat die voorvaders nie eers kon dra nie.

“¹⁰ Waarom wil julle God dan nou toets deur ’n juk, wat nie ons of ons voorvaders kon dra nie, op die dissipels se nekke te plaas?”

¹⁰νῦν οὖν τί πειράζετε τὸν θεόν, ἐπιθεῖναι ζυγὸν ἐπὶ τὸν τράχηλον τῶν μαθητῶν ὃν οὔτε οἱ πατέρες ἡμῶν οὔτε ἡμεῖς ἰσχύσαμεν βαστάσαι;

As hulle dit doen waarteen Petrus die gelowige vergadering hier waarsku, sal dit beteken dat hulle “God toets/uitdaag” (*πειράζετε τὸν θεόν*). Weereens dui hierdie gebruik van die werkwoord *πειράζω* se betekenis op mense wat God in sondige rebellie uitdaag deur nie sy karakter en regverdigheid te vertrou nie, maar te bevraagteken. Deur die besnydenis nog te wou handhaaf nadat die Here baie duidelik aan Cornelius gewys het dat dit nie meer geldig is nie en dat heidense nasies ook nou in die beloftes van Israel kan deel, het hulle as’t ware gesê: “Mense weet beter as God self”. Dit is werklik om God uit te daag en uit te tart.

Hierdie gebruik van die werkwoord *πειράζω* teen die Ou-Testamentiese agtergrond in die Nuwe Testament wys op die woord se wye betekenisspektrum. Vanuit die bogenoemde gebruike het die werkwoord *πειράζω* ’n betekenismoonlikheid van uitdaag of om die goeie karakter van iemand te bevraagteken of aan te vat en hulle dus “te toets”.

4.2.4 πειράζω as “n versoeking/verleiding om iemand tot morele boosheid te lok”

Die laaste betekenismoontlikheid en by verre een van die mees algemene gebruike van die werkwoord πειράζω in die Nuwe Testament, is waar die werkwoord πειράζω en selfstandige naamwoord πειρασμός dui op 'n versoeking of verleiding wat die doel het om iemand te laat sondig (Matt. 4:1, 3; 6:13; 26:41; Mark. 1:13; 14:38; Luk. 4:2; 8:13; 11:4; Luk 22:40, 46; 1 Kor. 7:5; 1 Thess. 3:5; 1 Tim. 6:9; Gal. 6:1; Jak. 1:13; Op. 2:10; vgl. BDAG, 2000:793, GELNT, 1889:498, PLGNT, 1917:197, NIDNTTE, 2014: 697–702; TDNT 1968:6:31–36).

Die grootste hoeveelheid verwysings in die sinoptiese evangelies dra dieselfde betekenis van die werkwoord πειράζω (Matteus, Markus en Lukas) as waar die Heilige Gees vir Jesus in die woestyn ingelei het om vir veertig dae deur die versoeker (i.e., die Satan) versoek te word (Matt. 4:1–11; Mark. 1:12–13; Luk. 4:1–13). Hier versoek die Satan vir Jesus op drie maniere om Hom so ver te kry om te sondig. Hierdie drie versoekings van Satan hou verband met Israel se veertigjarige toetstydperk in die woestyn (vgl. Num 14:34; Deut. 8:2–3; 9:18; 1 Kon. 19:8; Eseg. 4:5–6; NIDNTTE, 2014:699). Die Ou Testament wys duidelik uit dat God vir Israel gedurende hierdie tyd op die proef gestel het. Alhoewel die Heilige Gees vir Jesus volgens die Nuwe Testament in die woestyn ingelei het, bevestig die evangelieskrywers dat dit die Satan was wat vir Jesus versoek het (Matt. 4:1; Mark. 1:12–13; Luk. 4:1–2).

Gerhardsson, soos aangehaal in NIDNTTE (2014:695), meen dat hierdie versoeking (vanaf πειράζω) van Jesus in die woestyn 'n soortgelyke betekenis het as gewys onder 4.2.2.4, naamlik 'n toets om te bepaal wat in die Seun van God se hart gelê het (vgl. 2 Kron. 32:31; Deut. 8:2). Hierdie versoeking van Jesus deur die Satan het egter ten doel gehad om Jesus van sy messiaanse taak te laat wegdraai sodat Hy sodoende aan God ongehoorsaam is (TDNT 1968:6:34).

Al drie die versoekings deur die Duiwel vind teen die agtergrond van die Ou Testament plaas, met versoekings wat op areas van lewe wat vir Israel belangrik was fokus, naamlik versorging, beskerming en voorspoed/sekuriteit (NIDNTTE, 2014:699–702):

- Versorging: Die Duiwel wou met sy eerste versoeking vir Jesus lei om in sy honger van klippe brood te maak (Matt. 4:4; Luk. 4:3). Jesus het die Duiwel met Deuteronomium 8:3 geantwoord: “Maar Jesus antwoord hom: ‘Daar staan geskryf, ‘Van brood alleen sal die mens nie leef nie.’” Die volk Israel se gesindheid tydens hulle toetsing in hulle woestynomswerwing moes ook soos hierdie antwoord gewees het, eerder as dat hulle oor die manna wat hulle ontvang het, bitter was (Eks. 16:2–12; Num. 11:4–6, 33–34; 21:4–5; Ps. 78:18–32 [LXX Ps. 77:18–32]).

- Beskerming: Met die Duiwel se tweede versoeking volgens Matteus se weergawe en derde versoeking in Lukas se weergawe wou die Duiwel vir Jesus versoek om Homself in gevaar te stel om God uit te daag om so te kyk of God sy verbondsbeloftes sou nakom (Matt. 4:5–6; Luk. 4:9–11 [Ps. 91:11–12 {LXX Ps. 90:11–12 }]). Jesus het die Satan met Deuteronomium 6:16 geantwoord: “Die Skrif sê ook, ‘Jy mag die Here jou God nie uitdaag nie.’” Deuteronomium 6:16 se volle verwysing verwys na die “dag van versoeking by Massa” (Refidim; vgl. Eks. 17:1–7; sien afdeling 4.2.3.5: Deut. 9:22; 33:8; Ps. 95:8 [LXX Ps. 94:8]). Jesus het nie soos Israel vir God uitgedaag deur sy beskermende karakter te betwyfel nie.
- Voorspoed/sekuriteit: Tydens die Duiwel se derde versoeking op die hoë tempeldak het hy vir Jesus voorspoed belowe, maar dan sou Jesus moes neerbuig en hom aanbid (Matt. 4:8–9; Luk. 4:5–6). Op ’n soortgelyke wyse het God aan Moses die beloofde land gewys toe Israel in die woestyn geswerf het (Deut. 34:1–3). Die voorspoed en die sekuriteit van die land is aan die volk Israel belowe. Israel moes net “Die Here ... julle God” aanbid (Deut. 6:13). Dit is dan met hierdie verwysing na Deuteronomium 6:13 waarmee Jesus antwoord. Jesus het, anders as Israel, nie in afgodery verval nie.

Dit was nie net Jesus wat die fokuspunt van die Satan se versoekinge was nie, maar ook sy dissipels. Daarom fokus Jesus in sy onderrig aan sy dissipels oor gebed juis daarop: Hy leer die dissipels om te bid dat hulle nie in die versoeking (vanaf πειρασμός) kom nie (Matt. 6:13; 8:13, Luk. 11:4; 22:40, 46). Die konteks van die twee gebruike van die selfstandige naamwoord πειρασμός in Lukas 22:40 en 46 in verband met gebed is enkele ure voor Jesus se kruisiging. Selfs in hierdie krisistyd het Jesus die dissipels onderrig om te waak en te bid. Gebed is die wyse waarop hulle versterk kon word om nie in die versoeking te kom en te sondig nie.

Die gebruike van πειράζω en πειρασμός as ’n daad wat mense daartoe wil bring om te sondig is ook in die volgende dele van die Nuwe Testament sigbaar: 1 Korintiërs 7:5; 1 Tessalonisense. 3:5; 1 Timoteus 6:9; Galasiërs 6:1; Jakobus 1:13; Openbaring 2:10. Hieruit is dit duidelik dat dit nêrens God is wat mense daartoe wil bring om te sondig nie. Inteendeel, Jakobus 1:13 leer dat gelowiges nie mag sê dat God hulle so wil versoek nie (μηδείς πειραζόμενος λεγέτω ὅτι Ἀπὸ θεοῦ πειράζομαι· ὁ γὰρ θεὸς ἀπειραστός ἐστὶν κακῶν, πειράζει δὲ αὐτὸς οὐδένᾳ). Hierdie gebruike van πειράζω word dus aangewend met ’n slegte doelwit voor oë, naamlik om mense te laat sondig (Jak. 1:13–14; 1 Tim. 6:9; Gal. 6:1; 1 Kor. 7:5; 1 Tess. 3:15).

Hierdie gebruik van πειράζω en πειρασμός wil dus skeiding tussen mens en God bring. Dit is nie ’n versoeking wat van God af kom nie, dit kom van iemand wat God opponeer. Dit het ’n slegte doelwit voor oë en kom van bronne af wat self boos en sleg is.

4.2.5 πειράζω in vroeë Christelike literatuur

4.2.5.1 πειράζω as “n alledaagse poging aanwend”

Die Christelike geleerde Origenes van Aleksadendië (185 n.C. – 253 n.C.) gebruik die werkwoord πειράζω op 'n alledaagse manier as “om te probeer” (BDAG, 2000:792):

God gee die een wat probeer die mag om ons te vervolg (eie vertaling)

ὁ θεὸς τῷ πειράζοντι δοῦς ἐξουσίαν τὴν τοῦ διωκεῖν ἡμᾶς

Volgens (BDAG, 2000:792) is hierdie aanhaling in 'n konteks wat dui op iemand wat 'n poging aanwend om 'n leë en nuttelose doel na te jaag naamlik om iemand te vervolg.

4.2.5.2 πειράζω as “n ondersoek na die aard of karakter van iets of iemand”

Volgens die apokriewe boek “Die handelinge van Petrus”, sê Petrus die volgende (AcPt Ox849, 20–22) (BDAG, 2000:793):

Ek wil die god wat julle verkondig op die proef stel ... God wat weier om op die proef gestel word (eie vertaling).

τὸν διὰ σου θεὸν πειράσαι θέλων, εἰ... οὐ πειράζεται ὁ θεός

Hierdie betekenis van die werkwoord πειράζω in die eerste geval dui daarop dat Petrus wil toets of die godheid wat verkondig word enigsins getuig dat die godheid bestaan. In die tweede geval dui die betekenis van die werkwoord πειράζω op mense wat God uitdaag deur sy karakter te betwyfel en daarteen te rebelleer. Die ware God laat Hom nie so uitdaag en uittart deur in rebellie betwyfel te word nie.

4.2.5.3 πειράζω as “n versoeking en verleiding tot die verkeerde (morele boosheid)”

Hierdie betekenis van πειράζω word in beide Justinus (200 n.C.) en Origenes (200–300 n.C.) se werke gesien waar hulle beskryf hoe die Satan ernstig gepoog het om Jesus te versoek (BDAG, 2000:793). Soortgelyk word die werkwoord πειράζω deur die biskop Irenaeus (120/140 n.C. – 200nC) gebruik, maar sonder verwysing na die Duiwel (BDAG, 2000:793): ἐν τῷ πειράζεσθαι ... καὶ σταυροῦσθαι (“wanneer jy versoek word en gekruisig word”; vgl. Didymus Caecus die blinde [400 nC]).

4.2.6 Gevolgtrekkings: Die betekenis van *πειράζω* en die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in bogenoemde literatuur

Die bogenoemde bespreking het 'n oorsigtelike ondersoek na die verskillende betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* binne antieke Griekse en Joodse literatuur, die Septuagint, Nuwe Testament en Vroeë Christelike literatuur gedoen.

Die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord oorvleuel in die bogenoemde literatuur, alhoewel daar verskillende nuanses is. Daar is geen gebruik van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord binne die antieke Griekse literatuur wat nie ook in die Joodse literatuur of Septuagint voorkom nie. Die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in die Nuwe Testament en vroeë Christelike literatuur word ook nie in 'n lugleegte gebruik nie, maar word dikwels vanuit 'n Ou-Testamentiese konteks in 'n Nuwe-Testamentiese leeftyd gebruik.

Die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord kan volgens die volgende kategorieë ingedeel word.

4.2.6.1 *πειράζω/πειρασμός/πειρα* as 'n alledaagse betekenis

Met die ondersoek na *πειράζω/πειρασμός/πειρα* is daar bevind dat hierdie alledaagse betekenis nie noodwendig 'n teologiese gelaaiete konnotasie het nie. Die gebruik van hierdie alledaagse betekenis kom in al die bogenoemde literatuur voor. Hierdie betekenismoontlikhede behels:

- Om te ervaar
- Om te probeer
- Om 'n poging aan te wend

4.2.6.2 *πειράζω/πειρασμός* as 'n teologiese betekenis met 'n positiewe implikasie

Tydens die ondersoek na *πειράζω/πειρασμός* is 'n teologiese betekenis met 'n positiewe implikasie geïdentifiseer. Hierdie positiewe implikasie van *πειράζω/πειρασμός/πειρα* behels die volgende betekenismoontlikhede:

- 'n Ondersoekende toets na die aard of inhoud van iets of iemand.
- Om die ander party van 'n verbond te toets om hulle verbondstrou in die lig van hulle verbondsverpligtinge te bepaal.

- Toetsing om iemand se geloof en geloofskarakter te bepaal.
- Beproeving(e)/toets(e) deur God gestuur met goeie redes en doeleindes voor oë.
- Toetse wat lyding en swaarkry behels en wat deurstaan moet word. Alhoewel dit swaar is, vind hierdie toetsing met goeie redes vir 'n goeie doel plaas.

4.2.6.3 πειράζω/πειρασμός as 'n teologiese betekenis met 'n negatiewe implikasie

Gedurende die ondersoek na πειράζω/πειρασμός is 'n teologiese betekenis met 'n negatiewe implikasie geïdentifiseer. Hierdie negatiewe implikasie behels dat die πειράζω/πειρασμός deur verkeerde motiewe onderlê word. Dit is te sien waar een persoon 'n ander tot verkeerde optredes wil uitlok. Die betekenismoontlikhede hiervan behels die volgende:

- Om iemand ('n mens, 'n godheid, God) te versoek met die oog om daardie iemand te bring om verkeerd op te tree;
- Om vir God uit te daag deur sy karakter te betwyfel of deur teen Hom te rebelleer vanweë menslike boosheid wat dan in klagtes, murmurering, leuens of wanverklaring van sy wil uitdrukking vind;
- Die mens se eie begeertes wat hom/haar versoek om teen God te sondig.
- Die Duiwel wat mense verlei/versoek/verlok om verkeerd op te tree om sodoende skeiding tussen God en mens te bring; of
- Mense wat ander deur middel van slinkse toetsing met 'n verskuilde agenda in 'n strik wil laat trap om sodoende daardie verkeerde optrede teen die getoetste party te hou.

Die drie kategorieë waarin die πειράζω-lekseem se betekenismoontlikhede soos in antieke Griekse en Joodse literatuur, die Septuagint, Nuwe Testament en vroeë Christelike literatuur verdeel kan word, bied daar 'n beter verstaan van die betekenisraamwerk waarbinne die πειράζω-lekseem ontplooi word. Om dit egter van nog nader te verklaar, moet daar gekyk word na die oorsprong of bron van die alledaagse en teologiese betekenis met positiewe en negatiewe implikasies. Dit bied nie net groter akkuraatheid vir die verstaan van die πειράζω-lekseem se betekenisraamwerk nie, maar belig ook wie of wat die oorsaak of bron van versoeking/toetsing/ervaring/uitdaag is, en wie of wat die objek daarvan is.

4.3 Die oorsprong/bron van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in die bogenoemde literatuur

4.3.1 Mense as die oorsprong van *πειράζω*/*πειρασμός*

Wanneer daar uit die bogenoemde literatuur na die betekenis van *πειράζω* en *πειρασμός* met mense as oorsprong daarvan gekyk word, het dit altyd 'n negatiewe konnotasie, behalwe wanneer die oorsprong daarvan die mens Jesus Christus is.

Die eerste negatiewe konnotasie in verband met *πειράζω* en *πειρασμός* is te sien in al die gevalle waar Israel of die mens vir God uitdaag (in die Ou Testament: Eks. 17:7; Deut. 6:16; 9:22; 33:8; Num. 14:22; Ps. 78:40–41 [LXX Ps. 77:40–41], 95:8 [LXX Ps. 94:8], 106:14 [LXX Ps. 105:14]; Jes. 7:12; Mal. 3:15; TDNT 1968:6:27–28; NIDNTTE, 2014:696; in die Nuwe Testament: Hand. 5:9, 15:10; Heb. 3:8–9 [Ps. 95:8] {LXX Ps. 94:8} [heenwysend na Num. 21:5; Eks. 17:1–7]; 1 Kor. 10:9 [wat heenwys na Ps. 77:18]; GELNT, 1889:498; TDNT 1968:6:32).

Hierdie “uitdaag” (vanaf *πειράζω*) van God is keer op keer sigbaar. Dit gebeur wanneer die volk Israel vir God in die woestyn uitdaag, waar Ananias en Saffira vir die Heilige Gees jok, of waar die gelowiges in die Nuwe Testament amper besluit dat hulle beter as God weet. Wanneer mense in hierdie opsig die oorsaak of bron van versoeking is, gaan dit daaroor dat hulle God se karakter bevraagteken en daarom as't ware vir God met hulle rebellie wil toets.

Die tweede negatiewe konnotasie waar mense die bron van toetsing/versoeking is, is waar mense in die Nuwe-Testamentiese tydperk vir Jesus geopponeer het en Hom met strikvrage wou uitvang met die doel voor oë om Hom tot morele boosheid te lok (Luk. 10:25; 11:16; 20:23; Matt. 16:1; 19:3; 22:17, 35; Mark. 8:11; Joh. 8:6 (BDAG, 2000:793, Louw & Nida, 1996:329).

Die derde negatiewe konnotasie in verband met mense as oorsaak van toetsing/beproeving is die verwysings te vind in Hebreërs 2:18, 11:36 en Handeling 20:19. In al drie hierdie gedeeltes word die werkwoord *πειράζω* as 'n toets deur middel van swaarkry gesien. Die merkwaardige hiervan is dat dit mense is wat verantwoordelik is vir hierdie swaarkry waarmee versoeking/beproeving plaasvind. Hebreërs 2:18 sê:

“Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek is, is Hy in staat om dié wat versoek word, te help”

ἐν ᾧ γὰρ πέπονθεν αὐτὸς πειρασθείς, δύναται τοῖς πειραζομένοις βοηθῆσαι.

Hierdie lyding van Jesus sluit sy kruisdood in. Dit was mense wat Jesus gekruisig het. 'n Soortgelyke gebruik van *πειράζω* waar mense die oorsprong van swaarkry ter will van toetsing is, is in die verwante selfstandige naamwoord *πεῖρα* in Hebreërs 11:36 te sien:

“nog ander het die toets van bespotting en slae verduur, en boonop van boeie en gevangenskap.”

ἄλλοι δὲ ἐμπαιγμῶν καὶ μαστίγων πείραν ἔλαβον, ἔτι δὲ δεσμῶν καὶ φυλακῆς.

Dit is mense wat ander gelowiges volgens Hebreërs 11:36 bespot, geslaan en in gevangenskap en boeie geplaas het. So ook was dit mense wat vir Paulus in 2 Korintiërs 11:21–31 met houe geslaan en klippe gegooi het (vgl. Hand. 20:19). God gebruik natuurlik hierdie omstandighede wat deur mense teweeg gebring word as 'n toets, maar die mens is die handelende een verantwoordelik vir hierdie omstandighede wat die ander persoon toets. Mense is verantwoordelik vir die leed wat hulle gelowiges aandoen.

Die enigste mens wat goeie bedoelings met “toetsing” (vanaf *πειράζω*) gehad het, is Jesus Christus wat mense getoets het (vgl. Joh. 6:6). In Johannes 6:6 vind Jesus en sy dissipels hulleself met 'n groot skare en tekort aan kos oorkant die see van Galilea, oftewel Tiberias (Joh. 6:1–15). By hierdie geleentheid doen Jesus 'n wonderwerk deur vyf brode en twee visse te vermeerder om almal te voed. Alhoewel Jesus geweet het wat Hy wou doen, stel Hy die volgende vraag in aan Filippus Johannes 6:5b–6:

^{5b}“Waar sal ons brood te koop kry om hierdie mense te laat eet?” ⁶Hy het dit egter net gesê om hom te toets – self het Hy immers reeds geweet wat Hy wou doen.”

^{5b}*ἐπάρας οὖν τοὺς ὀφθαλμοὺς ὁ Ἰησοῦς καὶ θεασάμενος ὅτι πολλὸς ὄχλος ἔρχεται πρὸς αὐτὸν λέγει πρὸς Φίλιππον Πόθεν ἀγοράσωμεν ἄρτους ἵνα φάγωσιν οὗτοι; ⁶τοῦτο δὲ ἔλεγεν πειράζων αὐτόν, αὐτὸς γὰρ ᾔδει τί ἔμελλεν ποιεῖν*

Hierdie toets wat Jesus vir Filippus gee en waarvan Johannes in sy evangelie praat, wys vir die lesers dat Jesus nie gewonder het of verras was oor die wonderwerk wat Hy sou doen nie, en dus is hierdie toets neutraal van aard (Carson, 1991:269). Jesus wou moontlik vir Filippus toets sodat Filippus die geleentheid kon hê om in 'n belydenis te verwoord wat hy reeds oor Jesus weet, naamlik dat Jesus hierdie mense se nood kan aanspreek. Ongelukkig ontbloom Filippus 'n gesindheid van hopeloosheid in sy antwoord (Joh. 6:7) (Morris, 1981:343).

4.3.2 Die begeertes van die mense as oorsprong van *πειράζω/πειρασμός*

Die mens se begeertes word op verskeie plekke as die oorsprong van toetsing/versoeking geïdentifiseer (1 Tim. 6:9; Jak. 1:13–15). Hierdie begeertes kan skadelike gevolge hê en tot die dood lei (Jak. 1:15 *εἴτα ἡ ἐπιθυμία συλλαβοῦσα τίκτει ἁμαρτίαν, ἡ δὲ ἁμαρτία ἀποτελεσθεῖσα ἀποκυεῖ θάνατον.*). Paulus beskryf die gevare van rykdom vir die gelowige soos volg in 1 Timoteus 6:9:

“Wie ryk wil wees, val in versoeking en ’n strik, en baie dwase en skadelike begeertes wat mense meesleur na ondergang en vernietiging.”

οἱ δὲ βουλόμενοι πλουτεῖν ἐμπίπτουσιν εἰς πειρασμὸν καὶ παγίδα³ καὶ ἐπιθυμίας πολλὰς ἀνόητους καὶ βλαβεράς, αἵτινες βυθίζουσιν τοὺς ἀνθρώπους εἰς ὄλεθρον καὶ ἀπώλειαν.

Op ’n soortgelyke trant beskryf Markus 4:19 die verleiding van rykdom en begeertes na allerlei dinge as so gevaarlik vir die gelowige dat dit selfs kan maak dat die woord van God verstik word en sonder vrug bly:

“maar die bekommernisse van hierdie wêreld, die verleiding van rykdom en die begeertes na allerlei dinge dring in en verstik die woord, en dit bly sonder vrug.”

καὶ αἱ μέριμναι τοῦ αἰῶνος καὶ ἡ ἀπάτη τοῦ πλούτου καὶ αἱ περὶ τὰ λοιπὰ ἐπιθυμίαι εἰσπορευόμεναι συνπνίγουσιν τὸν λόγον, καὶ ἄκαρπος γίνεται

Hierdie begeertes wat so verleidelik is, kom vanuit die sondige mens se swak vlees (Matt. 21:41 *δὲ σὰρξ ἀσθενής*). Daarom roep Jesus ook sy dissipels op om te waak en te bid sodat hulle nie in die versoeking kom nie, juis omdat die vlees swak is (*γρηγορεῖτε καὶ προσεύχεσθε, ἵνα μὴ εἰσέλθῃτε εἰς πειρασμόν· τὸ μὲν πνεῦμα πρόθυμον ἡ δὲ σὰρξ ἀσθενής*).

4.3.3 Omstandighede as oorsprong van *πειράζω/πειρασμός* vir die mens

Die omstandighede waardeur die mens versoek word, is nie noodwendig die oorsaak van die “versoeking/toetsing” nie, maar bloot die konteks waarbinne die mens die versoeking/toetsing ervaar. Die omstandighede word deur ’n ander bron veroorsaak. Die mens ervaar egter die omstandighede self as ’n toets/versoeking.

So was gebeure in die geskiedenis soos die gebrek aan water by Refidim (Eks. 17:1–7), die nasies wat nog in die beloofde land oorgebly het ná Josua se dood (Rigt. 2:22), die tekort aan kos in die woestyn (Eks. 16:3–4), ’n lang tydperk waartydens ’n man en vrou hulself intiem van mekaar weerhou (1 Kor. 7:5), lyding vanweë gevangenisskap en boeie (Op. 2:10), en die

swaarkry van gelowiges (Heb. 11:36–37) baie moeilike omstandighede wat mense “toets”. God laat dit alles as toetse toe en Hy is die Een wat dit alles beskik.

’n Man en vrou wat hulle vir ’n te lang tyd intiem van mekaar weerhou, skep omstandighede waarbinne hulle baie kwesbaar vir ’n versoeking kan wees. Die omstandighede is die ideale omgewing vir ’n sekere stimulus (Satan, begeertes of ’n ander individu) om versoekings teweeg te bring. Op ’n soortgelyke wyse beskryf Openbaring 2:10 die uitdagende omstandighede van lyding in gelowiges se lewens toe hulle in tronke gegooi is, as ’n versoeking. Hierdie gelowiges was moontlik in die versoeking om afvallig te raak, maar met die lees van die teks is dit duidelik dat daar ’n ander party is wat die omstandighede gebruik het om gelowiges te versoek (Op. 2:10 – die Duiwel).

Versoeking wat deur middel van uitdagende omstandighede voorkom is ook sigbaar in Jesus Christus se veertig dae in die woestyn (Matt. 4:1–11; Mark. 1:12–13; Luk. 4:1–13). Tog is Jesus onder die leiding van die Heilige Gees in die omstandighede ingelei. Binne hierdie omstandighede is Hy deur die Duiwel versoek. Die Duiwel se versoeking van Jesus binne hierdie konteks begin telkens met “As U die Seun van God is” (Mat. 4:3, 6). Dit is dieselfde versoeking wat Jesus onder die uitdagende omstandighede van die kruisiging ervaar het toe verbygangers gesê het: “... as jy die Seun van God is, red jouself, en kom af van die kruis!” (Matt. 27:40). Die ooreenkoms tussen die Satan se aanslag en die verbygangers by die kruisiging se aanslag is opmerklik. Die verbygangers se woorde was sekerlik ook ’n versoeking in swaar omstandighede. Al hierdie versoekings gebeur binne die konteks van sekere uitdagende omstandighede.

Dit is dus uitdagend om te bepaal of die omstandighede die oorsaak van versoeking/toetsing is en of ’n sekere party (God, die Duiwel, of mense) die oorsprong van die versoeking/toets is. Dit is egter duidelik dat die omstandighede die konteks is waarbinne versoeking/beproeving beleef word. Mense kan omstandighede van welke aard sien as ’n geleentheid om God uit te daag (Eks. 16:4; 17:1–7), of dit kan deur die Satan ten kwade gebruik word om mense te versoek (1 Kor. 7:5; Op. 2:10) of God kan dit beskik om as toets goeie dinge te bewerk (Deut. 8:2; Rigt. 2:22; Heb. 11:36–37).

4.3.4 Die Satan as oorsprong van *πειράζω/πειρασμός*

Dit is baie duidelik dat die Satan as oorsprong van versoeking altyd poog om ’n versoeking tot morele boosheid te gebruik om mense in ongehoorsaamheid te laat val en so skeiding tussen hulle en God te bring (Gen. 3:1–4; 1 Kron. 21:1; Job 1:11–12; 1 Kor. 7:5; Matt. 4:1, 3; Mark. 1:13; Luk. 4:2; 1 Thess. 3:5).

Die Satan word spesifiek in 1 Tessalonisense 3:5 die verleier (ὁ πειράζων) genoem. Geen versoeking van die Satan het 'n goeie doel voor oë nie. Hy poog om God se voorskrifte, die taak wat Hy op mense lê, en sy instellings af te breek (Gen. 3:1–4; 1 Kor. 7:5; Matt. 4:1, 3; Mark. 1:13; Luk. 4:2). Hy wil mense van die geloof in God en gehoorsaamheid aan God laat wegval.

4.3.5 God as die oorsprong van πειράζω/πειρασμός

In alle gevalle waar God die oorsprong van beproewing/toetsing is, het Hy goeie bedoelings voor oë. Dit is te sien uit die volgende:

- God as oorsprong van toetsing wil die mense met wie Hy in verbondsverhouding leef toets om hulle standvastigheid en karakter in die verbond te bepaal (Gen. 22:1; Eks. 16:4; 20:20; Deut. 8:2, 13:3–4; Rig. 2:22; 3:1–4).
- God as oorsprong van toetsing beproef net gelowiges en nie heidene nie. Hy wil sodoende die aard en inhoud van gelowiges se harte ondersoek (2 Kron. 32:31; Deut. 8:2; Ps. 25:2).
- God wil gelowiges se geloofsegtheid en geloofskarakter deur middel van toetsing vorm sodat gelowiges daardeur ook tot die selfkennis van hulle geloof kan kom (Joh. 6:6; Heb. 11:17 [vgl. Gen. 22:1]; 1 Kor. 10:13; 1 Pet. 1:6; 4:12; Jak. 1:2; Heb. 2:18b; 4:15; 11:37; Op. 2:2).
- God gebruik selfs swaarkry as 'n manier om te toets en gee daarin uitkoms, redding en loon (Jak. 1:12; 2 Pet. 2:9; 1 Kor. 10:13; Op. 3:10).

4.3.6 Gevolgtrekkings rakende die verskillende oorspronge van πειράζω/πειρασμός

Gegewe die betekenismoontlikhede van die werkwoorde πειράζω en die verwante selfstandige naamwoord πειρασμός en die verskillende oorspronge daarvan, kan die volgende afleidings gemaak word:

- God as oorsprong van toetsing wil mense altyd toets en nie versoek nie. Hy toets egter nie enige mens nie, Hy toets sy verbondskinders. Hierdie toets sal altyd as 'n toets vertaal word. Hierdie toets het goeie bedoelings en redes voor oë.
- Satan as oorsprong van versoeking wil mense altyd versoek en nie toets nie. Hierdie aanslag van Satan is gerig teen beide gelowiges en ongelowiges. Hierdie versoeking sal altyd as 'n versoeking vertaal word. Hierdie versoeking word met slegte bedoelings met slegte redes voor oë gedoen.
- Mense as oorsprong van versoeking/toetsing het altyd 'n afbrekende en slegte doel voor oë, behalwe die sondelose mens Jesus Christus. Wanneer mense negatief uitdrukking

aan toetsing gee, kan die *πειράζω*-lekseem as toetsing of versoeking vertaal word. Die versoeking/toetsing wat uit slegte mense as bron voortspruit het altyd slegte bedoelings en redes voor oë.

- Begeertes as bron van versoeking het altyd 'n negatiewe konnotasie wat tot skade en die dood lei. Hierdie begeertes word deur die verleidelike dinge van die wêreld aangewakker en dit spruit uit slegte mense voort.
- Omstandighede is nooit die bron van versoeking/toetsing opsig self nie, maar speel altyd 'n versoekende/toetsende rol as konteks. God gebruik dit vir toetsing of die Duiwel/mense gebruik dit vir versoeking.

4.4 Gevolgtrekking rakende die voorkoms en gebruik van die *πειράζω*-lekseem en die invloed daarvan op die verklaring van Hebreërs 2:18 en 4:15

Ten einde die vraag na Jesus se versoeking/beproeving in Hebreërs 2:18 en 4:15 te antwoord, het die hoofstuk eers ondersoek gedoen na die verskillende betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en die verwante selfstandige naamwoord in die antieke Griekse en Joodse literatuur, die Septuagint, die Nuwe Testament en vroeë Christelike literatuur. Die rede hiervoor is dat Hebreërs 4:15 stel dat Jesus in alle opsigte soos mense “versoek/beproof” was (*πεπειρασμένον δὲ κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα*). Natuurlik is al die betekenismoontlikhede nie van toepassing wanneer die Hebreërskrywer sê dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek/beproof is nie. Die analise van al die betekenismoontlikhede in die onderskeie literatuur maak dit wel moontlik om te onderskei in watter opsigte Jesus moontlik versoek/beproof is. Wat die Hebreërskrywer met “alle opsigte” versoek/beproof in Hebreërs 2:18 en 4:15 bedoel, word egter eers in Hoofstuk 5 van nader verklaar.

Die verskillende betekenismoontlikhede van die *πειράζω*-lekseem stem ooreen en oorvleuel in die buite-Bybelse en Bybelse literatuur. Daar is geen buite-Bybelse gebruik van die *πειράζω*-lekseem wat nie in die Septuagint en die Nuwe Testament voorkom nie. Wanneer die betekenisraamwerk met die verskillende betekenismoontlikhede van *πειράζω* in verband gebring word met die verskillende bronne waaruit dit voorspruit, kan die volgende afgelei word:

***πειράζω* as 'n werkwoord met 'n alledaagse betekenis:**

- *πειράζω* neem drie alledaagse betekenisse aan wat nie noodwendig 'n teologiesegelaaide betekenis het nie. God word slegs een keer in verband met hierdie alledaagse betekenis van *πειράζω* gebring (Deut. 4:34). Hierdie drie gebruike van *πειράζω* behels:

1. “Om te probeer” / “om 'n poging aan te wend”

2. “Om bekend te wees met”

3. “Om te ervaar”

God as oorsprong van toetsing/beproewing (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$):

- God as oorsprong van beproewing toets sy verbondskinders as individue of as verbondsgemeenskap om hulle geloof en geloofskarakter te bepaal.
- God as oorsprong van beproewing beskik moeilike omstandighede (ook swaarkry en lyding) as 'n konteks waarbinne hy gelowiges toets.
- God as oorsprong van beproewing het altyd goeie bedoelings en redes vir die toetsing aangesien Hy nooit wil hê dat sy verbondskinders moet sondig nie.
- God as oorsprong van beproewing wil die aard of inhoud van sy verbondskinders se harte en geloofskarakter bepaal en wil hulle sodoende tot 'n selfkennis daarvan bring sodat hulle volhardend kan leef.

Satan as oorsprong van versoeking (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$):

- Die Satan gebruik versoeking nooit vir 'n goeie doel of rede nie.
- Versoeking ($\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) met die Satan as oorsprong neem altyd die betekenis aan van “iemand te verlei of te lok tot morele boosheid, ongehoorsaamheid en sonde”.
- Die Satan gebruik slegte omstandighede as 'n konteks of ruimte waarbinne hy mense wil verlei en lok tot sonde. Hy doen dit nie net met sondaarmense nie, maar het dit ook met Jesus Christus gedoen.
- Die Satan poog om deur sy versoeking/verleiding skeiding tussen mense en God te bring.

Mense as oorsprong van toetsing/versoeking (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$):

- Mense wat as oorsprong van toetsing optree, veroorsaak toetse (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) op drie negatiewe maniere:
 1. $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in verband met mense as oorsprong behels dat mense iemand anders deur middel van strikvrae wil betrap sodat die persoon fouteer en hulle dit dan dit teen die persoon kan gebruik.
 2. $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in verband met mense behels dat mense God uitdaag/toets in hulle ongehoorsaamheid, twyfel en rebellie deur sy karakter te bevraagteken en volgens 'n

menslike kriteria te meet. Die bekendste moment wat herhalend in die Bybelse literatuur voorkom, was by Refidim (vernoem na Massa).

3. $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in verband met mense behels dat mense swaarkry en lyding vir ander mense veroorsaak waarbinne die lydende persoon getoets word.

Begeertes as oorsprong van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$:

- Daar is gewys dat die mens se begeertes die mens versoek, en dit juis omdat die mense swak is. Daarom moet die mens waak en bid om nie in die versoeking te kom nie.
- Hierdie begeertes as versoeking is nooit goed nie, maar is skadelik en lei tot die Woord van God wat verstik word, ondergang, en die dood.
- Hierdie begeertes as versoeking het dus nooit goeie uitkomst vir oë nie.

Die betekenismoontlikhede van die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem kan uit hierdie verskillende bronne waaruit versoeking/toetsing voortspruit, geïdentifiseer word. Daar kan op hierdie stadium nie met sekerheid bepaal word of al hierdie betekenismoontlikhede en of net sommige op Jesus van toepassing in Hebreërs 2:18 en 4:15 is nie. Vanuit die gegewe navorsing is dit wel voorlopig duidelik dat Jesus nie in Hebreërs 2:18 en 4:15 die oorsprong van “versoeking/toetsing” (vanaf $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$) is nie. Hy is die objek van versoeking/toetsing. Of die Hebreërskrywer bedoel dat Jesus versoeking/beproeving verduur vanweë die Satan, slegte omstandighede, mense, of God, word in die volgende hoofstuk ondersoek.

HOOFSTUK 5 DIE BETEKENIS VAN ΠΕΙΡΑΖΩ IN DIE BOEK HEBREËRS

5.1 Inleiding

Die vorige hoofstukke het die inleidingsvrae van die boek Hebreërs, die twee nature van Jesus Christus in Hebreërs, en die gebruik en betekenis van die begrip *πειράζω* in antieke literatuur ondersoek. Dit bied 'n verwysingsraamwerk vir hierdie hoofstuk. Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die betekenis van die werkwoord *πειράζω* en die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in die boek Hebreërs na te vors.

Die ondersoek na die korrekte betekenis van die gebruik van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* het ten doel om die navorsingsvraag rakende Jesus se versoeking/beproeving (*πειράζω*) in Hebreërs 2:18 en 4:15 te beantwoord. Dit is vir hierdie studie van belang om elkeen van hierdie voorkomste van die *πειράζω*-lekseem te ondersoek ten einde te bepaal of die betekenis daarvan op 'n toets/beproeving of op 'n versoeking tot sonde dui. Sodra die korrekte betekenis geïdentifiseer is, sal daar ook 'n beter verstaan van “alle opsigte” (*κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα*) van hierdie toets/versoeking wees (Heb. 4:15). Op hierdie wyse kan daar bepaal word wat die betekenis van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18 en 4:15 is, veral met betrekking tot Jesus wat in alle opsigte soos mense versoek/beproof (*πειράζω*) is. Ten einde hierdie doelwit te bereik, bied hierdie hoofstuk 'n eksegetiese van die betrokke perikope waarbinne die *πειράζω*-lekseem voorkom. Die volgende raamwerk dien as werkswyse vir die eksegetiese van die genoemde gedeeltes:

- 'n Eie vertaling van perikoop
- Plasing van die perikoop in die Hebreërboek en die literêre konteks
- Makrostruktuur van perikoop
- Mikrostruktuur van die betrokke verse waar die werkwoord *πειράζω* of selfstandige naamwoord *πειρασμός* voorkom
- Sintaktiese ontleding van verse waar die werkwoord *πειράζω* of selfstandige naamwoord *πειρασμός* voorkom
- Verdere toeligting en bespreking van die perikoop
- 'n Voorlopige gevolgtrekking aangaande die *πειράζω*-lekseem in die betrokke perikoop

Hierdie hoofstuk doen dus ondersoek na die gebruik van die werkwoord *πειράζω* en waar van toepassing die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* in Hebreërs 2:18, 3:9, 4:15 en 11:17. Alhoewel die *πειράζω*-lekseem se verwante vorm ook in Hebreërs 11:21 en 11:36 voorkom, word dit nie in hierdie hoofstuk ondersoek nie. Die gebruike van die *πειράζω*-lekseem in Hebreërs 11:21 en 11:36 dui op 'n alledaagse betekenis (sien afdeling 4.2.3.1 hierbo) wat vir die hoofstuk nie krities van belang is nie. Na aanleiding van die eksegetiese ondersoek bied die hoofstuk 'n gevolgtrekking rakende die gebruik van die *πειράζω*-lekseem. Hierdie gevolgtrekking sal veral lig op Hebreërs 2:18 en 4:15 se betekenis werp.

5.2 Hebreërs 2:18

5.2.1 Eie vertaling van Hebreërs 2:5–18

Hier volg 'n eie vertaling van Hebreërs 2:5–18:

⁵Hy het immers nie die komende bewoonde wêreld waarvan ons praat aan engele onderwerp nie. ⁶Maar iewers word getuig en gesê: “Wat is 'n mens dat U hom onthou, of 'n mens dat U vir hom voortdurend sorg? ⁷U het hom 'n kort rukkie geringer as die engele gemaak. U het hom met heerlijkheid en eer gekroon. ⁸U het alles aan Hom onderwerp, onder sy voete”. Aangesien Hy alles aan hom onderwerp het, het Hy niks oorgeslaan wat nie aan onder sy beheer is nie. Nou sien ons nog nie dat alles aan hom onderwerp is nie, ⁹maar ons sien vir Jesus – wat 'n kort rukkie geringer as die engele gemaak is om sodoende deur die genade van God die dood ter wille van elkeen sou meemaak – wat as gevolg van die lyding van die dood met heerlijkheid en eer gekroon is, ¹⁰want dit was gepas vir Hom, ter wille van wie alles is en deur wie alles is, om ten einde baie kinders tot heerlijkheid te lei, die grondlegger van hulle verlossing deur lyding volmaak te maak. ¹¹want die Een wat heilig maak en dié wat heilig gemaak word, is almal uit Een. Om hierdie rede is Hy nie skaam om hulle “broers” te noem nie ¹²wanneer Hy sê: “Ek sal u Naam aan my broers verkondig, Ek sal U lof besing in die middel van die vergadering”. ¹³En ook: “Ek sal op Hom vertrou.” En ook: “Kyk, Ek en die kinders wat God my gegee het!” ¹⁴Aangesien die kinders dan mense is, het Hy ook aan dieselfde deel gekry, sodat Hy deur sy dood hom kon vernietig wat mag oor die dood besit, dit is die Duiwel, ¹⁵en Hy hulle kon bevry wat uit vrees vir die dood deur hulle hele lewe beheer was deur slawerny. ¹⁶Omdat dit beslis nie engele is wat Hy help nie, maar die nageslag van Abraham. ¹⁷Om hierdie rede was dit noodsaaklik dat Hy in alles aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n genadige en getroue hoëpriester kon wees ten opsigte van die dinge by God om die sonde van die volk te versoen. ¹⁸Want omdat Hy self gelyk het toe Hy versoek/getoets (*πειρασθείς*) is, is Hy in staat om die wat getoets/versoek (*τοῖς πειραζομένοις*) word te help.

5.2.2 Plasing en literêre konteks van die perikoop in die Hebreërboek

Afdeling 2.5 in Hoofstuk 2 dien as vertrekpunt vir die plasing van Hebreërs 2:5–18 in die Hebreërpreek. Soos bespreek, volg die studie Coetsee (2014), geïnspireer deur Nauck (1960), se drieledige struktuurindeling deur middel van die *inclusio* wat Hebreërs 4:14–16 en 10:19–23 vorm. Op grond van hierdie struktuurindeling is Hebreërs 2:5–18 in die eerste hoofdeel van die Hebreërpreek, naamlik Hebreërs 1:1–4:13.

Hebreërs 2:5–18 volg op die Hebreërskrywer se beklemtoning van die feit dat God in die eindtyd deur sy Seun praat (Heb. 1:1–4). Na die inleiding in Hebreërs 1:1–4 fokus die Hebreërskrywer op Jesus se posisie as meer as die engele (Guthrie, 1994:144; vgl. Lane, 1991a:xcvi–xcvii; De Sousa, 2019:90). In Hebreërs 2:5–18 sit die Hebreërskrywer sy vergelyking tussen Jesus en die engele voort, maar hy vestig veral by wyse van Ou-Testamentiese aanhalings sy aandag op Jesus se identifisering en solidariteit met mense (De Sousa, 2019:91; Lane, 1991:53).


Die Ou-Testamentiese aanhalings wat in die perikoop van Hebreërs 2:5–18 verskyn, dui daarop dat die perikoop 'n homiletiese midrasj is (Lane, 1991:53; De Sousa, 2019:90; Koester, 2001:234; Johnson, 2006:93). Die Hebreërskrywer verklaar hierdie aanhalings teologies primêr op 'n Christologiese vlak (De Sousa, 2019:83–86). Dit beteken dat die Hebreërskrywer hierdie gedeeltes as 'n midrasj met 'n spesifieke oogmerk by sy preek ingesluit het. Die oogmerk van hierdie homiletiese midrasj is primêr teologies; die Hebreërskrywer wil aandui hoe hierdie Ou-Testamentiese gedeeltes verband hou met Jesus. Hierdie Ou-Testamentiese aanhalings is ook binne 'n unieke Ou-Testamentiese konteks geskryf. Die Hebreërskrywer het waarskynlik die Ou-Testamentiese konteks baie goed geken. Aangesien daar egter nie algehele sekerheid oor die identiteit van die Hebreërgehoor is nie, is dit nie altyd duidelik tot watter mate die hoorders die konsepsuele raamwerk en konteks van die Ou-Testamentiese aanhalings geken het nie. Die Hebreërskrywer probeer nie om met elke aanhaling die hele Ou-Testamentiese konsepsuele raamwerk waarbinne die aanhaling staan, herroep nie. Die literêre konteks van die Ou-Testamentiese aanhalings is van belang, maar om aan te neem dat die hoorders van die Hebreërpreek met elke aanhaling die konsepsuele raamwerk waarbinne 'n Ou-Testamentiese gedeelte staan, sou herroep, is 'n gevaarlike aanname. Die Ou-Testamentiese konteks is belangrik, maar in die Hebreërpreek wil die skrywer spesifiek aandui hoe die spesifieke aanhaling in verband met Christus verstaan moet word (De Sousa, 2019:89).

Alhoewel daar verskille onder akademici heers oor of hierdie spesifieke Ou-Testamentiese aanhalings 'n Messiasverwachting gehad het of nie, interpreteer die Hebreërskrywer die aanhalings met die oog op Christus. Dit sal dwaas wees om in die Ou-Testamentiese konteks

van die aanhalings verlore te raak terwyl die Christologiese belang misgekyk word. Dit sal die outeursbedoeling met die aanhalings miskyk. Die hedendaagse leser van die Hebreërpreek moet onthou dat die Hebreërskrywer die aanhalings gebruik om die Christusboodskap met 'n teologiese hermeneutiek te ontplooi. Die hedendaagse leser moet dus op die outeursbedoeling fokus eerder as op subjektiewe hipoteses oor wat miskien in die eerste hoorders se gedagtes geleef het (De Sousa, 2019:100–101). Wanneer die leser dit doen dan sal die outeursbedoeling meer korrek verstaan word. Die Ou-Testamentiese aanhalings kom voor in Hebreërs 2:6–8 (LXX Ps. 8:5–7), Hebreërs 2:12–13 (LXX Ps. 21:23) en Hebreërs 2:13 (LXX Jes. 8:17–18).

Die bedoeling van die Hebreërskrywer in Hebreërs 2:5–18 is om te wys dat Jesus, wat voortrefliker as die engele is, vir 'n kort rukkie geringer as die engele gemaak is toe Hy mens geword het. Hy het dit ter wille van God se kinders, sy broers – Abraham se nageslag – gedoen (Heb. 2:12, 13, 16). Die Hebreërskrywer grond Jesus se menslike natuur en menslike dood in die Ou Testament om die hoorders sodoende te oortuig dat Jesus ware mens en ware getroue en genadige hoëpriester is wat in alles aan sy broers gelyk geword het. Deur sy versoekings/beproevinge heen het Jesus die grondlegger/outeur/leidsman van hulle verlossing geword.

5.2.3 Makrostruktuur van Hebreërs 2:5–18



Figuur 5-1: Die makrostruktuur van Hebreërs 2:5–18

5.2.3.1 Semantiese ontleding van die makrostruktuur

Dit is vanuit Hebreërs 1:5–13 duidelik dat God die Vader aan die Woord is. Wanneer die outeur by Hebreërs 2:10–18 kom, val die fokus op die Seun se spraak en die klem lê veral ook op die Seun se menslikheid (Pierce, 2023:36). Dit is hierdie menslikheid van Jesus wat van sleutelbelang is vir die outeur van Hebreërs se argument in die preek. Die konteks van Jesus se menswees in Hebreërs 2:10–18 kom veral na vore wanneer die outeur in Hebreërs 2:17 sê dat Jesus in alle opsigte mens geword het (Pierce, 2023:36).

Hebreërs 2:5–18 gaan oor Jesus wat in totale solidariteit met die mens staan juis om baie kinders tot heerlikheid te lei. Die gedeelte in Hebreërs 2:5–8 begin met 'n kontras tussen die mens en die engele, en noem dat die komende wêreld aan mense onderwerp is. In hierdie kontras tussen die mens en die engele haal die Hebreërskrywer uit Psalm 8:4–6 aan om te verduidelik op watter wyse die mens gemaak is dat alles aan hulle onderwerp is (Guthrie, 1989:82; Kistemaker, 2010:29). Die woordjie onderwerp (ὑποτάσσω) kom drie keer in Hebreërs 2:5–18 voor.

Alhoewel die mens geringer as die engele gemaak is, het God die skepping aan mense onderwerp en nie aan engele nie. Na die beskrywing van die mens se posisie onder die engele, beweeg die Hebreërskrywer oor na 'n teenstelling wat as gelyktydige handeling met Hebreërs 2:5–8c dien. Die teenstelling erken dat die skrywer en sy hoorders nie sien dat alles aan die mens onderwerp is nie, maar hulle sien wel vir Jesus. Jesus het ten volle mens geword en is vir 'n kort rukkie³ minder as die engele gemaak, juis om die dood ter wille van elkeen te smaak en om met eer en heerlikheid gekroon te word. Die rede en motivering hiervoor word in Hebreërs 2:10–11a uitgespel, en dit is om baie kinders tot heerlikheid te lei. Hier kom Jesus se vereenselwiging en totale solidariteit met die mens na vore. Dit kom na vore in allerhande beskrywings van die verwantskap tussen Hom en die wat Hy wil red, naamlik broers (Heb. 2:12 en 17), kinders (Heb. 2:10, 13 en 14), nageslag van Abraham, vlees en bloed (Heb. 2:14) en volk (Heb. 2:17). Om hierdie totale solidariteit met die mens te bevestig gebruik die Hebreërskrywer in Hebreërs 2:12–13 drie Ou-Testamentiese aanhalings wat saamgevoeg is uit twee Ou-Testamentiese gedeeltes, en dit is Psalm 22:23 (LXX 21:23) en Jesaja 8:17–18. Laasgenoemde word in twee opgedeel met 'n verbindingfrase tussen-in (De Sousa, 2019:83).


Jesus se totale solidariteit met die mens het verskeie doelwitte gedien: sodat Hy die Duiwel wat oor die dood mag het, kon vernietig (Heb. 2:14c); sodat Hy die wat hulle lewens lank in vrees vir die dood leef, kon bevry (Heb. 2:15); sodat Hy 'n genadige en barmhartige hoëpriester kon wees

³ Die skrywer baseer sy argument op die LXX vertaling van kort tydjie (βραχύ) eerder as die Masoretiese teks.

ten opsigte van die dinge by God (Heb. 2:17b), en sodat Hy die volk se sondes kon versoen (Heb. 2:17c). Hy het die doelwitte bereik nie omdat Hy oor engele besorg was nie, maar in teenstelling met die engele eerder oor Abraham se nageslag (Heb. 2:16).

Vanweë Jesus se totale menslike belewenis en solidariteit met sy broers is Hy heeltemal bevoeg en in staat om die te help wat die beproewing/versoeking van swaarkry en lyding beleef, aangesien Hy self swaar gekry het tot en met die dood (Heb. 2:9–10a). Dit is dus duidelik dat Jesus in alle opsigte mens geword het juis om mense te help. Hy is die mens aan wie alles onderwerp is. Hy is die mens wat met eer en heerlikheid gekroon is. Hy is die mens wat as genadige en getroue hoëpriester sy broers, die kinders wat aan Hom gegee is, die nageslag van Abraham, kan bystaan in hulle versoekinge/toetse.

5.2.4 Mikrostruktuur van Hebreërs 2:17–18⁴



Figuur 5-2: Mikrostruktuur van Hebreërs 2:17–18

5.2.4.1 Sintaktiese ontleding van Hebreërs 2:17–18

Hier volg 'n sintaktiese ontleding van die visuele uiteensetting van Hebreërs 2:17–18 hierbo:

- *ὅθεν*: Ondergeskikte voegwoord as 'n gevolgtrekking en oorgang dien van dit wat in vers 16 vooraf gegaan het en wat nou in vers 17 volg. Hierdie voegwoord dui aan dat Jesus se menswording logies sin maak indien Hy mense wil help. Aangesien Hy mense wil help, moet Hy daarom soos hulle mens word (Greenlee, 1998:79).
- *ᾧ φειλέν*: Imperfektum indikatief aktief, derde persoon, enkelvoud wat as hoofwerkwoord funksioneer. Dit dui op 'n handeling wat in die verlede moes plaasvind. Dit wat in die

⁴ Die mikrostruktuur is gedeeltelik geformuleer volgens die metode wat deur De Klerk en Janse van Rensburg (2011:82–108) daargestel word.

verlede moes plaasvind het genoodsaak dat Jesus mens word. Hierdie woordjie dui op 'n vereiste en noodsaaklikheid (Westcott, 1914:57). Jesus moes mens word as Hy mense as hoëpriester wou help (Kistemaker, 1984:76). Dit beteken nie dat Jesus gedwing is om mens te word nie. Deur sy menswording het Hy egter aan alle morele verpligting voldoen om hoëpriester te kan wees. Hy het geregtigheid as mens in die plek van die mens gehandhaaf om nou as genadige en barmhartige hoëpriester mense te kan help (Ellingworth, 1993:180; Kleinig, 2017:24).

- *κατὰ πάντα*: Hierdie *κατά* + akkusatief is 'n merker van ooreenkoms (BDAG, 2000:512). Dit dui op die ooreenkoms tussen Jesus en mense. Hy het gedeel in die menslike ervaring van omstandighede, pyn, swaarkry en uitdagings (Pierce, 2020:28). Die voorsetselfrase *κατὰ πάντα* neem 'n emfatiese plek in die sin en beklemtoon in hierdie konteks Jesus wat in elke opsig gelyk aan sy broers is met betrekking tot vernedering en versoeking/toetsing wat tot die dood lei (Lane, 1998:64). Dit beteken ook dat Hy in elke opsig ten volle en werklik mens is, maar wat Hom anders as enige ander mens maak is dat Hy sondeloos is en daarom kan *κατὰ πάντα* nie die sondige natuur hier insluit nie (Heb. 4:15). Die frase dui dus daarop dat Jesus alle ervaringe wat mense het, ook as mens beleef het (Peterson, 1982:64). Hy moes in elke opsig aan sy broers gelyk word sodat Hy volkome geskik vir die werk as hoëpriester kon wees (Heb. 2:10 en 17) (McKnight, 2004:75). Die voorsetself *κατά* word saam met akkusatiewe *πάντα* byvoeglike naamwoord gebruik om die aoristus infinitief *ὁμοιωθῆναι* te versterk om sodoende te beklemtoon dat dit werklik nodig was vir Jesus om in ooreenstemming met alles van die menslike natuur mens te word, met die uitsondering van sy sondelose lewe en versoeningsdood (Greenlee, 1998:79; Kistemaker, 1984:76).
- *τοῖς ἀδελφοῖς*: Datief, manlik, meervoud wat die indirekte voorwerp in hierdie sin is. Dat Jesus in alle opsigte mens geword het soos alle ander mense is waar, maar hier word spesifiek na sy broers verwys, i.e., gelowiges, en dan spesifiek die gelowige hoorders van Hebreërs. Die term dui op die tipe verhouding wat die hoorders met Jesus het, naamlik 'n medebroer in verhouding met 'n ander broer (Lane, 1998:64).
- *ὁμοιωθῆναι*: Aoristus, passief, infinitief wat daarop dui dat Jesus op 'n spesifieke oomblik in tyd soos mense geword het. Die aoristus passief moet gesien word as 'n goddelike passief waar God as die agent optree (Kleinig, 2017:124). Hierdie werkwoord dui op Jesus wat volkome soortgelyk aan sy broers geword het (Attridge, 1989:95). Dit word in verband met die hoofwerkwoord *ᾠφείλεν* gebring en skakel met die doelsin *ἵνα ... γένηται*. Die fokus is hier op die totale identifisering wat die vleesgeworde Seun van God met sy broers het aangesien Hy met 'n spesifieke doel voor oë volkome mens geword (Lane, 1998:64).

- ἵνα ... γένηται: Die ondergeskikte voegwoord van doel wat die bywoordelike bysin oor die doel waarom Jesus mens geword het, aandui. γένηται is 'n aoristus middel subjunktief, derde persoon enkelvoud wat saam met die ondergeskikte voegwoord van doel funksioneer. Dit dui aan dat die doel van Jesus se menswording was om in 'n sekere staat of toestand te kom, naamlik die van hoëpriesterlike mens wat getrou en barmhartig optree.
- ἐλεήμων καὶ πιστός: Hierdie is twee byvoeglike naamwoorde wat Jesus se eienskappe as hoëpriester beskryf. Die woordjie πιστός dui daarop dat Hy getrou aan God en die mens in sy amp as hoëpriester gedien het (Greenlee 1998:80). Die byvoeglike naamwoord ἐλεήμων dui op Jesus se gesindheid teenoor die mensdom deurdat Hy vol simpatie en omgee as hoëpriester optree (Greenlee, 1998:79). Hierdie twee byvoeglike naamwoorde dui op die belangrike eienskappe wat Jesus as hoëpriester het (Attridge, 1989:95).
- ἀρχιερεὺς: Manlike selfstandige naamwoord in die enkelvoud wat in hierdie sin as die onderwerp funksioneer. Die onderwerp is die hoëpriester wat getrou en barmhartig optree.
- τὰ πρὸς τὸν θεόν: Hierdie frase staan verbind aan ἐλεήμων καὶ πιστός ἀρχιερεὺς en dui op Jesus se getrouheid met betrekking tot die dinge van God. Die voorsetsel πρὸς word saam met die akkusatief τὸν θεόν gebruik om Jesus se eienskappe en werk met verwysing na die dinge van God aan te dui (BDAG, 2000:875). Die voorsetselfrase τὰ πρὸς τὸν θεόν saam met die akkusatief is 'n akkusatief van verwysing wat letterlik vertaal kan word as: “ten opsigte van die dinge by God” (Kleinig, 2017:125).
- εἰς τὸ ἰλάσκεσθαι: Die voorsetsel εἰς is 'n merker van doel met die oog op 'n spesifieke resultaat (Louw & Nida, 1996:783). Hierdie voorsetsel word saam met die praesens passief infinitief gebruik. Die praesens infinitief dui op die doel van Jesus se menswording en optrede met betrekking tot die dinge van God. Die doel is om sonde te versoen. Jesus se menswording het plaasgevind sodat Hy die sonde van sy volk kan versoen. Die frase τὸ ἰλάσκεσθαι saam met die akkusatief τὰς ἁμαρτίας dui daarop dat 'n offer vir die verwydering van sonde gebring moet word met die oog op 'n herstelde verhouding tussen God en mense; dit is juis hierdie offer wat deur die Seun gebring is en daarom moes Hy ly tot en met die dood (Heb. 2:9–10 en 18) (Lane, 1998:66).
- τὰς ἁμαρτίας τοῦ λαοῦ: Hier word vertel dat versoening nodig is vir die sondes van die volk. Hier staan die selfstandige naamwoord “volk” as 'n subjektiewe genitief τοῦ λαοῦ. Die volk tree as subjek op as die groep wat die sonde doen. Alhoewel die frase in die Ou-Testamentiese tyd op die uitverkore verbondsvolk van God dui, gebruik die Hebreërskrywer hierdie term om die nuwe Christengemeenskap as begunstigdes van Jesus se hoëpriesterlike werk te beskryf (Lane, 1998:66).

- ἐν ᾧ γὰρ: Die volgende bywoordelike bysin word deur die ondergeskikte voegwoord, γὰρ, wat op rede dui, ingelei.
- Πέπονθεν: Perfektum indikatief aktief, derde persoon enkelvoud. Die perfektum as hoofwerkwoord dui op 'n voltooide handeling in die verlede waarvan die gevolge in die hede steeds voortduur (Jordaan, 2014:14). Jesus het in die verlede sy lydingspad voltooi om sodoende versoening vir die sondes van die volk te bewerk om nou in die hede te kan help. Dit is hierdie ervaring in die verlede wat Jesus in die hede in herinnering roep, wat Hom in staat stel om dié wat hulp nodig het, by te staan (Peterson, 1982:64).
- αὐτὸς: Derde persoon manlik wat op Jesus as onderwerp van die bywoordelike bysin dui.
- πειρασθείς: Aoristus, passiewe deelwoord, enkelvoud, manlik nominatief. Hierdie aoristus dui op 'n voorafgaande handeling by die hoofwerkwoord πέπονθεν (vanaf πάσχω) (Jordaan, 2014:38). Hierdie deelwoord word predikatief gebruik om die werkwoord Πέπονθεν te kwalifiseer en sodoende aan te dui op watter wyse Jesus gelyk het. Die frase ἐν ᾧ γὰρ πέπονθεν αὐτὸς πειρασθείς, δύναται τοῖς πειραζομένοις βοηθῆσαι dui op 'n opsommende alliterasie wat ten doel het om die hoorders te bemoedig dat Jesus getoets/versoek is soos wat sy broers getoets/versoek is (Attridge, 1989:96; Pierce, 2020:28; McKnight, 2004:76).
- δύναται: Praesens, indikatief, passief, derde persoon enkelvoud wat op 'n duratiewe handeling as algemene waarheid dui (Jordaan, 2014:8). Δύναται volg in die bywoordelike bysin en skakel met die hoofwerkwoord Πέπονθεν. Die rede waarom Jesus bevoeg/in staat is om te help is omdat Hy gelyk het. Dit vorm alles nog deel van die gevolgtrekking wat deur die ondergeskikte voegwoord ὅθεν in vers 17 ingelei is. Volgens Hebreërs 2:18a was Jesus nie net in staat om te help nie, maar is Hy voortdurend vandag nog in staat om te help.
- τοῖς πειραζομένοις: Praesens, passief, deelwoord, meervoud, manlik, datief. Die datief funksioneer hier as die indirekte voorwerp om aan te dui wie gehelp word. Dit is die wat versoek word. Diegene wat getoets/versoek word, is die hoorders van Hebreërs.
- βοηθῆσαι: Aoristus, aktief, infinitief en funksioneer as direkte voorwerp van die werkwoord δύναται. Hy, naamlik Jesus, is in staat om te help.

5.2.5 Verdere toeligting en bespreking van perikoop

Jesus se volkome menswording word in vers 17 verwoord, wat sê: “Om hierdie rede was dit noodsaaklik dat Hy in alles aan sy broers gelyk word”. Die waarskynlikste outeursbedoeling hier is om Jesus se menswording wat in alle opsigte soos sy broers was, oor te dra. Die bedoeling

hier is nie om te sê dat Jesus ook sondig geword het soos sy broers sondig was nie. Dit beskryf eerder Jesus se volkome menswording in alle opsigte soos sy broers. Om te sondig of sondig te wees is nie 'n voorvereiste vir menswees nie. Jesus word dus in alle opsigte mens sonder dat Hy ooit gesondig het. In die lig van die bogenoemde ondersoek is dit duidelik dat Jesus nie bloot in staat is om dié te help wat versoek/beproef word omdat Hy sondeloos deur versoeking/beproewing gegaan het nie. Nee, Hy is in staat om te help omdat Hy mens geword het ter wille van Abraham se nageslag. Daar is hulp te vind by die Een wat mens moes word sodat Hy mense kan help en 'n offer as versoening van hulle sondes kon bring. Om 'n geldige offer te bring moes Hy God en mens wees en sondeloos die pad van versoeking/beproewing stap.

Sekere navorsers sien Hebreërs 2:18 se “omdat Hy self gely het toe Hy versoek is” as Jesus se gebed voor die kruisiging (Moffatt, 1924:40), waar Jesus blootgestel is aan die versoeking om die lydingspad te vermy. Jesus se versoekings was egter nie beperk tot sy lyding tydens die dae van die kruisiging nie (Montefiore, 1964:68). Om Jesus se versoeking voor die kruisiging uit te sonder is dus ongeldig. Ook daardie versoeking was deel van Jesus se versoeking in alle opsigte soos ander mense. Hierdie pad na die kruis en aan die kruis was vol van swaarkry. Daar is reeds gewys dat die omstandighede van die geadresseerdes ook die van verskriklike swaarkry was (afdeling 2.3.2). Swaarkry en lyding kan beproewinge wees wat die egtheid van geloof toets. Versoeking tydens swaarkry is egter daardie appèlle wat die gelowige wil lei om teen die wil van God in te gaan of om die mens daartoe te bring om die geloof totaal en al te versaak. Versoeking/beproewing (πειράζω) is egter nie net daar om geloof te toets of die versoeking tot ongelooft daar te stel nie, maar 'n toets van gehoorsame optrede of 'n versoeking tot ongehoorsame optrede.

Indien Jesus in alle opsigte (Heb. 4:15) soos die mens versoek is, dan word die vraag gestel: “Is Jesus soortgelyk versoek om sy ‘geloof’ in die Vader te versaak soos wat die hoorders die gevaar geloof het om in ongelooft in Jesus te verval?” In die konteks van Hebreërs beskryf die outeur in Hebreërs 11:1 dat geloof gaan onder andere daarvoor om hoopvol vorentoe te kyk. Hebreërs 12:2 stel dan dat Jesus self die leidsman/grondlegger en voleinder van geloof is. Die versoeking om in sonde te val en sodoende die toekomstige heerlikheid te verloor, was dus vir Jesus op die spel. Die rol van die toekomstige belofte van rus in Hebreërs en die versoeking om daarvan afvallig te raak speel 'n groot rol in die skrywer se denke. Hebreërs 12:2 wys ook na 'n toekomselement wat vir Jesus in die vooruitsig was gedurende sy aardse lewe:

“[Hardloop met] die oog gerig op Jesus, die leidsman en voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die

skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het.”

Jesus het tydens sy lydingspad en gehoorsaamheid tot en met die dood aan die kruis juis hierdie vreugde wat in die vooruitsig was voor oë gehou. Hy het gehoorsaam volhard om ook daardie vreugde te beleef.

Jesus is dus in staat om die te help wat “versoek word tot sonde”, want volgens Hebreërs 2:17–18 het Hy versoening vir sondes gebring deur ’n lydingspad as God en mens. Hy is egter ook in staat om dié te help wat deur swaarkry en lyding beproef is omdat Hy self blootgestel is aan al die aardse beproewinge waaraan die mens blootgestel word.

5.2.6 Gevolgtrekking aangaande die werkwoord *πειράζω* in die perikoop

Die betekenis van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 18b dui op versoeking eerder as beproewing. Vanuit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat hierdie perikoop Jesus se totale identifisering en solidariteit met die mens aandui. Jesus se menswording het verskeie doelwitte gedien. Die perikoop gee vier redes waarom Jesus mens geword het, naamlik:

- sodat Hy die Duiwel wat oor die dood mag het, kon vernietig (Heb. 2:14c),
- sodat Hy die wat hulle lewe lank in vrees vir die dood leef kon bevry (Heb. 2:15),
- sodat Hy ’n genadige en barmhartige hoëpriester kon wees ten opsigte van die dinge by God (Heb. 2:17b), en
- sodat Hy die volk se sondes kon versoen (Heb. 2:17c).

Jesus het hierdie doelwitte bereik, nie omdat Hy oor engele besorg was nie, maar in teenstelling met die engele is Hy eerder besorg oor Abraham se nageslag (Heb. 2:16). Jesus se menswording dui daarop dat Hy soos ander mense op ’n volkome wyse aan versoekinge blootgestel is.

Die redes waarom die werkwoord op versoeking eerder as beproewing dui is soos volg:

- Jesus word as die geskikte hoëpriester voorgehou omdat Hy in elke opsig gelyk geword het aan sy broers om as versoening van die volk se sondes te dien (Heb. 2:18). Hierdie uitspraak in vers 17 word in vers 18 gemotiveer deur Jesus wat self gelyk het toe Hy versoek is. Die onmiddellike semantiese en sintaktiese konteks verbind die werkwoord *πειράζω* en die sondes van die volk (*τὰς ἀμαρτίας τοῦ λαοῦ*).
- In Hebreërs 2:14–15 stel die Hebreërskrywer: “¹⁴Aangesien die kinders dan mense is, het Hy ook aan dieselfde deel gekry, sodat Hy deur sy dood hom kon vernietig wat mag oor

die dood besit, dit is die Duiwel, ¹⁵en Hy hulle kon bevry wat uit vrees vir die dood deur hulle hele lewe beheer was deur slawerny.”(eie vertaling). Hier stel die Hebreërskrywer dat mense van nature hulle hele lewe lank in vrees vir die dood leef juis omdat die Duiwel daarvoor mag het. Sonder God se ingrepe leef die mens onder die mag van die Duiwel. In Hoofstuk 4 is daar reeds aangedui dat waar die Duiwel as bron van die werkwoord *πειράζω* staan, die betekenis altyd dui op versoek en nie op beproef of toets nie. Die Duiwel word in vers 14 genoem, en die werkwoord *πειράζω* word eers in vers 18 gebruik. In die onmiddellike semantiese konteks maak die skrywer egter die volgende argument: Jesus het totaal en al mens geword. Mense leef ’n lewe waar die Duiwel se mag hulle vreesbevange laat. Elke mens moet sterf, en die Duiwel het mag oor die dood. Die mens is sondig en die rede daarvoor is dat die mens onder versoeking meegee. Jesus Christus word egter ten volle mens. Hy word ten volle versoek. Hy het nooit onder versoeking meegee nie. Hy moes as mens ook sterf, maar met die doel om die Duiwel kragteloos te maak. Daar is ook in Hoofstuk 4 aangedui dat mense of die Duiwel wat versoeking meebring, die ontvangers daarvan laat swaarkry. Jesus se lyding hier tot en met sy dood moet dus verstaan word as dat die Duiwel en mense se versoeking die lyding veroorsaak het. Die tipe hulp wat Jesus kan bied vir die hoorders wat versoek word, is dié van ’n barmhartige en genadige hoëpriester wat versoening bewerk het en bevryding gebring het. Genade, versoening, barmhartigheid en bevryding word eerder gegee aan hoorders wat onder versoeking meegee as aan dié wat beproewing suksesvol deurstaan. Die hoorders word bemoedig met die wete dat die van hulle wat met versoeking geteister word en daaronder meegee, genade, barmhartigheid, versoening en bevryding by Christus kan ontvang en daarom hoef hulle nie meer in vrees vir die dood te leef nie. Jesus het tot en met die dood gely (Heb. 2:14). Daardie dood was die dood aan die kruis (Heb. 12:2). Hebreërs 12:2 leer dat Hy die skande van sy kruisdood gering geag het ter wille van die vreugde wat in die vooruitsig was (Heb. 12:2). Die hoorders moes, anders as die vorige geslagte wat versoek is, waak om nie afvallig te raak nie, maar volhard tot die einde om sodoende die toekomstige realiteite te beërf (Heb. 2:1; 3:12, 19; 4:1, 11; 10:26, 36). Dit is binne hierdie konteks van waak teen afvalligheid en volharding tot die einde waar die werkwoord *πειράζω* met betrekking tot Jesus en die hoorders gebruik word. Die werkwoord *πειράζω* dui op die versoeking wat afvalligheid meebring. Jesus het te midde van die versoeking getrou tot en met die einde volhard. Die werkwoord *πειράζω* moet dus binne hierdie perikoop verstaan word as die Duiwel en ander se versoeking wat wou meewerk om Jesus te versoek sodat Hy nie die doelwitte wat Hy voor oë gehad het sou bereik nie. Indien Hy daaronder sou meegee sou Hy die toekomstige vreugde verbeur en

ook nie 'n genadige en barmhartige hoëpriester kon wees wat versoening en bevryding bring nie.

Die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18b moet ook verstaan word as die hoorders wat tydens hulle swaarkry in die versoeking kon kom om van Jesus afvallig te raak. Dit is hierdie hoorders wat Jesus se hulp nodig het. Jesus is ook versoek om sy roeping as hoëpriester te versaak (volgens Riggerbach soos aangehaal deur Peterson, 1982:66). Hy is in alle opsigte soos die hoorders versoek (Heb. 2:18a en 4:15). Moffatt (1924:39–40) trek 'n soortgelyke parallel deur te sê dat die frase *τοῖς πειραζομένοις* in Hebreërs 2:18b dui op die hoorders wat in die versoeking is om afvallig te raak net soos Jesus die versoeking beleef het om die lydenspad na die kruis te probeer vryspring. Jesus kan diegene wat die mag van sonde en versoeking beleef bystaan aangesien Hy self die volle ervaring van die intensiteit van versoeking beleef het (Kistemaker, 1984:78).

Die melding van die Duiwel, sondes, en Jesus se menswording en lyding tot die dood binne die onmiddellike semantiese konteks van die werkwoord *πειράζω*, dui alles op die betekenis van versoeking eerder as beproewing in beide Hebreërs 2:18a en 18b.

5.3 Hebreërs 3:9

5.3.1 Eie vertaling van Hebreërs 3:7–19

⁷Daarom, soos die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, ⁸moet voortdurend nie julle harte verhard nie, soos tydens die opstand, die dag van versoeking in die woestyn, ⁹toe julle vaders My uitgedaag en beproef het (*ἐπείρασαν ... ἐν δοκιμασίᾳ*) nie, al het hulle my dade gesien – ¹⁰veertig jaar lank. Om hierdie rede was Ek woedend teenoor hierdie geslag, en het Ek gesê, ‘In hulle harte is hulle altyd aan die afdwaal, maar my paaie wou hulle nie leer ken nie.’ ¹¹So het Ek in my toorn gesweer, ‘Hulle sal nie in my rus ingaan nie!’” ¹²Broers, kyk dat nie een van julle 'n bouse ongelowige hart kry, om sodoende van die lewende God afvallig te word nie. ¹³Maar bemoedig mekaar elke dag, solank daar nog van “vandag” gepraat word, met die doel dat niemand van julle deur die misleiding van sonde verhard word nie. ¹⁴Ons het immers reeds deelgenote van Christus geword, met die voorwaarde dat ons tot die einde toe stewig bly vashou aan die geloofsvertroue wat ons van begin af het – ¹⁵soos gesê word:

“Vandag, as julle sy stem hoor, moet voortdurend nie julle harte verhard nie, soos tydens die opstand nie.”

¹⁶Want wie was dit wat terwyl hulle gehoor het, tog in bitterheid gerebelleer het? Was dit nie almal wat uit Egipte onder leiding van Moses uitgetrek het nie? ¹⁷En op wie was Hy veertig jaar lank

toornig? Was dit nie teenoor diegene wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?
¹⁸En vir wie het Hy gesweer dat hulle nie in sy rus sal ingaan nie, buiten diegene wat ongehoorsaam was? ¹⁹En om hierdie rede sien ons dat hulle as gevolg van ongeloof nie in staat was om in sy rus in te gaan nie.

5.3.2 Plasing en literêre konteks van die perikoop in die Hebreërboek

Daar is verskillende benaderings tot die plasing van Hebreërs 3:7–19 binne die literêre struktuur van die Hebreërpreek (Ellingworth, 1993:212). Hierdie navorsing plaas Hebreërs 3:7–19 egter ook binne die eerste hoofdeel van die drieledige struktuur van die Hebreërpreek (Hoofdeel 1: Hebreërs 1:1–4:13). Hebreërs 3:7–19 se genre is ook 'n homiletiese midrasj (Lane, 1991:83). Dit word ingelei met die inleidingsvoegwoord *Διό* in vers 7. Vers 7 dien as 'n logiese oorgang vanaf die voorafgaande gedeelte in Hebreërs 3:1–6 met die vergelyking tussen Moses en Jesus met 'n aanhaling uit Psalm 95 (LXX Ps. 94):7b–11 (Kleinig, 2017:178; Ellingworth, 1993:212; Moffatt, 1924:44; Van De Kamp, 2010:105). Die oorgang is logies aangesien die Hebreërskrywer wil toon hoe die volk onder leiding van Moses op pad na God se rus moes luister na God se stem, maar nou op pad na God se ewige rus soveel te meer na Jesus moet luister wat as Seun getrou is oor sy huis (Heb. 3:1–6). Die logiese oorgang tesame met verbale en tematiese skakelings tussen Hebreërs 3:1–6 en 3:7–4:13 dui daarop dat Hebreërs 3:7–19 nie 'n lang parentese is soos sommige meen nie (Ellingworth, 1993:213; Morris, 1981:34).

Die Hebreërskrywer sit die aanhaling uit Psalm 95:7b–11 in die gedeelte vanaf Hebreërs 3:7–4:13 uiteen en maak dit van toepassing op die hoorders van sy tyd en ook op elke gelowige wat “vandag” nog God se stem hoor (Ellingworth, 1993:213; O'Brien, 2010:139). Die rus waarheen sy hoorders en gelowiges van vandag op pad was en is, is nie die beloofde land Kanaän nie, maar dit is daardie rus wat God op die sewende dag na die skepping geniet het wat die Hebreërskrywer as 'n Sabbatsrus verwoord (Heb. 4:4 [LXX Gen.2:2]) (Isaacs, 1992:83).

Die strukturele eenheid van Hebreërs 3:7–4:13 kan in twee paragrawe verdeel word, naamlik Hebreërs 3:7–19 en Hebreërs 4:1–13. Die eerste perikoop is 'n waarskuwing vir die hoorders om nie in dieselfde ongeloof as die Israelitiese woestyngeslag te verval nie en die tweede perikoop hou die belofte van rus aan dié voor wat volhard (Kistemaker, 1984:90; O'Brien, 2010:139). Vir dié studie word die eerste perikoop van Hebreërs 3:7–19 afgebaken en as 'n strukturele eenheid gesien (Bruce, 1991:95; Van De Kamp, 2010:105).


Die Hebreërskrywer haal Psalm 95:7b–11 uit die LXX aan en nie die Masoretiese teks nie (Ps. LXX 94:7b–11; Van De Kamp, 2010:106). Dit is duidelik sigbaar vanuit die Griekse teks van Hebreërs 3:7–19. Dit is te sien in die gebruik van die algemene voorwaarde *ἐάν*, die meervoud

van καρδίας, in plaas van die enkelvoud, die vertaling van die plekname Massa en Meriba na die abstrakte selfstandige naamwoorde παραπικρασμος en πειρασμός, en die meervoud ἔργα in plaas van die enkelvoud (Kistemaker, 2010:35). Die Hebreërskrywer verklaar die aanhaling van Psalm 95 tipologies in plaas van allegories en pas dit so toe (Ellingworth, 1993:215). Die Hebreërskrywer gebruik die tipologie om aan te dui hoe sy Christenhoorders en die kerk van Christus se lewe “vandag” tot ’n groot mate dieselfde is as die Ou-Testamentiese gelowiges s’n (Bruce, 1991:97). Voor die aanhaling van Psalm 95 gebruik die Hebreërskrywer die inleidingsformule “soos die Heilige Gees sê” stilisties om aan te dui dat God, en nie ’n mens nie, in Psalm 95 die Spreker en Inspireerder is, maar nog meer dat Hy “vandag” met sy gemeente praat (Guthrie, 1989:103; Kleinig, 2017:179; O’Brien, 2010:141).

Alhoewel Psalm 94 en 95 in die Nuwe-Testamentiese tyd sinagogaal as ’n toetrede tot aanbidding gebruik is, is dit nie vir die Hebreërskrywer hier van belang nie (Bruce, 1991:97; Kistemaker, 2010:35). Die Hebreërskrywer haal slegs die tweede deel van die Psalm aan, naamlik Psalm 95:7b–11, as waarskuwing vir die hoorders dat hulle nie soos Israel in die woestyn ongehoorsaam moet wees nie. Hierdie Psalm gryp terug na die gebeure van die woestyngeslag soos opgeteken in Eksodus 17:1–7 en Numeri 14 en soos weer beskryf in Numeri 32:8–13, Deuteronomium 1:26–46 en 9:23–29 (Bruce, 1991:98; Kleinig, 2017:179).

5.3.3 Makrostruktuur van Hebreërs 3:7–19

Volgens Hebreërs 3:1-6 is Jesus uitnemend en dit gee rede vir die hoorders om op 'n sekere manier op te tree



Figuur 5-3: Makrostruktuur van Hebreërs 3:7–19

5.3.3.1 Semantiese ontleding van Hebreërs 3:7–19

Hebreërs 3:7–19 kan soos volg ingedeel word:

- A. Hebreërs 3:7–9: Moet nie julle harte verhard as julle die Gees hoor nie
- B. Hebreërs 3:10–11: God se toorn oor en diagnose van sy volk
- C. Hebreërs 3:12–14: Imperatiewe met redes en doelwit rakende die hoorders se harte
- A. Hebreërs 3:15: Moet nie julle harte verhard as julle die Gees hoor nie
- B. Hebreërs 3:16–19: God se toorn oor en diagnose van sy volk


Die bogenoemde teksplan is 'n vereenvoudiging van die makrostruktuur in Figuur 5–3. Die makrostruktuur in 5.3.3 verduidelik die opbou en verloop van die gedagte-eenhede tussen verse. In die indeling A.B.C.A.B kan die ooreenstemmende herhalings wat in die makrostruktuur voorkom, raakgesien word. Die indeling A is beide herhalings van Psalm 95 in Hebreërs 3:7–9 en 3:15. Dit is die Heilige Gees wat aan die woord is wat spesifiek sê dat die hoorders hulle harte nie moet verhard nie. Dit is dan juis die term hart (*καρδία*) wat die meeste in hierdie gedeelte herhaal, met 'n totaal van vier voorkomste. Twee keer word gesê dat hulle nie hul harte moet verhard soos in die woestyn nie (Heb. 3:8–9, 15). Verder moet hulle kyk of hulle nie 'n bese en ongelowige hart het nie (Heb. 3:12), en dit is hulle harte wat altyd afdwaal (Heb. 3:10).

Daar is twee keer 'n diagnose van wat fout was met hierdie vaders in die woestyn. Hierdie diagnose en God se toorn loop hand aan hand soos aangedui in B, Hebreërs 3:10–11 en Hebreërs 3:16–18. God maak in Hebreërs 3:10 die diagnose dat sy volk se harte altyd afdwaal, hulle wil sy paaie nie leer ken nie. Onder leiding van die Heilige Gees maak die Hebreërskrywer 'n tweede diagnose in 3:19 as hy die rede gee waarom God se toorn ontvlam het en die volk nie die belofde rus kon ingaan nie met die woorde: vanweë ongeloof. Dit is dié ongeloof waarteen die skrywer die hoorders van “vandag” in vers 12 waarsku. Hulle moet kyk dat hulle nie 'n hart van ongeloof het nie (Heb. 3:12), want dit was vanweë ongeloof dat die vaders nie die land kon ingaan nie (Heb. 3:16–19). Beide gedeeltes aangedui B spel ook God se toorn uit. God sweer in Hebreërs 3:10–11 woedend in sy toorn dat hulle nie in sy rus sal ingaan nie. Dit is dan Hebreërs 3:16–19 wat aandui dat God se toorn ontbrand het en die vaders werklik nie in sy rus kon ingaan nie. Dit is dus duidelik dat die breë makrostruktuur in 'n ABCAB-struktuur ingedeel kan word.

Die gedeelte in Hebreërs 3:7–19 maak dit duidelik dat die hoorders self hulle harte kan verhard, maar nie moet nie (Heb. 3:7–9, 15), en dat dit die misleiding van sonde is wat harte kan verhard (Heb. 3:13). 'n Verharde hart is 'n hart wat ophou glo (Heb. 3:12, 19), altyd afdwaal (Heb. 3:10a), nie God se wil ken nie (Heb. 3:10b), en God opstandig uitdaag (Heb. 3:9). Die dag van versoeking

waar hulle God versoek en beproef het, dui dus op die volk wat nie wou glo dat God goed is nie, maar Hom eerder ongelowig uitdaag.

5.3.4 Mikrostruktuur van Hebreërs 3:8–9



Figuur 5-4: Mikrostruktuur van Hebreërs 3:8–9

5.3.4.1 Sintaktiese ontleding van Hebreërs 3:8–9

Hier volg 'n sintaktiese ontleding van die mikrostruktuur van Hebreërs 3:8–9:

- *μὴ σκληρύνετε*: Emfatiese negatief *μὴ* saam met praesens subjunktief aktief, tweede persoon meervoud *σκληρύνετε* het in hierdie hoofsin 'n prohibitiese funksie (Jordaan, 2014:162). Hierdie gebruik van die subjunktief neem hier die funksie van 'n imperatief aan, en dui op 'n liniêre of duratiewe handeling wat moet aanhou (Greenlee, 1998:100;

Jordaan, 2014:45). In hierdie frase neem die subjunktief die plek van die hoofwerkwoord in. Die hoorders moet aanhou om nie hulle harte te verhard nie.

- *τὰς καρδίας ὑμῶν*: Die selfstandige naamwoord *τὰς καρδίας* in die akkusatief meervoud is die direkte voorwerp van die subjunktief. Die frase *τὰς καρδίας* staan in verhouding met die byvoeglike besitsgenitief *ὑμῶν*.
- *ὥς ἐν τῷ παραπικρασμῷ*: Hier word 'n vergelyking getref met die ondergeskikte voegwoord *ὥς* wat die bywoordelike bysin inlei. Die hoorders moet aanhoudend nie hulle harte verhard soos tydens die opstand nie (*ἐν τῷ παραπικρασμῷ*). Hier word die Ou-Testamentiese pleknaam Meriba, wat die ligging van die opstand was, na die abstrakte selfstandige naamwoord *παραπικρασμος* in die datief vertaal. Die voorsetstel frase *ἐν* saam met die datief *τῷ παραπικρασμῷ* dui op wyse. Die frase *ὥς ἐν τῷ παραπικρασμῷ* kan dus vertaal word as: “soos met die opstand”. As die voorsetsel *ἐν* saam met die datief *τῷ παραπικρασμῷ* gebruik word om plek aan te dui, kan dit vertaal word as “soos in die opstand”.
- *κατὰ τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ*: Hier kom die voorsetselfrase *κατὰ* saam met die akkusatief *τὴν ἡμέραν* voor. Die voorsetselfrase *κατὰ* + die akkusatief dui hier primêr wyse aan (Jordaan, 2014:128). Die frase *κατὰ τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ* kan dus vertaal word as: “volgens die dag van versoeking”. Die byvoeglike besitsgenitief *τοῦ πειρασμοῦ* kwalifiseer watter tipe dag *τὴν ἡμέραν* dit was. Hier word die pleknaam Massa as ligging vanuit die Hebreeus na 'n abstrakte selfstandige naamwoord *πειρασμός* vertaal.
- *ἐν τῇ ἐρήμῳ*: Hier kom die voorsetselfrase *ἐν* saam met die datief *τῇ ἐρήμῳ* voor as 'n aanduiding van die plek waar die opstand en dag van versoeking plaasgevind het. Dit was in die woestyn.
- *οὗ ἐπείρασαν*: Die relasiemerker *οὗ* beskryf dat die ligging waar die vaders God uitgedaag het (*ἐπείρασαν*: aoristus, indikatief, aktief, derde persoon enkelvoud) in die woestyn was. Die aoristus werkwoord *ἐπείρασαν* kom van die werkwoordstam *πειράζω*. Die aoristus dui aan dat hierdie gebeurtenis in die verlede tyd plaasgevind het en nie noodwendig net een keer nie.
- *οἱ πατέρες ὑμῶν*: Die vaders *οἱ πατέρες* in die nominatief, manlik, meervoud word gekwalifiseer deur 'n subjunktiewe genitief. Die vaders is die onderwerp in die bysin. Dit is die vaders wat God uitdaag in die opstand met die dag van versoeking. Dit is die vaders wat God toets en sy werke sien.

- ἐν δοκιμασίᾳ: Die datief δοκιμασία is 'n datief van wyse om aan te dui op watter wyse die vaders vir God uitgedaag (πειράζω) het (Jordaan, 2014:123).
- καὶ εἶδον: Aoristus indikatief aktief, derde persoon, meervoud wat as werkwoord in verhouding met die onderwerp vaders staan. Dit dui op 'n handeling in die verlede.
- τὰ ἔργα μου: Die adnominale genitief μου kwalifiseer die selfstandige naamwoord τὰ ἔργα om aan te dui dat dit God se werke is wat gesien is. Dit is die direkte voorwerp van die werkwoord εἶδον. Hierdie werke van God sluit die goeie dinge wat God vir hulle gedoen het in, sowel as die strawwe wat hulle ontvang het na hul ongehoorsaamheid en God se wonderbaarlike voorsiening (Eks. 15:22–26; 16:13–36; 17:1–7; Num. 11:7–9, 31–33; 20:2–23; Deut. 11:1–7) (Greenlee, 1998:103).
- τεσσεράκοντα ἔτη: Hierdie frase is volgens die UBS 5 en 2020-vertaling die begin van Hebreërs 3:10. Dit skakel egter logies met Hebreërs 3:9. Hierdie woorde dui op die tydperk vir hoe lank die vaders God se werke gesien het. Die 2020-vertaling van Psalm 95:9–10 vertaal die Masoretiese teks as: “⁹waar julle voorouers My versoek het, My beproef het, selfs nadat hulle my dade gesien het nie. ¹⁰Veertig jaar lank het Ek 'n weersin gehad in daardie groep mense...” Hebreërs 3:9-10a plaas egter die klem op die feit dat die volk al God se dade vir veertig jaar lank gesien het en daarom was Hy gedurende die tydperk toornig.

5.3.5 Verdere toeligting en bespreking van perikoop

Daar is reeds uitgewys dat die hoorders van die Hebreërpreek die gevaar geloop het om van die geloof af te dwaal. Daarom plaas hierdie perikoop veral klem daarop dat die hoorders op hulle hartsgesindheid moet let om sodoende te bepaal of hulle harte nie dalk boos, ongelowig en verhard is nie. Die wyse waarop die Here die harte van die hoorders wil aanraak is deur tot hulle te spreek, en daarom kom die herhaaldelike oproep om te hoor as die Heilige Gees praat (Heb. 3:7, 15). Die hoorders moes meer doen as om maar net te hoor soos die wat gehoor het en toe opstandig geword het (Heb. 3:16). Derhalwe word daar twee keer verwys na God wat praat en twee keer na God se stem (Heb. 3:7, 10).

Die klem val egter nie net op die hoorsintuig nie, maar ook op die siensintuig wanneer die Hebreërskrywer drie keer melding maak van kyk of sien (Heb. 3:9, 12, 19). Die woestyngeslag het dus nie net God in hulle omswerwinge gehoor nie, maar vir veertig jaar lank sy werke gesien (Heb. 3:9). Die hoorders word opgeroep om te kyk of toe te sien dat hulle nie 'n bose ongelowige hart kry nie (Heb. 3:12), juis omdat die skrywer en hoorders kan sien dat dit vanweë ongeloof was wat hulle nie die belofte van rus kon ingaan nie (Heb. 3:19).

Die hoorders het elke dag kans om te hoor en mekaar aan te spoor solank soos wat dit “vandag” is (Heb. 3:7, 13, 15). Hierdie vandag en elke dag moet drasties verskil van die dag van versoeking waar die volk God uitgedaag en beproef het (Heb. 3:8). Indien die hoorders soos die volk God uitdaag, hulle harte verhard en in ongeloof verval, sal God se toorn hulle ook beslis tref en sal hulle sodoende nie God se rus kan binnegaan nie (Heb. 3:10, 11, 17, 18).

Alhoewel Pierce (2020:26) die dag van versoeking slegs sien as verwysend na Eksodus 17, en Guthrie (1989:104) dit sien as verwysend na die begin van die veertigjarige woestyntydperk, kan dit nie bloot net tot een of twee gebeurtenisse beperk word nie. Alhoewel hierdie perikoop die dag van versoeking spesifiek verbind aan die plekname van Massa en Meriba soos te sien in Psalm 95:7b–11 se Masoretiese teks, kan die dag van versoeking nie byvoorbeeld net tot Massa en Meriba beperk word nie; dit moet gesien word as die hele tydperk van veertig jaar (Eks. 17:1–7; Num. 12, 14:20–22) (Bruce, 1991:98; O'Brien, 2010:142; Van De Kamp, 2010:107). Hulle uitdaging van God getuig daarvan dat hulle God se goedheid en mag in twyfel trek deur bitter, ongelowig en wantrouend op te tree (Ps. 78:17–18; 106:14) (Van De Kamp, 2010:108). Dit was nie net eenmalig dat hulle vir God uitgedaag het nie, maar dit het oor 'n tydperk van veertig jaar ontvou. God het sy volk Israel se geloof gedurende hierdie tyd ook getoets. Vanuit Psalm 81:8 en Deuteronomium 8:2 is dit duidelik dat God sy volk by Massa en Meriba getoets het. Dit was egter ook nie net 'n eenmalige toets nie, maar God het dit ook oor 'n tydperk van veertig jaar laat ontvou. Die Hebreërskrywer se fokus in hierdie teks is egter nie op God se toets aan Israel nie, maar op die volk wat God vir uitgedaag het (Deut. 8:2; 16; Ps. 81:8) (O'Brien, 2010:123). Israel wat God by Massa en Meriba uitdaag dui egter daarop dat Israel God se toets aan hulle gedruip het.

5.3.6 Gevolgtrekking aangaande die πειράζω-lekseem in die perikoop

In hierdie perikoop dui die betekenis van die πειράζω-lekseem nie op die toets van geloof, geloofsgehoorsaamheid of geloofskarakter nie. Die πειράζω-lekseem dui ook nie op 'n versoeking tot sonde deur mense of die Duiwel nie.

Die Hebreërskrywer plaas sy hoorders in die konteks van die veertigjarige woestyntydperk waar die volk op pad na God se rus (Kanaän) toe was. Die betekenis van die werkwoord πειράζω in vers 9 dui op “uitdaag” of “tart”. Die volk Israel het God uitgedaag of getart by Massa en Meriba. Hulle het God egter nie net hier uitgedaag of getart nie, hulle het dit verskeie kere gedurende die veertigjarige woestyntydperk gedoen. Die frase in vers 8 τὴν ἡμέραν τοῦ πειρασμοῦ moet dus vertaal en verstaan word as die dag versoeking in die sin van uitdaging of uittarting eerder as 'n dag van beproewing. Die rede hiervoor is juis omdat die dag van versoeking nader verklaar kan word as: “toe julle voorouers my uitgedaag (vanaf πειράζω) en beproef het...” Alhoewel ander Ou-

Testamentiese gedeeltes daarop dui dat God wel die volk by Massa en Meriba getoets het, bedoel die Hebreërskrywer as die dag van versoeking (Deut. 8:2, 16; Ps. 81:8).

In hierdie perikoop is die fokus nie op Israel wat God se beproewinge slaag nie, maar eerder die volk wat God uitdaag deurdat hulle bitter, ongelowig en wantrouig optree terwyl God hulle uit Egipte bevry het en met hulle na die beloofde rus op pad was. Die Hebreërskrywer waarsku sy hoorders om nie soos die volk op die dag van versoeking (vanaf *πειρασμός*; Heb 3:8) God uit te daag (vanaf *πειράζω*; Heb 3:9) nie.

5.4 Hebreërs 4:14–16


5.4.1 Eie vertaling van Hebreërs 4:14–16

*¹⁴Gevolgtlik terwyl ons 'n groot hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons kragtig vashou aan ons belydenis. ¹⁵Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie in staat is om simpatie met ons swakhede te kan hê nie, maar Een sonder sonde, wat soortgelyk aan ons, in alle opsigte versoek is (*πεπειρασμένον δὲ κατὰ πάντα*). ¹⁶Laat ons daarom met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, met die doel dat ons ontferming en genade kan ontvang om op die gepaste tyd gehelp te word.*

5.4.2 Plasing en literêre konteks van perikoop in die Hebreërboek

Hebreërs 4:14–16 val nie soos die vorige twee perikope in die eerste hoofdeel van die Hebreërpreek nie, maar is die eerste van die twee perikope wat deel vorm van 'n reuse inclusio, naamlik Hebreërs 4:14–16 en Hebreërs 10:19–23 (Nauck, 1960). Hierdie perikoop staan dus aan die begin van 'n nuwe afdeling wat die tweede hoofdeel van die Hebreërpreek begin, naamlik Hebreërs 4:14–10:18. Na die voorafgaande bespreking van God se rus in Hebreërs 4:1–13, volg die nuwe tema van Jesus se hoëpriesterskap in Hebreërs 4:14–10:18. Die Hebreërskrywer het sy hoorders tipologies by wyse van 'n homiletiese midrasj met die optrede en voorbeeld van Ou-Testamentiese woestyngeslag gewaarsku en aangemoedig. Die tema van Jesus se hoëpriesterskap in hierdie perikoop is reeds in Hebreërs 2:17–18 en 3:1 geantisipeer. Tegnies word Jesus se hoëpriesterskap reeds in Hebreërs 1:3 geantisipeer. Hierdie perikoop in Hebreërs 4:14–16 bevat dus parentetiese materiaal wat van 'n hortatiewe aard waar dit terugkyk na Hebreërs 2:17–18 en vorentoe kyk na die behandeling van Jesus se karakter (Heb. 4:14–16), ordening en kwaliteite (Heb. 5:1–9), orde (Heb. 5:10; 6:20; 7:1–27) en taak (Heb. 9:1–27) as hoëpriester (Attridge, 1989:138; Ellingworth, 1993:265). Die skrywer wil met hierdie oorgang sy hoorders vermaan en aanmoedig om te weet wat hulle in Jesus Christus het en waartoe dit hulle oproep (Bruce, 1991:115, Kleinig, 2017:230).

5.4.3 Makrostruktuur van Hebreërs 4:14–16



Figuur 5-5: Makrostruktuur van Hebreërs 4:14–16

5.4.3.1 Semantiese ontleding van Hebreërs 4:14–16

Hebreërs 4:14–16 kan soos volg uiteengesit word:

A. Ons het 'n hoëpriester wat sy werk voltooi het.

- Heb. 4:14a–c: Terwyl ons 'n groot hoëpriester, die Seun van God, het wat reeds deur die hemele gegaan het

B. Laat ons dan...

- Heb. 4:14d: Laat ons dan aanhoudend kragtig vashou aan ons belydenis

A. Ons het 'n hoëpriester wat vanweë sy voltooide werk steeds help

- Heb. 4:15a: Ons het 'n hoëpriester wat medelye met ons kan hê.
- Heb. 4:15b: Ons het 'n hoëpriester wat in alle opsigte soos ons versoek is; sonder sonde.

B. Laat ons dan ...


- Heb. 4:16a: Laat ons dan met vrymoedigheid nader.
- Heb. 4:16b: Met die doel om ontferming en genade te ontvang om op die gepaste tyd gehelp te word.

Uit die bogenoemde uiteensetting en makrostruktuur is dit duidelik daar 'n herhalende patroon is. Die teenwoordige deelwoord ἔχοντες in Hebreërs 4:14, wat vertaal word as “terwyl ons het”, dien as 'n oorgang tot die subjunktief κρατῶμεν in 4:14b, naamlik “laat ons vashou”. Die klem val hier op dit wat die hoorders en die Hebreërskrywer het, naamlik 'n groot hoëpriester. Jesus se optrede as hoëpriester in die verlede, sy gesindheid in die hede as hoëpriester en wat Hy kan bied is die tema in hierdie gedeelte.

Op grond van die voltooide werk van die hoëpriester, naamlik dat Hy reeds deur die hemele gegaan het en reeds in alle opsigte versoek is, kan die hoorders opgeroep word tot aksie. Dit word gesien in die konjunktiewe: “laat ons vashou” (Heb. 4:14d) en “laat ons nader” (Heb. 4:16). Die rede waarom die hoorders moet nader is om genade en ontferming by die Een wat medelye het, te ontvang. Dit ontvang hulle by God se troon – die troon van genade.

5.4.4 Mikrostruktuur van Hebreërs 4:14–15

Hebreërs 4:14



Hebreërs 4:15




Figure 5-6: Mikrostruktuur van Hebreërs 4:14–15

5.4.4.1 Sintaktiese ontleding van Hebreërs 4:14–15

- ἔχοντες: Praesens, aktief, deelwoord, meervoud, manlik, nominatief. Dit is 'n oorsaaklike deelwoord wat as oorgang skakel met die ondergeskikte bysin wat volg (Ellingworth, 1993:266). Die oorsaaklike deelwoord dien as basis vir die hoofwerkwoord κρατῶμεν. (Kleinig, 2017:224). Die deelwoord kan vertaal word as “omdat ons het” of “terwyl ons het”.
- οὖν: Ondergeskikte voegwoord van gevolg wat 'n bywoordelike bysin inlei. Die voegwoord is gevolgaanduidend om by die voorafgaande gedeelte aan te sluit en sodoende die implikasie of uiteinde van die voorafgaande gedeelte aan te dui.
- ἀρχιερέα μέγαν: Die akkusatiewe byvoeglike naamwoord μέγαν beskryf die selfstandige naamwoord ἀρχιερέα wat ook 'n akkusatief, manlik, enkelvoud is. ἀρχιερέα μέγαν is die onderwerp in hierdie sin. Die akkusatiewe byvoeglike naamwoord μέγαν beskryf Jesus se uniekheid en superioriteit teenoor ander hoëpriesters. Jesus is die groot hoëpriester terwyl ander bloot hoëpriesters is. Hy is die groot hoëpriester aangesien Hy self die Seun van God is en self deur die hemele in God se teenwoordigheid gegaan het (Ellingworth, 1993:14; Greenlee, 1998:148; Kleinig, 2017:224). Jesus beklee inderdaad die hoogste posisie wat enige hoëpriester kan beklee.
- διελθῆναι: Perfektum, aktief, deelwoord, enkelvoud, manlik, akkusatief wat dui op 'n voltooide handeling in die verlede waarvan die gevolge steeds in die hede voortduur. Die voltooide handeling in die verlede gaan oor Jesus wat reeds deur die hemele tot God se troon gegaan het wat daarop dui dat sy werk van verlossing afgehandel is, en vanweë sy voltooide werk is daar in die hede die gevolglike toegang tot die troon van genade (Greenlee, 1998:149; Kleinig, 2017:225).
- τοὺς οὐρανοὺς: Die lidwoord en selfstandige naamwoord in die akkusatief staan as die voorwerp van die perfektum διελθῆναι. Dit is waardeur die groot hoëpriester (ἀρχιερέα μέγαν) gegaan het. Jesus, wat deur die hemele gegaan het, herroep die tema van Israel wat in God se rus moet ingaan (Heb. 4:1, 3, 10, 11), maar ook die hoëpriester wat op die groot versoendag deur die gordyn in die tabernakel moes gaan om in God se teenwoordigheid te kom (Heb. 4:16; 10:22; 11:6, 12:18, 22; vgl. Lev. 16:12, 15) (Kleinig, 2017:225).
- Ἰησοῦν τὸν υἱὸν τοῦ θεοῦ: Die frase Ἰησοῦν τὸν υἱὸν is in die akkusatief, manlik, enkelvoud en word deur die genitief τοῦ θεοῦ gekwalifiseer om te sê wie se seun Jesus is.

- *κρατῶμεν*: Praesens, aktief, subjunktief, eerste persoon, meervoud. Dié subjunktief funksioneer as die hoofwerkwoord van die sin, en is hortatief van aard: dit funksioneer as 'n aansporing in die eerste persoon. Die eerste persoon meervoud dui aan dat die skrywer en die hoorders aangespreek word. Die feit dat die subjunktief in die praesens voorkom, dui op 'n voortdurende handeling: die skrywer en hoorders word opgeroep om voortdurend of sonder ophou vas te hou aan die belydenis.
- *τῆς ὁμολογίας*: Die subjunktiewe modus *κρατῶμεν* vanaf die werkwoord *κρατέω* word met die genitief gevolg. Die selfstandige naamwoord in die genitief tree dus as direkte voorwerp van die subjunktiewe *κρατῶμεν* op om te kwalifiseer waaraan daar voortdurend vasgehou moet word.
- *οὐ γὰρ ἔχομεν*: Hierdie frase is ematies negatief om die negatiewe stelling wat daarop volg te beklemtoon. Dit beklemtoon watter tipe hoëpriester die hoorders nie het nie teenoor die hoëpriester wat hulle wel het. Die emfatiiese negatief *οὐ* word gebruik saam met die ondergeskikte voegwoord *γὰρ* wat rede aandui. Dit skakel met die hoofwerkwoord *ἔχομεν* van die newegesikte sin in vers 15. Dit is in die praesens, indikatief, aktief, eerste persoon, meervoud om 'n stelling van sekerheid oor wat die hoorders het aan te dui.
- *ἀρχιερέα*: Die selfstandige naamwoord in die akkusatief, manlik, enkelvoud wat as direkte voorwerp van die werkwoord *ἔχομεν* staan rakende wat die hoorders verseker het – 'n hoëpriester.
- *μὴ δυνάμενον*: Die teenwoordige deelwoord *δυνάμενον* in die praesens, middel, enkelvoud, akkusatief, manlik saam met die negativeringspartikel *μὴ* wat die tipe hoëpriester wat die hoorders het, kwalifiseer. Die deelwoord kwalifiseer Jesus Christus se bevoegdheid om met mense se swakhede om te gaan. Alhoewel dit saam met die negativeringspartikel gebruik word, is die doel om te sê: “Hy is in staat ...”
- *συμπαθῆσαι*: Die aoristus, aktief, infinitief. Hierdie woord bestaan uit twee komponente, naamlik *συν* (“saam”) en *πάσχω* (“ly”) wat as simpatie of medelye vertaal word (Guthrie, 1989:122). Dit beteken dat Jesus nie net presies weet hoe die wat ly voel nie, maar die woord beskryf watter hulp Hy kan bied en hoe Hy kan optree as iemand wat werklik saam sy broers gely het (Kleinig, 2017:225).
- *ταῖς ἀσθενείαις*: Die selfstandige naamwoord in die datief, meervoud, vroulik as indirekte voorwerp van die aoristus infinitief *συμπαθῆσαι*. Hier verwys die Hebreërskrywer na die swakhede wat mense het en dit kan fisiese, intellektuele of morele tekortkominge insluit (Greenlee, 1998:151; O'Brien, 2010:183).

- ἡμῶν: Die persoonlike voornaamwoord as genitief, eerste persoon, meervoud om te kwalifiseer wie se swakhede dit is: die hoorders en skrywers is diegene van wie se swakhede die skrywer praat, maar dit het ook betrekking op alle Christen gelowiges.
- πεπειρασμένον: 'n Deelwoord as perfektum, passief, akkusatief, manlik enkelvoud vanaf die werkwoord πειράζω wat op Jesus se beproewing/versoeking as 'n voltooide handeling in die verlede met gevolge in die hede dui. Greenlee (1998:151) gee beide vertalingsmoontlikhede van “versoeking” en “toetsing” wat in die verlede plaasgevind het.
- δὲ: Die ondergeskikte voegwoord wat 'n teenstelling aandui.
- κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα: Die voorsetselfrase ingelei met κατὰ + die byvoeglike naamwoord πάντα in die akkusatief, neuter, meervoud wat die selfstandige naamwoord ὁμοιότητα in die akkusatief, vroulike enkelvoud as voorwerp beskryf. Die voorsetselfrase saam met die akkusatief kan vertaal word as: “in presies dieselfde wyse”, “ten opsigte van alle dinge”, in “elke manier”, “op 'n soortgelyke wyse in alle opsigte”, wat op die totale spektrum van die menslike ervaring dui (Greenlee, 1998:152).
- χωρίς ἁμαρτίας: Die voorsetsel χωρίς dui aan dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek/beproof is, maar sonder dat Hy ooit gesondig het. Sonde (ἁμαρτίας) is in die genitief, vroulik, enkelvoud. In hierdie frase is ἁμαρτίας die genitiwe voorwerp wat kwalifiseer dat Jesus in alle opsigte beproef/versoek is, behalwe daarvoor dat Hy nie sonde het nie (Greenlee, 1998:152). Jesus bly gekwalifiseerd om Homself te offer aangesien Hy te midde van beproewing sonder sonde bly (Pierce, 2020:30).

5.4.5 Verdere toeligting en bespreking van die perikoop

In Hebreërs 2:18 word Jesus se toetsing/beproewing in verband met sy lyding gebring. Dieselfde gebruik word in Hebreërs 4:15 gevind. Na aanleiding van die betekenis van die infinitief συμπαθῆσαι is dit duidelik dat dit vanweë sy aardse lydingservaring saam met sy broers was dat Hy nou kan simpatiseer. Die deelwoord πεπειρασμένον moet dus gesien word as sy ervaringe tydens sy aardse lewe wat Hom toegerus het om in staat te wees om sy volgelinge wat swaarkry en versoek word, te help (O'Brien, 2010:183). Guthrie (1989:123) veronderstel dat die deelwoord πεπειρασμένον op Jesus se versoeking eerder as beproewing dui. Hy onderskei sonde van versoeking deur te sê dat 'n versoeking op sigself nie sonde is nie, en juis daarom het Jesus as mens ten volle blootstelling (in alle opsigte) aan versoeking gekry soos enige ander mens. Jesus is blootgestel aan die versoeking om teen God te sondig. Die werkwoordstam πειράζω is ook 'n aanduiding van die handeling “om op die proef te stel”, maar hier word die teenwoordige deelwoord πεπειρασμένον gebruik met betrekking tot Jesus se standvastigheid ten opsigte van

versoekinge aangesien Hy nie tot sonde verlei is nie (Van De Kamp, 2010:132). Hierteenoor is Pierce (2020:30) van mening dat die konneksie met sonde en die deelwoord *πεπειρασμένον* bloot aandui dat sonde nie noodsaaklik vir die menslike ervaring is nie. Hebreërs 2:18 stel dat dit noodsaaklik was vir Jesus om mens te word sodat Hy kan kwalifiseer om mense te help. Dit gaan egter verder aangesien Hy in alle opsigte mens moes word en dus in alle opsigte getoets moes word. Die deelwoord *πεπειρασμένον* saam met die selfstandige naamwoord *ταῖς ἀσθενείαις* wys dat swakheid en toetsing noodwendig deel is van wat dit beteken om mens te wees, maar nie sonde nie (Pierce, 2020:30).

Morris (1981:46) meen dat die frase *πεπειρασμένον κατὰ πάντα καθ' ὁμοιότητα* aan die een kant kan beteken dat Jesus op dieselfde wyse as mense versoek is of dat Hy na aanleiding van sy menslike beeltenis ook tydens sy hele lewe versoeking beleef het. O'Brien (2010:184) wys in dieselfde rigting as Morris deur die gevolgtrekking te maak dat *κατὰ πάντα* na die werklikheid en totale omvang van Jesus se menslikheid wys. Hy is gedurende sy leeftyd as mens beproef en versoek vanweë sy menslike beeltenis soos “ons” beleef het. Die *κατὰ πάντα* kan egter nie letterlik in elke manier wees nie aangesien Jesus unieke versoekinge beleef het (vgl. Matt. 4:3, 6; 27:40). Jesus se vermoë om met die hoorders in hulle spesifieke omstandighede te simpatiseer en te help word dus hier gemotiveer deur 'n spesifieke aspek van Jesus se menslike ervaring te beklemtoon, naamlik: Hy is regtig as mens op soortgelyke wyse omvattend versoek/beproef (O'Brien, 2010:184).

Buiten vir die tema van Jesus as hoëpriester in die oorkoepelende struktuur van Hebreërs 4:14–16 moet die term “troon van genade” ook nie misgekyk word nie. Dit is net soos die hoëpriesterlike tema begrond in die Ou Testament. Die Ou-Testamentiese hoëpriester het jaarliks tot 'n afbeelding van die hemelse troon genader. Hierdie afbeelding was in die tabernakel en later die tempel. Eksodus 25 beskryf dat daar gerubs op die verbondsark se deksel was. Die verbondsark het agter die voorhangsel in die allerheiligste vertrek waardeur die hoëpriester moes gaan, gestaan. Eksodus 26:31 leer ook dat daar op die voorhangsel wat die allerheiligste en heilige vertrek geskei het, gerubs was. Dit is deur hierdie voorhangsel waardeur net die hoëpriester een keer 'n jaar kon gaan. Die aardse allerheiligste was 'n afbeelding van die hemelse (Heb. 8:5–7). Daarom dien die gerubs op die verbondsark as die afbeelding van die gerubs onder die troon in die hemele. In Eksodus 25:22 sê die Here vir Moses: “Daar sal Ek jou ontmoet. Van bo die versoendeksel af, van tussen die twee gerubs wat op die ark met die Getuienis is, sal Ek met jou praat”. In die aardse allerheiligste word God se hemelse troon en heerlikheid afgebeeld. Die teenwoordigheid van hierdie hemelwesens by die Here se troon is ook in die boeke Esegïël en Jesaja te sien. Dit is duidelik uit Esegïël se troonvisioen in Esegïël 1 waar die gerubs onder die

troon van die Here verskyn. Dit is ook duidelik as Jesaja serafs met sy troonvisioen in Jesaja 6:1–3 sien waar die Here op 'n verhewe troon in die tempel is.

Dit was by die afbeelding van God se troon in die tabernakel waar die Ou-Testamentiese hoëpriesters tot God genader het. Net die hoëpriester mag een keer 'n jaar eers as hy versoening vir sy eie sonde gedoen het, en dan vir die volk s'n, in die allerheiligste ingegaan het. Dit was op die Groot Versoendag wat in Levitikus 16 beskryf word. As iemand in die allerheiligste sou ingaan wat nie mag nie, sou hy sterf. In Levitikus 16:2 sê die Here dat die hoëpriester sal sterf as hy sommer net enige tyd agter die voorhangsel ingaan, want God verskyn in die wolk bo die versoendeksel. Sondaarmense het dus nie vrymoedigheid gehad om selfs tot die aardse afbeelding van God se troon te nader nie.

Hebeërs 4:16 sê egter dat gelowiges nou tot die troon van genade kan nader. Hoekom? Want Jesus het nie deur 'n afbeelding van die werklikheid gegaan nie, maar deur die hemele self (Heb. 4:14). Hy is die groot hoëpriester en Seun van God aan wie die Here die troon van sy Vader Dawid gegee het (Luk. 1:32). Hierdie gedeelte in Hebreërs 4:14–16 gryp dus ook terug na Hebreërs 1:3, wat sê: "... en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes". Op grond van die voltooide werk van die hoëpriester, Seun van God, wat in alle opsigte versoek/beproof is sonder dat Hy gesondig het, kan Hy ook vanaf die troon hulp, simpatie, ontferming en genade bied.

Hebreërs 4:14–16 funksioneer gelyktydig as 'n gevolgtrekking en 'n oorgang. Met hierdie gevolgtrekking en oorgang vestig die Hebreërskrywer die aandag op Jesus wat op die troon bo die engele verhef is. Hiermee wil die Hebreërskrywer Jesus se superioriteit teenoor die engele en aardse hoëpriesters uitwys. Hy is 'n groot hoëpriester op die troon. Te midde van versoekinge en toetse in alle opsigte het Hy sy werk voltooi en is Hy sonder sonde.

5.4.6 Gevolgtrekking rakende die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in die perikoop

Die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in hierdie perikoop se betekenis dui op Jesus se versoeking eerder as beproewing of toetsing. Die rede hiervoor is:

- In Hebreërs 4:15 sê die Hebreërskrywer dat hulle 'n hoëpriester "soortgelyk aan ons", naamlik die hoorders, het. Daar is reeds vroeër in Hebreërs 2:5–18 op Jesus se totale solidariteit met sy broers gewys deurdat Hy volkome mens geword het. Hier word egter 'n onderskeid tussen Jesus en sy broers gemaak. Jesus is net soos sy broers in alle opsigte versoek behalwe dat Hy ooit gesondig het (Heb. 4:15). Die rede hoekom dit belangrik is, is dat die gelowige hoorders iemand nodig het by wie hulle ontferming en

genade kan ontvang (Heb. 4:16). Anders as Jesus is die gelowige hoorders mense wat onder versoeking meegee en as sondaars voor God staan. Hulle het 'n hoëpriester nodig wat aan hulle as sondaars genade kan bewys. Hierdie hoëpriester is Jesus wat net soos die hoorders in alle opsigte versoek is, maar anders as hulle nooit gesondig het nie. Daarom is Hy nou die groot hoëpriester wat medelye met die hoorders het terwyl Hy hulle met genade en ontferming op die regte tyd wil help. Jesus is in vergelyking met enige ander hoëpriester, uniek. Jesus is sondeloos. Te midde van versoeking wat Hy in die verlede beleef het, het Hy sondeloos gebly. Hy leef nou as groot sondelose hoëpriester om vir gelowiges op te tree. Dit is Hy wat vrymoedigheid aan sondaargelowiges gee om tot God te nader.

5.5 Hebreërs 11:17–19

5.5.1 Eie vertaling van Hebreërs 11:17–19

¹⁷Deur geloof het Abraham, toe hy getoets/versoek is (πειραζόμενος), Isak as offer gebring, en was hy besig om sy enigste unieke een te offer – hy wat die beloftes ontvang het, ¹⁸van wie daar gesê is, “Deur Isak sal jou nageslag genoem word ” ¹⁹– omdat hy geredeneer het dat God magtig is om hom uit die dood op te wek, waaruit hy, figuurlik gesproke, hom ook terug ontvang het.

5.5.2 Plasing en literêre konteks van perikoop in die Hebreërboek

Hebreërs 11:17–19 val in die derde hoofdeel van die Hebreërpreek, naamlik Hebreërs 10:19–13:25. Soortgelyk aan Hebreërs 3:7–4:13 is daar 'n moontlikheid dat Hebreërs 11 'n aparte diskoers en parentese is, maar soortgelyk aan Hebreërs 3:7–4:11 is daar geen voldoende bewyse hiervan nie aangesien die oorgange in Hebreërs 10:38–39 en 12:1 soomloos deel van die Hebreërskrywer se argument vorm (Ellingworth, 1993:558). Die perikope in Hebreërs 10:36–39 en Hebreërs 12:1–10 dra die tema van volharding te midde van swaarkry, met hoofstuk 11 tussen die twee om gelowiges van ouds as voorbeelde van volharding voor te hou (Bruce, 1991:276; O'Brien, 2010:394). Hierdie voorbeeldlys neem dus die genre van 'n exempla aan. Hierdie genre is tipies in die Hellenistiese Judaïsme en antieke tyd gebruik om 'n lys van voorbeelde in 'n literêre dokument saam te stel met die doel om 'n verenigde tema voor te hou (O'Brien, 2010:395). Die literêre struktuur van die voorbeeldlys met die een samehangende tema van geloof kan soos volg ingedeel word (Ellingworth, 1993:561):

- Hebreërs 11:1–2: Inleiding oor wat geloof doen
- Hebreërs 11:3–12: Eerste reeks Πίστει voorbeelde
- Hebreërs 11:13–16: Interim kommentaar


- Hebreërs 11:17–31: Tweede reeks Πίστει voorbeelde
- Hebreërs 11:32–40: Finale kommentaar

Die kernwoord en samehangende tema waaroor dit dus in hierdie voorbeeldlys in hoofstuk 11 gaan, is geloof (πίστις). In hierdie voorbeeldlys word die optrede van gelowiges van ouds in chronologiese volgorde uiteengesit (O'Brien, 2010:394; Van De Kamp, 2010:267). Op die oog af lyk dit asof Hebreërs 11:1 'n definisie van hierdie geloof wil gee. Hebreërs 11:1 is egter geen definisie van geloof nie, maar wys op dit wat geloof doen in die lig van die hoop wat hulle het (Van De Kamp, 2010:268).

Ellingworth (1993:561) se indeling het tekortkominge aangesien hy nie die groter strukturele eenheid van Hebreërs 11:8–19 erken nie. Dit is binne hierdie groter strukturele eenheid waar Abraham se geloof getoets/versoek word. Hebreërs 11:17–19 omskryf die voorbeeld van Abraham en wat sy geloof hom laat doen het deur Isak te offer. Hierdie gedeelte vorm deel van 'n groter strukturele eenheid in Hebreërs 11:8–19 wat oor Abraham en Sara se geloof handel (Bruce, 1991:289; Guthrie, 1989:231; Morris, 1981:117). Hebreërs 11:17–19 vorm 'n eenheid aangesien dit spesifiek gaan oor Abraham wat getoets/versoek (πειράζω) is terwyl dit Genesis 22 se gebeure herroep (Pierce, 2020:30). Abraham se gehoorsaamheid aan God se opdrag om sy seun Isak te offer is die vierde voorbeeld van Abraham se geloof binne die groter strukturele eenheid van Hebreërs 11:8–19 (Kleinig, 2017:564). Dit is juis die toets/versoeking van Abraham as mens wat van nader ondersoek moet word om die navorsingsvraag rakende Jesus se versoeking/beproeving (πειράζω) in alle opsigte soos die mens te beantwoord.

5.5.3 Makrostruktuur van Hebreërs 11:17–19

Hebreërs 11:17-19 kan as 'n aparte perikoop binne die groter geheel van Hebreërs 11:8-19 geneem word. Hierdie perikoop volg op die interim kommentaar in Hebreërs 11:13-16. Hier volg dus slegs die makrostruktuur van Hebreërs 11:17-19 oor Abraham se optrede deur die geloof.



Figuur 5-7: Makrostruktuur van Hebreërs 11:17–19


5.5.3.1 Semantiese ontleding van Hebreërs 11:17–19

Abraham se optrede is weereens 'n voorbeeld van wat geloof doen. Sy optrede om sy enigste, unieke seun te offer was in gehoorsaamheid aan God se opdrag. God het hierdie opdrag gegee juis om Abraham se geloof te toets. Die inhoud van die geloofstoets was juis so uitdagend omdat Isak die seun van die belofte was, sy enigste, die een vir wie Abraham lief was (Gen. 22:2, 12, 16), nou moes hy sterf. Abraham was reeds besig om Isak te offer aangesien Isak klaar op die offeraltaar gelê het en Abraham sy mes uitgesteek het om hom dood te maak (Gen. 22:9–10).

Selfs terwyl Abraham besig was om Isak te offer het hy aanhou glo in die beloftes wat hy reeds in die verlede van God ontvang het. Die rede waarom Abraham dus opgetree het soos hy het, was dat hy werklik geglo het dat God selfs in staat was om Isak uit die dood op te wek, waarna Abraham hom as te ware terug sou ontvang.

5.5.4 Mikrostruktuur van Hebreërs 11:17

Hebreërs 11:17



Figuur 5-8: Mikrostruktuur van Hebreërs 11:17

5.5.4.1 Sintaktiese ontleding van Hebreërs 11:17

- Πίστει: Selfstandige naamwoord wat as 'n anaforiese datief van instrument funksioneer (Coetsee, 2018:4). Dit beteken dat die Hebreërs 11:17 in sy geheel deur dié sleutelwoord πίστει verstaan moet word.
- Προσενήνοχεν: Perfektum indikatief aktief, derde persoon enkelvoud wat op 'n voltooide handeling in die verlede dui, maar waarvan die gevolge steeds in die hede van toepassing is. In hierdie sin neem dit die plek van die hoofwerkwoord in. Die perfektum beklemtoon die feit dat Abraham deur geloof opgetree het en sodoende bewys dat wat hom betref, is Isak reeds geoffer (Guthrie, 1989:235; Morris, 1981:122).
- Ἀβραὰμ: Abraham in die nominatief wat as onderwerp funksioneer.

- τὸν Ἰσαὰκ: Isak hier in die akkusatief is die direkte voorwerp van die perfektum werkwoord προσενήνοχεν.
- πειραζόμενος: Praesens passief deelwoord, enkelvoud nominatief manlik wat kwalifiseer dat Abraham deur sy optrede in geloof 'n toets moes deurstaan. Die teenwoordige deelwoord koppel met Abraham as subjek. Die deelwoord se werkwoordstam is πειράζω en in hierdie konteks beteken dit “beproe” of “toets” eerder as “versoek” (sien afdeling 4.3.5). God is die Een van wie hierdie toets kom toe Hy vir Abraham beveel het om sy enigste seun as brandoffer op die altaar te offer (Gen. 22:2, 9). Hierdie toets dui op 'n paradoks in die geloof deurdat God van Abraham vra om hom totaal en al aan sy wil oor te gee omdat hy reeds geërf het wat God beloof het, al lyk omstandighede teenstrydig (Guthrie, 1989:235).
- καὶ τὸν μονογενῆ: Die byvoeglike naamwoord wat die akkusatief τὸν Ἰσαὰκ beskryf en sodoende die moeiliksgraad van die beproewing aandui. Isak was Abraham se enigste seun gebore uit Sarai. Die akkusatief μονογενῆ beteken uniek en dui daarop dat Isak Abraham se unieke seun was op wie God se beloftes betrekking gehad het (Morris, 1981:122). Alhoewel Abraham dus ander seuns by ander vrouens gehad het, was Isak totaal en al uniek aangesien dit die seun was wat God aan Abraham en die onvrugbare Sara belowe het (Gen. 18:10; 25:1–2, 5–6).
- προσέφερον: Imperfektum, indikatief, aktief, derde persoon, enkelvoud wat in verhouding met Abraham as onderwerp gebruik word. Die imperfektum dui hier op 'n handeling in die verlede waar Abraham op die punt was om vir Isak te offer. Die werkwoord in die imperfektum funksioneer as 'n konatief en volg op die perfektum προσενήνοχεν, wat daarop dui dat Abraham se optrede om Isak te offer besig was om plaas te vind, maar was onderbreek (O'Brien, 2010:423).
- ὁ τὰς ἐπαγγελίας: Die selfstandige naamwoord in die akkusatief, vroulik meervoud is die direkte voorwerp van die teenwoordige deelwoord ἀναδεξάμενος. Deel van hierdie beloftes was God se belofte dat Isak Abraham se wettige kind by Sarai sou wees en nie Ismael nie (Gen. 21:12; Heb. 11:18). Die belofte het Abraham se geloofstoets voorafgegaan en was die voorwerp of objek waarin hy moes glo (Van De Kamp, 2010:279).
- ἀναδεξάμενος: Aoristus, middel, teenwoordige deelwoord, nominatief, manlik wat daarop dui dat Abraham die beloftes in die verlede tyd ontvang het. Hier dien dit as die onderwerp.

5.5.5 Verdere toeligting en bespreking van perikoop

Hebreërs 11:17–19 gryp terug na die gebeure in Genesis 22:1–19. In Genesis 22:2 het die Here die opdrag aan Abraham gegee: “Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die

land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.” Hier kom Abraham letterlik voor ’n vuurproef te staan (Van De Kamp, 2010:279). God het in Genesis 12:1–4 aan Abraham belowe dat Hy hom ’n groot nasie sal maak. Abraham was toe reeds vyf-en-sewentig jaar oud. In Genesis 15:3 sê Abraham dat hy kinderloos is, waarna die Here weereens belowe dat Hy aan Abraham ’n kind sal gee wat uit sy liggaam voortkom (Gen. 15:4). Die Here sê dat Hy Abraham se nageslag so baie soos die sterre in die hemel sal maak (Gen. 15:5). Die Here sluit in Genesis 15 dan ’n verbond met Abraham sodat Abraham mag weet dat God sy verbondsbeloftes sal laat realiseer. Hebreërs 11:12 sê dat Abraham so te sê dood was, en tog is daar aan hom ’n nageslag gegee. In Genesis 18:10 bevestig die Here dat Sara met hierdie seuntjie swanger sal raak en aan hom geboorte sal skenk. Hierdie toets het gekom nadat hy en Sara gedink het dat hulle al so oud is dat dit eintlik nie moontlik is om kinders te kry nie. Sara het gelag en het gedink dat dit nie moontlik sal wees nie (Gen. 18:10–15). Genesis 21:1 beskryf dat God aan sy opdrag getrou was en dat Isak gebore is toe Abraham ’n honderd jaar oud was.

Hebreërs 11:17–19 gryp dan terug na Genesis 22, wat in die Genesisboek volg op al die bogenoemde gebeure. Dit was God se inisiatief om Abraham op die proef te stel en te toets (Gen. 22:1–2; Heb. 11:17–19). Die Here het hierdie wondergeboorte van Isak teweeg gebring. God eis dat Abraham die een deur wie hy ’n groot nageslag sou word, moes dood maak. Dit is werklik ’n toets of Abraham sou aanhou vertrou dat God steeds deur Isak aan hom ’n groot nageslag sou gee. Dit is egter nie net dit wat die geloofstoets so moeilik maak nie, wat dit moeilik maak is God se oënskynlike wisselvalligheid rakende sy wil vir Abraham se nageslag (Westcott, 1914:367).

Selfs al sou Isak geoffer word, het Abraham geglo dat hy hom uit die dood terug sou ontvang. Hierdie oortuiging van Abraham volgens Hebreërs 11:19 is reeds in sy woorde aan die diensknegte in Genesis 22:5 sigbaar: “Toe sê Abraham vir sy dienaars: ‘Bly julle hier met die donkie! Ek en die seun wil daarheen gaan. Ons wil aanbid en sal dan na julle terugkom.’” Pierce (2020:31) vergelyk Abraham hier met Jesus wat sy toets in Hebreërs 2:18 en 4:15 geslaag het; die verskil in die toets was dat Abraham vir Isak moes doodmaak as offer terwyl Jesus self moes doodgaan as offer. Alhoewel Abraham hierdie geloofstoets geslaag het, was hy ook ’n sondaarmens wat baie ander keer gefaal het, maar dit is Jesus wat sonder sonde is (Heb. 4:15).

5.5.6 Gevolgtrekking aangaande die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in die perikoop

Hier in die vierde perikoop waar die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem voorkom dui dit op ’n totale ander betekenis as in die vorige perikope. Hier beteken die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ nie versoek of uitdaag nie, maar beproef of toets. Die rede hiervoor is:

- Dit is baie duidelik uit Hebreërs 11:17 dat God die bron of oorsaak van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ is. In afdeling 4.3.5 van hierdie studie is bevind dat wanneer God die bron van die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ is, dui dit altyd op beproef of toets. Dit is duidelik uit die Ou-Testamentiese konteks waaruit die Hebreërskrywer argumenteer dat God Abraham se geloof in God se belofte toets. Hy toets vir Abraham as verbondsparty.

5.6 Betekenismoontlikhede van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15

Dit is duidelik dat $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 11:17 dui op 'n toets wat van God af kom. God het Abraham se geloofsgehoorsaamheid in verbondsverhouding met hom getoets (Heb. 11:17). Dit is verder duidelik dat die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in Hebreërs 3:8–9 nie noodwendig op versoek of beproef as sodanig dui nie, maar op Israel wat vir God uitgedaag het.

Dit is kompleks om een eenvoudige betekenis aan die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 te heg. Dit is egter duidelik dat die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 en 4:15 nie die betekenis van “uitdaag” soos in Hebreërs 3:8–9 aanneem nie. Israel het vir God getoets of uitgedaag (Heb. 3:9). Jesus het egter nie een keer teen die Vader gerebelleer of Hom uitgedaag nie – Hy het nooit gesondig nie. Kleinig (2017:126) meen dat die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in Hebreërs 2:18 op beide 'n toets en 'n versoeking dui. Jesus is getoets deur wat Hy gely het en hierdie beproewing het 'n hoogtepunt bereik deurdat Hy selfs aan die kruis gehoorsaam moes wees (Kleinig, 2017:142). Jesus is egter ook deurlopend versoek, met versoeking wat 'n hoogtepunt bereik wanneer dit kom by die kruis. Hy moes uiteindelik besluit of Hy gehoorsaam sal wees tot die dood (Kleinig, 2017:142).

Vanuit Hebreërs 2:18a en 4:15 moet $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as 'n versoeking tot sonde verstaan word. Alhoewel die $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ -lekseem in elke hoofdeel van die Hebreërpreek voorkom, het die Hebreërskrywer nie in sy preek 'n teologie van beproewing of toetsing probeer daarstel nie. Dit is duidelik dat Hebreërs 3:8–9 en Hebreërs 11:17–19 uiteenlopende betekenismoontlikhede vir die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ daarstel. Die Hebreërskrywer het nie die woord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ oral in die brief met dieselfde betekenis gebruik nie.

Die literêre kontekstuele merkers in die perikope van Hebreërs 2:5–18 en Hebreërs 4:14–16 toon duidelik dat die outeur se bedoeling met die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ was om dit te gebruik as “versoek”. In Hebreërs 2:5–18 is die mag en teenwoordigheid van die Satan, die gebrokenheid van die sondeval en hoëpriesterlike werk in verband met versoening van sondes voorop. Niks in die teks self dui op God wat vir Jesus op die proef wou stel nie. Soortgelyk kom die hoëpriesterlike tema in Hebreërs 4:14–16 na vore. Die hoëpriesters van die Ou Testament was self sondig en moes

versoening vir die volk se sondes doen. Die hoëpriester is gekonfronteer met versoeking tot sonde. In Hebreërs 4:15 kom daar uitkoms deurdat Jesus versoeking deurstaan – Hy het nie gesondig nie (Hy is sonder sonde). Die doel van 'n versoeking is om die versoekte persoon tot sonde te verlei. Die versoeking wat oor Jesus se pad gekom het, selfs aan die kruis, kon Hom nie druk tot by sonde nie.

5.7 Gevolgtrekking

Die retoriese tegniek wat die Hebreërskrywer regdeur die preek ontplooi met sy gebruik van die *πειράζω*-lekseem wil die hoorders in hulle lewensomstandighede van verdrukking en swaarkry daarop wys dat hulle dikwels voor 'n groot toets/versoeking (*πειράζω*) gebring sal word. Die Hebreërskrywer waarsku die hoorders teen verskeie gevare te midde van hierdie versoeking/beproevinge (*πειράζω*), naamlik dat hulle nie afvallig moet raak nie, dat hulle nie hulle verlossing moet verloor nie, dat hulle nie 'n bose hart vol ongeloof moet kry nie, en dat hulle nie hulle vrymoedigheid om tot God te nader moet prysgee nie (Heb. 2:1–4; 3:12; 4:12–13; 6:4–8; 10:26–31; 12:25–29). Dit is vanweë die swaar omstandighede wat die hoorders van die Hebreërpreek moes deurstaan dat hulle versoeking/beproeving (*πειράζω*) beleef, en dit is waarom die Hebreërskrywer die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* deur die preek ontplooi.

Hierdie gevolgtrekking is duidelik te sien uit die drieledige struktuuranalise van die Hebreërpreek. Die Hebreërskrywer ontplooi die werkwoord *πειράζω* in elk van die drie makro-afdelings. In hierdie drie makro-afdelings is dit duidelik dat die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* met betrekking tot vier persone of groepe in die boek Hebreërs gebruik word.

- In die eerste afdeling, Hebreërs 1:1–4:13, kom die werkwoord *πειράζω* twee keer voor en die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* een keer.
- In die tweede afdeling, Hebreërs 4:14–10:18, kom die werkwoord *πειράζω* een keer voor.
- In die derde afdeling, Hebreërs 10:19–13:25, kom die werkwoord *πειράζω* een keer voor.

Die werkwoord *πειράζω* tesame met die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* is oor die verskillende hoofdele van die Hebreërpreek versprei. Hierdie eweredige verspreiding van die *πειράζω*-lekseem dui daarop dat elke hoofdeel van die preek vestig die hoorders se aandag op die wyse waarop hulle versoeking/toetsing (*πειράζω*) in hulle unieke omstandighede moes deurstaan.

- In die eerste hoofdeel, naamlik Hebreërs 1:1–4:13, bied die voortreflikheid van Jesus as hoëpriester en sy voortreflike getrouheid tydens sy versoeking (πειράζω) die basis vir die hoorders om in hulle versoeking tot Jesus te nader (Heb. 2:18).
- Verder in die eerste hoofdeel is die ontrouheid van die mens tydens swaarkry te sien uit die gebruik van die werkwoord ἐπειράσαν in Hebreërs 3:9. Dit dien as waarskuwing om nie op hierdie wyse afvallig te raak en God uit te daag nie.
- In die tweede hoofdeel, naamlik Hebreërs 4:14–10:18, herhaal die voortreflike getrouheid van Jesus as hoëpriester in alle opsigte tydens versoeking wat vir die hoorders 'n basis bied vir volle geloofsekerheid en vrymoedigheid (Heb. 4:15).
- In die derde hoofdeel, naamlik Hebreërs 10:19–13:25, is geloofsvolharding tydens toetsing (πειράζω) in getrouheid aan God die fokus met die gebruik van πειράζω in Hebreërs 11:17 met betrekking tot Abraham.

Uit die vyf gebruike van die πειράζω-lekseem is die woord dus twee keer op Christus toegepas wat as God en mens in alle opsigte soos mense versoek (πειράζω) is. In die lig van die hoorders se eie swaar lewensomstandighede fokus die Hebreërskrywer die aandag van die hoorders dus op Jesus en die wyse waarop hy versoeking (πειράζω) beleef en deurstaan het en wat dit vir die hoorders beteken (Heb. 2:18 en 4:15). Die Hebreërskrywer se bedoeling is dat die hoorders hulle oë voortdurend op Jesus moet hou en daarom word Jesus se versoeking (πειράζω) in alle opsigte soos mense 'n kernbelangrike leërstelling waaruit die hoorders aangespoor kan word om nie afvallig te raak nie. Die skrywer lig daarmee uit dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek (πειράζω) is. Weens die swaarkry en lyding wat bepaalde versoekings (πειράζω) oor die hoorders se pad gebring het, fokus die Hebreërskrywer die aandag op die versoeking (πειράζω) van Israel in die woestyn (Heb. 3:8–9) en die beskrywing van Abraham se geloofstoets in Hebreërs 11:17 (πειράζω).

Die bogenoemde eksegeese het die verskillende nuanses in die gebruik van die πειράζω-lekseem in Hebreërs aangedui en nader verklaar. Dit gee 'n naderverklaring van die versoeking van Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15. Na aanleiding van die bogenoemde eksegeese en voorafgaande ondersoek sal daar in die volgende hoofstuk die gevolgtrekking van hierdie studie weergegee word.

HOOFSTUK 6 GEVOLGTREKKING

6.1 Inleiding

Hierdie studie het nagespoor wat die begrip *πειράζω* in Hebreërs 2:18a en 4:15 beteken met betrekking tot Jesus wat in elke opsig soos alle mense “versoek/beproe” is. Die studie het hierdie vraagstuk aangespreek deur ondersoek te doen na die gebruik van die werkwoord *πειράζω* en waar van toepassing die verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός*. Hierdie ondersoek is gedoen om die korrekte verstaan van die begrip *πειράζω* in Hebreërs te kry aangesien die korrekte verstaan daarvan tot die korrekte verstaan van die Christologie in Hebreërs lei.

Hoofstuk 2 het die lig gewerp op die sogenaamde inleidingsvrae van die Hebreërpreek. ’n Verstaan van die aard, genre, identiteit en omstandighede van die hoorders en skrywer werp lig op waarom die *πειράζω*-lekseem so treffend is. Vervolgens is daar in Hoofstuk 3 op die identiteit van Jesus gefokus. Voordat daar enigsins na die betekenis van *πειράζω* met betrekking tot Jesus gekyk is, het die studie eers presies uitgewys wie hierdie Jesus in die Hebreërskrywer se preek is. Duidelikheid oor Jesus se identiteit bring duidelikheid oor die invloed, uitwerking en appèl van die werkwoord *πειράζω* op Hom. Die korrekte verstaan van Jesus se identiteit bied ’n korrekte verstaan van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs. Nadat Jesus se identiteit in die Hebreërpreek bepaal is, kon die korrekte verwysingsraamwerk vir betekenismoontlikhede van die *πειράζω*-lekseem oor ’n breë spektrum literatuur gegee word in Hoofstuk 4 om sodoende te identifiseer watter betekenismoontlikhede in die Hebreërpreek van toepassing sou wees. Hoofstuk 5 het by wyse van ’n grammaties-historiese eksegetiese ondersoek van nader verklaar wat die betekenis van die *πειράζω*-lekseem in Hebreërs is, spesifiek met betrekking tot Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15. Vervolgens word die resultate van die studie in hierdie hoofstuk uitgelig.

6.2 Die literêre geskrif waarbinne die *πειράζω*-lekseem ontplooi word

Hebreërs is geskryf as ’n kort boodskap van aansporing en bemoediging (Heb. 13:22). Die geskrif is geskryf as ’n preek met die bedoeling dat dit hardop gelees word sodat die eerste ontvangers daarna kon luister. Hierdie preek word verdeel by wyse van ’n inclusio in Hebreërs 4:14–16 en Hebreërs 10:19–23 in ’n driedelige struktuur. Die *πειράζω*-lekseem word in elke hoofdeel van die preek ontplooi.

Hierdie preek van aansporing en bemoediging is baie moontlik geskryf aan ’n tweedegeslag Christene wat uit die Jodedom of heidendom in Rome (moontlik onder die regering van Claudius of Domitianus) geleef het. Die preek was bedoel om die hoorders aan te spoor om ten spyte van

vervolging (Heb. 10:32–34) en bespotting in die geloof te volhard. Hierdie gelowiges het in alles behalwe ideale omstandighede geleef. Hulle het moontlik teenkanting van beide Jode, Grieke en Romeine beleef. Daar was verder vreemde leringe wat 'n verdere versoeking vir hierdie hoorders se geloof was. Die versoeking was baie groot om van Jesus afvallig te raak (Heb. 2:1–4; 3:8, 12, 13, 15, 4:1, 7; 6:4–8; 10:26–31; 12:25–29). Die feit dat Jesus in alle opsigte soos mense versoek is en daar is om die te help wat versoek word, kon as aansporing vir die eerste hoorders gedien.

6.3 Die identiteit van Jesus as die een wat versoeking (πειράζω) beleef

Die ondersoek na Jesus se identiteit het duidelik getoon dat Jesus nie 'n gewone mens is nie. Hy is volkome God en volkome mens. Jesus Christus se eienskappe wys daarop dat Hy die volgende is: ewig, onveranderlik, getrou, sonder sonde, barmhartig, vol medelye, en Hy is die uitstraling van die heerlijkheid van God. Hy beklee bepaalde ampte, naamlik die van priester, hoëpriester, koning, profeet en apostel. Sy name wys ook op wie Hy is. Die name en beskrywings van Jesus in Hebreërs is: Jesus, Christus, Seun, Seun van God, eersgeborene, middelaar, borg, leidsman, Here, voleinder en groot herder. In die Hebreërpreek hou Jesus se werke verband met die skepping, onderhouding van die skepping, voleinding, verlossing, versoening en kommunikasie. Hierdie identiteit wys presies wie die versoekte Een in Hebreërs 2:18 en 4:15 is.

Jesus se versoekinge (vanaf πειράζω) het begin toe Hy soos mense aan vlees en bloed deel gekry het (Heb. 2:14). Dit het met sy menswording met sy koms na die wêreld begin (Heb. 10:15). Hy is in alle opsigte soos ander mense versoek en het deur dit alles nie gesondig nie (Heb. 4:14–15; 5:8–9). As mens straal Hy die heerlijkheid van God en die ewebeeld van sy wese uit (Heb. 1:3) en is Hy ten volle gehoorsaam as die Seun van God (Heb. 5:8).

Hy is sonder sonde, heilig, vlekkeloos en getrou. Versoeking het geen sonde of defek in Hom teweeg gebring nie (Heb. 2:11, 17; 3:2, 5–6; 4:15; 7:26 en 9:14). Hierin is die onveranderlikheid van sy godheid en volmaaktheid ook tydens sy aardse bestaan sigbaar (Heb. 1:12 [Ps. 102:28]). As 'n middelaar (μεσίτης) het Hy, deurdat Hy onder versoekinge volhard het, sy middelaarswerk voltooi om 'n gebroke verhouding tussen God en mens te herstel. Sodoende het Hy inderdaad al die wetlike verpligtinge as vennoot nagekom om die pand/borg (ἔγγυος) van 'n beter verbond te wees. Hy deur wie die skepping gemaak is en Hy wat dit onderhou het nie gefaal nie. Hy het versoening bewerk en God aan die hoorders kom openbaar (Heb. 1:2–3; 2:9, 10, 11; 5:7).

Vanuit die Hebreërpreek is die invloed van versoeking (vanaf πειράζω) op Jesus duidelik. Die Seun van God het as mens tydens sy aardse lewe met harde krete en trane sy smeking en pleitbedes voor God gebring (Heb. 5:7). Hy het tot God uitgeroep en gehuil vanweë die aardse gebrokenheid waardeur Hy moes gaan. Hebreërs 5:8 leer dat Hy gely het. Vir Christus het hierdie

omstandighede beteken dat Hy gedurende sy hele aardse lewe met slegte omstandighede gekonfronteer is, maar dat dit 'n hoogtepunt bereik toe Hy gekruisig moes word en sy bloed moes vloei (Heb. 5:8; 6:6).

Die appèl wat hierdie versoeking op Jesus gehad het, is om Hom daartoe te lei om in gesindheid, woorde en optrede ontrou en ongehoorsaam te wees sodat Hy as volmaakte Een sou verander om ooreenkomstig die karakter van skuldige mense op te tree. Die uitwerking van versoeking op Jesus was egter van so aard dat Hy Hom eerbiedig aan God onderwerp het en gehoorsaam gebly het (Heb. 2:11, 5:7, 8). Hy het getrou gebly (Heb. 2:17; 3:3, 5–6). Dit is duidelik dat die versoeking van Jesus nie sy identiteit verander het nie, maar dat Hy sy identiteit behou het terwyl Hy versoeking beleef het.

Die gebruik van *πειράζω* Hebreërs 2:18 en 4:15 dui daarop dat Jesus versoek eerder as beproef is. Jesus is ook innerlik versoek, maar nie deur sondige begeertes nie. Die versoekinge wat Hy deurstaan het daartoe gelei dat Hy 'n hoëpriester is wat volkome gekwalifiseerd is om diegene wat versoek word te help. Die versoeking van Jesus getuig daarvan dat Hy volkome volmaak is en dat Hy te midde van versoekinge getrou was. Nie een van hierdie versoekinge wat Jesus ervaar het, het Hom daartoe gebring om te sondig nie, selfs al was dit die doel van die versoeking. Die Hebreërskrywer se gebruik van die werkwoord *πειράζω* verwys na Jesus se versoeking deur die Satan. Dit sluit egter nie die versoekings vanuit ander oorde uit nie, aangesien Jesus in alle opsigte (*κατὰ πάντα*) soos ander versoek is. Die Hebreërskrywer hou vir Jesus as die versoekte Een voor wat nie onder versoekings meegee het nie sodat die hoorders nie onder die versoeking van afvalligheid meegee nie.

6.4 Die betekenisraamwerk van die *πειράζω*-lekseem van toepassing in Hebreërs

Daar is in die ondersoek na die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* bevind dat die betekenismoontlikhede in buite-Bybelse en Bybelse literatuur oorvleuel. Hierdie betekenismoontlikhede behels:

- *πειράζω* as 'n woord met 'n alledaagse betekenis
 - “Om te probeer”/“om 'n poging aan te wend”
 - Om bekend te wees met”
 - “Om te ervaar”
- *πειράζω* as “n ondersoekende toets na die aard van iets”
- *πειράζω* as “versoek tot die verkeerde”

- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “om die ander party binne ’n verbond te toets”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “beproeving(e)/toets(e) deur God gestuur”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “Israel of gelowiges wat God uitdaag”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “’n poging om skeiding tussen God en mens te bring”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “’n reeks toetse om iemand se geloof en karakter te bepaal”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “’n toetsing in verband met lyding en swaarkry”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “’n poging om iemand deur middel van toetsing te betrap”
- $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ as “’n versoeking/verleiding om iemand tot morele boosheid te lok”

Vanuit hierdie betekenismoontlikhede vir die werkwoord $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ en verwante selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$ kan die gebruik van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met ’n teologiese betekenis en ’n positiewe implikasie soos volg gegroepeer word:

- ’n Ondersoekende toets na die aard of inhoud van iets of iemand
- Om die ander party binne ’n verbond te toets om hulle verbondstrou in die lig van hulle verbondsverpligtinge te bepaal
- Toetsing om iemand se geloof en geloofskarakter te bepaal
- Beproeving(e)/toets(e) deur God gestuur met goeie redes en doeleindes voor oë
- Toetse wat in verband met lyding en swaarkry verduur en deurmaan moet word. Alhoewel dit swaar is, vind hierdie toetsing met goeie redes plaas

Vanuit die betekenismoontlikhede rakende die gebruik van die werkwoorde $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ en verwante selfstandige naamwoord $\pi\epsilon\iota\rho\alpha\sigma\mu\acute{o}\varsigma$ kan die gebruik van $\pi\epsilon\iota\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ met ’n teologiese betekenis met ’n negatiewe implikasie soos volg gegroepeer word:

- Om iemand (’n mens, ’n godheid, God) te versoek met die oog om daardie iemand te bring om verkeerd op te tree
- Om vir God uit te daag deur sy karakter te betwyfel of deur teen Hom te rebelleer vanweë menslike boosheid wat dan in klagtes, murmurering, leuens of wanverklaring van sy wil uitdrukking vind
- Die Duiwel wat mense verlei/versoek/verlok om verkeerd en immoreel op te tree om sodoende skeiding tussen God en mens te bring

- Mense wat ander deur middel van slinkse toetsing met 'n verskuilde agenda in 'n strik wil laat trap om sodoende daardie verkeerde optrede teen die getoetste party te hou

Die ondersoek na die betekenismoontlikhede van die werkwoord *πειράζω* en verwante selfstandige naamwoord *πειρασμός* het getoon dat die bron (dit wat aanleiding gee tot versoeking/beproeving) verskillend kan wees. Wie/wat die bron/oorsaak van die werkwoord *πειράζω* is, het 'n invloed op die betekenis daarvan. Die mens staan dikwels as bron of oorsprong van 'n versoeking en dit is in meeste gevalle sleg. Die begeertes van die mens gee aanleiding tot of is die bron van versoeking, en dit is altyd sleg. Omstandighede dien in 'n sekere opsig dikwels as oorsprong van versoeking of beproewing. Die Satan word aangedui as een wat versoekings teweeg bring en dit is altyd sleg. God word ook aangedui as bron van beproewing en toetsing, en dit is altyd met goeie bedoelings en redes voor oë.

Uit al hierdie betekenismoontlikhede is die volgende beslis nie van toepassing op Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15 nie:

- *πειράζω* as 'n woord met 'n alledaagse betekenis
 1. "Om te probeer"/"om 'n poging aan te wend"
 2. "Om bekend te wees met"
 3. "Om te ervaar"

Die volgende betekenismoontlikhede is oorweeg as moontlikhede met betrekking tot Jesus se versoeking/beproeving in Hebreërs 2:18 en 4:15:

- *πειράζω* as "n ondersoekende toets na die aard van iets"
- *πειράζω* as "versoek tot die verkeerde"
- *πειράζω* as "om die ander party binne 'n verbond te toets"
- *πειράζω* as "beproeving(e)/toets(e) deur God gestuur"
- *πειράζω* as "n poging om skeiding tussen God en mens te bring"
- *πειράζω* as "n reeks toetse om iemand se geloof en karakter te bepaal"
- *πειράζω* as "n toetsing in verband met lyding en swaarkry"
- *πειράζω* as "n poging om iemand deur middel van toetsing te betrap", en
- *πειράζω* as "n versoeking/verleiding om iemand tot morele boosheid te lok".

Gegewe die bogenoemde betekenisse wat as moontlikhede gedien het, is die Hebreërkonteks en outeursbedoeling deurslaggewend met betrekking tot Jesus se versoeking in Hebreërs 2:18 en 4:15.

6.5 Die betekenis van Hebreërs 2:18 en 4:15

Uit bostaande resultate van die studie word die volgende betekenis aan die werkwoord $\piειράζω$ met betrekking tot Jesus se versoeking Hebreërs 2:18a en 4:15 geheg:

- $\piειράζω$ as “versoek tot die verkeerde”.
- $\piειράζω$ as “n versoeking/verleiding om iemand tot morele boosheid te lok”.

Die vertaling in hierdie ondersoek van Hebreërs 2:18a en 2:18b sal dus soos volg lui:

“Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek is, is Hy in staat om die wat versoek word te help.”

Die vertaling van Hebreërs 4:15 sal lui as volg:

“Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie in staat is om simpatie met ons swakhede te kan hê nie, maar Een sonder sonde, wat soortgelyk aan ons, in alle opsigte versoek is”.

Die redes waarom die betekenis van $\piειράζω$ in Hebreërs 2:18a, 2:18b en 4:15 as versoek verstaan moet word eerder as toets/beproof, is soos volg:

- Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat die Hebreërskrywer nêrens ’n eenvormige teologiese betekenis aan die gebruik van die werkwoord $\piειράζω$ in sy preek heg nie. Elke gebruik van die werkwoord $\piειράζω$ en verwante selfstandige naamwoord $\πειρασμός$ se betekenis word deur die unieke literêre konteks en die Ou-Testamentiese konteks binne die strukturele hoofdeel van die preek bepaal. Dit het duidelik geword dat die outeursbedoeling met die gebruik van die werkwoord in Hebreërs nie bedoel het om ’n tematiese teologie van beproewing daar te stel nie. Binne die kontekste van Hebreërs 3:8–9 en Hebreërs 11:17 is die bron/oorsprong en betekenis van versoeking/beproewing in elke geval verskillend. Dit is ook waar met betrekking tot Hebreërs 2:18 en 4:15. Die betekenis van beproef moet dus nie in Hebreërs 2:18 en 4:15 geforseer word omdat dit in vertalings van ander gedeeltes in Hebreërs so verskyn nie.
- In Hebreërs 2:18 en 4:15 dien die voortdurende verwysing na “sonde” as ’n kontekstuele merker wat daarop dui dat $\piειράζω$ as versoek verstaan moet word. Die Hebreërskrywer

stel in hierdie gedeeltes Jesus se gelykwording aan mense in verband met versoeking tot sonde eerder as God wat Jesus op die proef stel (Heb. 2:17–18 en 4:15).

- Jesus as hoëpriester bring juis versoening vir die sondes van mense wat onder versoeking gefaal het (Heb. 2:18). Dit sal vreemd wees as die tweede gebruik van die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18b beproef beteken terwyl die werkwoord in 2:18a versoek is. Jesus het juis versoeking beleef om versoening te bring vir die sonde van mense wat onder versoeking faal.
- Die melding van die Duiwel in Hebreërs 2:14–15 in die onmiddellike konteks van die perikoop in Hebreërs 2:5–18 impliseer dat die Duiwel en sy volgelinge (mense) as bron van die versoeking staan eerder as God wat die bron/oorsaak van beproewing of toetsing is. Die Duiwel en sy volgelinge veroorsaak dan ook lyding en swaarkry in Jesus se lewe, wat as versoeking dien.
- Die melding dat Jesus, alhoewel Hy in alle opsigte (*κατὰ πάντα*) soos mense versoek (*πειράζω*) is, tog sonder sonde is, dui daarop dat die werkwoord *πειράζω* as versoeking eerder as beproewing verstaan moet word. 'n Versoeking se uitkoms wil die versoekte tot sonde bring. Die versoekings wat Jesus beleef het kon egter nie dié doel bereik nie.
- Hebreërs 4:15 verkondig soos Hebreërs 2:5–18 Jesus se totale solidariteit met sy broers. Daarom sê die Hebreërskrywer dat die hoorders 'n hoëpriester het “soortgelyk aan ons”. Wanneer Jesus se versoeking (*πειράζω*) in alle opsigte soos sy broers beklemtoon word, dan is dit juis met die oog op sy suksesvolle deurstaan van alle versoeking deurdat Hy nooit gesondig het nie (Heb. 4:15). Die doel van 'n versoeking is om die versoekte een te laat sondig. Die versoekinge het volgens Hebreërs 4:15 egter misluk. Dit is dus baie duidelik dat die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 4:15 op versoeking dui. Die hoorders van Hebreërs kan dus bemoedig word as sondaars wat onder versoekinge meegee omdat hulle iemand het by wie hulle onverdiende ontferming en genade kan ontvang (Heb. 4:16). Ontferming en genade is nodig waar mense onder versoekinge swig. Hierdie mense is behoeftig en sondig en het daarom die hulp en meegevoel van 'n volmaakte hoëpriester benodig.
- Die meerderheid vertalers verkies om die werkwoord *πειράζω* in Hebreërs 2:18 en 4:15 as versoek eerder as toets/beproof te vertaal.

Die betekenis van *πειράζω* in verband met Jesus in Hebreërs 2:18 en 4:15 dui volgens die outeursbedoeling gevolglik op versoeking. Die frase “alle opsigte” (*κατὰ πάντα*) beteken nie dat Jesus letterlik in elke opsig soos sondaarmense versoek is nie. Dit beteken wel dat Jesus as mens gebore is, geleef het en met swaarkry en alle eksterne versoeking wat daarmee

gepaardgaan, gekonfronteer is. Hierdie eksterne versoekings het 'n appèl op sy emosies en begeertes gehad, maar selfs sy innerlike menswees en begeertes was nooit sondig nie. Jesus is dus nie in alle opsigte op dieselfde identiese wyse as ander mense versoek nie, maar Hy het die universele menslike ervarings soos enige ander mens in 'n gebroke wêreld vol versoekings beleef. Daar is dus duidelik uitsonderings in Jesus se menswees: Hy is tegelykertyd God, Hy besit onvernietigbare lewe— en is sonder sonde.

BRONNELYS

Aland, B., Aland, K., Karavidopoulos, J., Martini, C.M. & Metzger, B.M. (eds.) 2014. *The Greek New Testament*. 5th Revised Edition (with morphology). United Bible Societies: Deutsche Bibelgesellschaft.

Alexander, S. 1917. *A pocket lexicon to the Greek New Testament*. Oxford: Clarendon Press.

Andrews, E. 2003. *A Glorious High Throne*. Darlington, England: Evangelical Press.

Arndt, W., Danker, F.W. & Bauer, W. 2000. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. Based on Walter Bauer's Griechisch-deutsches Wörterbuch zu den Schriften des Neuen Testaments und der frühchristlichen [sic] Literatur*. 6th ed. Chicago: University of Chicago Press.

Attridge, H.W. 1989. *The Epistle to the Hebrews*. Hermeneia. Philadelphia: Fortress Press.

Baldwin, J.G. 1972. *Tyndale Old Testament Commentaries: Haggai, Zachariah and Malachi*. USA: Inter-Varsity Press.

Bateman IV, H.W. 2001. Psalm 45:6-7 and its christological contributions to Hebrews. *Trinity Journal*, (22): 3-21.

Bible. 1901. American Standard Version. Nashville, TN: Thomas Nelson & Sons.

Bible. 1982. New King James Version. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Bible. 2003. *The Holy Bible*: 1611 ed. King James Version. Peabody, MA: Hendrickon

Bible. 2011. New International Version. Colorado Springs, CO: Biblica.

Bible. 2018. *The Holy Bible*. English Standard Version. Vereeniging, RSA: Christian Art.

Bruce, F.F. 1991. *The new international commentary on the New Testament: the Epistle to the Hebrews*. Rev. ed. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Buchanan, G.W. 1972. *To the Hebrews*. The Anchor Bible. Vol 36. New York, NY: Doubleday.

Bybel. 2004. *Die Bybel*. 1933/53 vertaling. 9de Uitg. Bellville, RSA: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 2013. *Die Bybel*. 1983 vertaling. 16de Uitg. Bellville, RSA: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 2020. *Die Bybel*. 2020 vertaling. Bellville, RSA: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvyn, J. 1963. *Calvin's commentaries: The Epistle of Paul the apostle to the Hebrews and the first and second Epistles of St Peter*. Grand Rapids MI: Eerdmans.

Carson, D.A. & Moo, D.J. 2009. *An introduction to the New Testament*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Carson, D.A. 1991. *The Pillar New Testament commentary: the Gospel according to John*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Cockerill, G.L. 2012. *The new international commentary on the New Testament: the Epistle to the Hebrews*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Coetsee, A.J. & Viljoen, F.P., eds. 2021. Reformed theology in Africa Series. Volume 5: *Biblical theology of life in the Old Testament*, pp. i–249, Cape Town: AOSIS

Coetsee, A.J. 2014. *Die sprekende God in die boek Hebreërs: 'n openbaringshistoriese studie*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (PhD –Proefskrif).

Coetsee, A.J. 2018, "By his word"? Creation, preservation and consummation in the book of Hebrews. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 74(4):4894. <https://doi.org/10.4102/hts.v74i4.4894>

De Silva, D.A. 2000. *Perseverance in gratitude: a socio-rhetorical commentary on the Epistle "to the Hebrews"*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

De Sousa, R. F. 2019. The Hermeneutics of the scriptural citations in Hebrews 2:12–13. *Biblical Research* 64:83-101.

Elliger, K., Rudolph, W. et. al. 2017. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. 5th ed. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

Ellingworth, E. & Nida, A. 1983. *A translator's handbook on the letter to the Hebrews*. Stuttgart, Germany: United Bible Societies.

Ellingworth, P. 1993. *The new international Greek Testament commentary: the Epistle to the Hebrews*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Ernst, J. & Westermann, C. 1997. *Theological lexicon of the Old Testament*. Peabody, MA: Hendrickson.

Fee, G.D. & Hubbard, R.L. 2011. *The Eerdmans companion to the Bible*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Fee, G.D. 2009. *New Testament exegesis: a handbook for students and pastors*. 4th ed. Louisville, KY: Westminster John Knox.

France, R.T. 2006. *The expositor's Bible commentary: Hebrews–Revelation*. General editors: Longman T. & Garland, D.E. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Garland, D.E. 2004. *1 Corinthians*. Baker exegetical commentary on the New Testament series. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Gatewood, T.S. 2009. A Nicene Christology: Robert Jenson and the two natures of Jesus Christ. *Pro Ecclesia* 18(1):28–49.

Goldingay, J. 2006. *Baker commentary on the Old Testament: Wisdom and Psalms*. Vol. 1. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Greenlee, J.H. 1998. *An exegetical summary of Hebrews*. 2nd ed. International Academic bookstore. West Camp, Dallas: SIL International.

Griffiths, J.I. 2016. *Hebrews and divine speech*. Bloomsbury, London: T&T Clark.

Grosheide, F.W. 1927. *De Brief aan de Hebreëen en de Brief aan Jakobus*. Kampen: H.A. van Bottenburg.

Guthrie, D. 1976. *New Testament introduction*. (3rd ed). Leicester: InterVarsity Press.

Guthrie, D. 1989. *The Letter to the Hebrews: an introduction and commentary*. Tyndale New Testament Commentaries. Vol 15. Leicester: InterVarsity Press.

Guthrie, G.H. 1994. *The structure of Hebrews: a text-linguistic analysis*. Supplements to Novum Testamentum 73. Leiden: Brill.

Guthrie, G.H. 2007. Hebrews. In: Beale, G.K. & Carson, D.A. eds. *Commentary on the New Testament use of the Old Testament*. Grand Rapids, MI: Baker Academic. p. 919-995.

Hagner, D.A. 1973. *The use of the Old and New Testaments in Clement of Rome*. Leiden, Belgium: EJ Brill.

Hall, R. 2012. *The impeccable Christ who was truly tempted*.

https://www.academia.edu/9434102/Impeccability_of_Christ_and_the_Nature_of_His_Sinless_Temptations Date of access: 19 June 2023.

Hewitt, T. 1960. *The Epistle to the Hebrews: an introduction and commentary*. Bedford Square, London: The Tyndale Press.

Isaacs, M.E. 1992. Sacred space: an approach to the theology of the Epistle to the Hebrews. *Journal for the Study of the New Testament*, Supplement Series 73.

Janse van Rensburg, F.J. 2011. *Preekgeboorte: van eksegesis tot preek*. Pretoria: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Jeremiah, K.G. 2014. *Lexham theological wordbook*, edited by Douglas Mangum et al. Lexham Bible Reference Series. Bellingham, WA: Lexham Press

Johnson, L.T. 2006. *Hebrews: a commentary*. The New Testament Library. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Jordaan, G. 2014. *Die binnewerke van Antieke Grieks: die semantiek van grammatiese konstruksies*. Potchefstroom, RSA: Potchefstroomse Teologiese Publikasies .

Joseph, H. T. 1889. *A Greek-English lexicon of the New Testament: being Grimm's Wilke's Clavis Novi Testamenti*. New York: Harper & Brothers.

Kaiser, W.C. & Silva, M. 2007. *Introduction to Biblical Hermeneutics: the search for meaning*. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Kidner, D. 1973. Tyndale Old Testament commentaries. Vol. 14: *Psalms 1–72: An introduction and commentary*. London: InterVarsity Press.

Kim, D.S. 2012. *Christology in Hebrews: an analysis of the interaction between christology and community*. New Orleans, LA: New Orleans Baptist Theological Seminary (Thesis – PhD).

Kistemaker, S.J. 1984. *Exposition of the Epistle to the Hebrews: New Testament commentary*. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

- Kittel, G. & Friedrich, G., eds. 1976. *Theological dictionary of the New Testament*. Volumes 1–10. Translator and editor G.W. Bromiley. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Kleinig, J.W. 2017. *Concordia commentary: a theological exposition of sacred Scripture: Hebrews*. Saint Louis: Concordia.
- Koester, C.R. 2001. *Hebrews: a new translation with introduction and commentary*. The Anchor Bible. Vol 36. New Haven: Yale University Press.
- Lane, W.L. 1991a. Word Biblical commentary. Vol 47A: *Hebrews 1–8*. Nashville: Thomas Nelson.
- Liddell, H.G. Jones & Scott, R. 1951. *A Greek-English lexicon: revised and augmented by H.S. Jones & R. McKenzie*. Oxford: Clarendon Press.
- Longenecker, R.N. 1999. *Biblical exegesis in the apostolic period*. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Louw, J.P. & Nida, E.A., eds. 1996a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. 2nd ed. Vol. 1. New York, NY: United Bible Societies.
- Lütticke, L. & Weidemann, H.U. 2021. He himself was tempted (Heb. 2:18): the Temptation of Jesus in the New Testament. In Grössl, J. & Von Stosch, K., eds. *Impeccability and temptation: understanding Christ's Divine and human will*. London: Routledge. p 50–74.
- Marshall, H.I. 2008. Tyndale New Testament Commentaries: *Acts: an introduction and commentary*. England: Inter-Varsity Press,.
- McKay, J.M. 2016. *Jesus as faithful in testing: a key to the rhetorical connection between Hebrews 3:1–6 and 3:7–4:13*. Fort Worth, TX: South Western Baptist Theological Seminary. (Thesis – PhD).
- McKinley, J.E. 2012. Jesus Christ's temptation. *Southern Baptist Theological Seminary* 16(2): 56–71.
- McKnight, E.V. & Church, C. 2004. *Hebrew-James*. Macon, GA: Smyth & Helwys.
- Moffatt, J. 1924. *A critical and exegetical commentary on the Epistle to the Hebrews*. The International Critical Commentary. Edinburgh: T&T Clark.

- Moisés, S. 2014. *New international dictionary of New Testament theology and exegesis*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Montefiore, H. 1964. Black's New Testament commentaries. Vol 19: *A commentary on the Epistle to the Hebrews*. London: Adam & Charles Black.
- Morris, L. 1971. *The Gospel according to John*. The new international commentary on the New Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Nauck, W. 1960. Zum Aufbau des Hebräerbriefes. In Eltester, W., ed. *Judentum – Urchristentum – Kirche. Festschrift J. Jeremias*. Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft 26. Berlin: Alfred Töpelmann. pp. 199–206.
- Neeley, L.L. 1987. A discourse analysis of Hebrews. *Occasional Papers on Translation and Textology*, 1(3–4):1–146.
- Nel, P. 2004. *Die rol van Psalm 110 in Hebreërs*. Potchefstroom: Noordwes- Universiteit. (Verhandlerling – MA).
- Nyende, P. 2016. Tested for our sake: the temptations of Jesus in the light of Hebrews. *The Expository Times* 127(11): 525–533.
- O'Brien, P.T. 2010. *The letter to the Hebrews*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Peterson, D. 1982. *Hebrews and perfection: an examination of the concept of perfection in the Epistle to the Hebrews*. Society for New Testament Studies.
- Phillips, R.D. 2006 *The Reformed expository commentary: Hebrews*. Phillipsburg, NJ: P&R.
- Pierce, M.N. 2020. *Divine discourse in the Epistle to the Hebrews: recontextualization of spoken quotations of Scripture*. Cambridge: Cambridge University Press. Monograph Series 47. Cambridge, Cambridgeshire: Cambridge University Press.
- Pierce, M.N. 2020. Testing and being tested in the Epistle to the Hebrews. In: Smith, D.L. & Stuckenbruck, eds. *Testing and temptation in Second Temple Jewish and Early Christian Texts*. Reihe: Mohr Siebeck. pp. 8-25
- Pierce, M.N. 2023. Close reading: Hebrews 4:14–16. Hope in the High Priest: Jesus' mercy is in his complete understanding of our pain, not only in his ability to solve it. *Christianity Today International*, 67(7): 35-39.

- Postell, S.D. 2019. A literary, compositional and intertextual analysis of psalm 45. *Bibliotheca Sacra*, 176 (702): 146-163.
- Rahlf, A. 1935. *Septuaginta*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Ralston, J. 2021. Exegetical notes. Without sin: a case for the positive reading of *χωρίς ἁμαρτίας* in Hebrews 4:15. *Presbyterion: Covenant seminary review* 47(1): 134–140, Spring.
- Richard, C.T. 1880. *Synonyms of the New Testament*. London: Macmillan.
- Small, B. C. 2014. *The characterization of Jesus in the Book of Hebrews*. Leiden: Brill.
- Spader, D. 2011. *The humanity of Jesus*. Bloomington: Sonlife.
- Stuart, D. 2009. *Old Testament exegesis: a handbook for students and pastors*. Westminster: John Knox Press.
- Swanson, B. 2001. *A dictionary of Biblical languages: Hebrews, Old Testament*. 2nd ed. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems.
- Swetnam, J. 1974. Form and content in Hebrews 7–13. *Biblica*, 55(3):333–348.
- Thompson, J.W. 2008. *Hebrews*. Paideia. Grand Rapids, MI: Baker Academic.
- Van De Kamp, H.R. 2010. *Commentaar op het Nieuwe Testament. Hebreë: Geloven is volhouden*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Van Der Walt, S.P. 2004. “Ons weet omdat ons glo!”: ’n eksegetiesopenbaringshistoriese studie vanuit Hebreërs 10:38–11:3, toegepas op die problematiek van die verhouding tussen geloof en kennis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Proefskrif – PhD).
- Van Gemeren, W. 1997. *New international dictionary of Old Testament theology & exegesis*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Vanhoye, A. 1989. *Structure and message of the Epistle to the Hebrews*. Translated by J. Swetnam. Subsidia Biblica 12. Rome: Editrice Pontificio Instituto Biblico.
- Vorster, W.S. 1978. *Handleiding by die Nuwe Testament. Die Johannes Evangelie; Hebreërs tot Openbaring: inleiding en teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Westcott, B.F. 1914. *The Epistle to the Hebrews: the Greek text with notes and essays*. Reprint. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Westfall, C.L. 2005. *A discourse analysis of the Letter to the Hebrews: the relationship between form and meaning*. Library of New Testament Studies 297. London: T&T Clark.